- (3) The municipality must notify the Surveyor-General of an approval in terms of subsection (1) and the Surveyor-General must endorse the records of the Surveyor-General's office to reflect the amendment or cancellation of the subdivision.
- (4) An amended subdivision approval contemplated in subsection (1) is valid for the remainder of the period applicable to the initial approval of the subdivision before it was amended, reckoned from the date of approval of the amendment or cancellation in terms of subsection (1).

Exemption of certain subdivisions and consolidations

34. (1) The subdivision or consolidation of land does not require the approval of the municipality in the following cases—
 - (a) the implementation of a court ruling;
 - (b) an expropriation;
 - (c) a minor amendment to the common boundary between two or more land units if the resulting change in area of any of the land units does not exceed 10 per cent;
 - (d) the survey of closed streets or public open spaces in order to consolidate with an abutting land unit;
 - (e) the construction or alteration of a public or proclaimed street;
 - (f) the transfer land units to the municipality or an organ of state in terms of the Deeds Registries Act for municipal or government purposes;
 - (g) the registration of a servitude or lease agreement for—
 - (i) the provision or installation of water pipelines, electricity transmission lines, sewer pipelines, storm water pipes and canals, gas pipelines or oil and petroleum product pipelines by or on behalf of an organ of state or service provider;
 - (ii) the provision or installation of telecommunication lines by or on behalf of a licensed telecommunications operator;
 - (iii) the imposition of height restrictions;
 - (iv) the granting of a right of habitation, private right of way or usufruct; or
 - (v) an existing state- or municipality-owned housing scheme in order to make ownership of individual land units possible.
 - (h) the exclusive utilisation of land for agricultural purposes if the utilisation does not lead to urban expansion.
- (2) Subject to subsection (5), the municipality may, by notice in the *Provincial Gazette*, exempt any other type of subdivision application from the need for approval in terms of this by-law if the exemption does not adversely affect the rights or legitimate expectations of any person.
- (3) Subject to subsection (4), the municipality may, on application, exempt a subdivision from the need for approval in terms of this by-law if exceptional circumstances exist and if the exemption does not adversely affect the rights or legitimate expectations of any person.
- (4) The municipality must endorse on the plan of subdivision that a subdivision is exempt from the need for approval in terms of this by-law.

- (2) Wanneer die munisipaliteit 'n aansoek ingevolge subartikel (1) goedkeur, moet enige openbare plek wat uit hoofde van die goedkeuring nie meer benodig word nie, ingevolge artikel 36 gesluit word.
- (3) Die munisipaliteit moet die Landmeter-generaal van 'n goedkeuring ingevolge subartikel (1) in kennis stel en die Landmeter-generaal moet die rekords van die Kantoor van die Landmeter-generaal endosseer om die wysiging of kansellering van die onderverdeling weer te gee.
- (4) 'n Gewysigde onderverdelingsgoedkeuring beoog in subartikel (1) is geldig vir die oorblywende gedeelte van die tydperk wat op die aanvanklike goedkeuring van die onderverdeling van toepassing was voordat dit gewysig is, gereken vanaf die datum van goedkeuring van die wysiging of kansellering ingevolge subartikel (1).

Vrystelling van sekere onderverdelings en konsoliderings

34. (1) Die onderverdeling of konsolidering van grond benodig in die volgende gevalle nie die goedkeuring van die munisipaliteit nie—
 - (a) die implementering van 'n hofbevel;
 - (b) 'n onteiening;
 - (c) 'n geringe wysiging van die gemeenskaplike grens tussen twee of meer grondeenhede indien die gevolglike verandering in oppervlakte van enige van die grondeenhede nie 10 persent oorskry nie;
 - (d) die konsolidering van 'n geslote openbare plek met 'n aangrensende erf;
 - (e) die bou of verandering van 'n openbare of geprokla-meerde straat;
 - (f) die oordrag van grondeenhede na die munisipaliteit of 'n staatsorgaan ingevolge die Registrasie van Aktes Wet vir munisipale of staatsdoeleindes;
 - (g) die registrasie van 'n serwituut of huurooreenkoms vir—
 - (i) die verskaffing of installering van waterpyple, elektrisiteitstoevoerlyne, rioolpyple, stormwaterpyple en -kanale, gaspyple of olie- en petroleumprodukpyple deur of namens 'n staatsorgaan of diensverskaffer;
 - (ii) die verskaffing of installering van telekommunikasiepyple deur of namens 'n gelisensieerde telekommunikasie-operateur;
 - (iii) die oplegging van hoogtebeperkings; of
 - (iv) die verlening van 'n reg van bewoning, privaat reg van weg of vruggebruik; of
 - (v) 'n bestaande staats- of munisipale behuisingsskema ten einde eienaarskap van individuele grondeenhede moontlik te maak;
 - (h) die uitsluitlike aanwending van grond vir landbou-doeleindes indien die aanwending nie tot stedelike uitbreiding aanleiding gee nie. Stedelike uitbreiding in hierdie subparagraaf beteken die fisies of ruimtelike uitbreiding van die bestaande stedelike randgebied van die munisipaliteit.
- (2) Onderhewig aan subartikel (5), mag die munisipaliteit, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, enige ander tipe onderverdeling vrystel van goedkeuring ingevolge hierdie verordening indien die vrystelling nie die regte of legitieme verwagting van 'n ander persoon raak nie.
- (3) Onderhewig aan subartikel (4), mag die munisipaliteit, op aansoek, 'n onderverdeling vrystel van goedkeuring ingevolge hierdie verordening waar buitengewone omstandighede bestaan en die vrystelling nie die regte of legitieme verwagting van 'n ander persoon raak nie.
- (4) Die munisipaliteit moet die vrystelling van goedkeuring op die onderverdelingsplan aandui.

- (5) The exemptions in subsection (1) and the power to exempt in subsection (2) do not apply—
 - (a) if a rezoning or any other land use approval in terms of this by-law is required;
 - (b) when engineering services must be moved or provided; or
 - (c) if the subdivision is required to create individual land units for new housing.
- (6) An owner of land or his or her agent must obtain a certificate from the municipality that certifies in writing that the subdivision or consolidation is exempted from the application of section 25, and sections 30 to 33 in the case of a subdivision, or sections 25, 41 and 42 in the case of a consolidation.
- (7) The municipality must indicate on the subdivision plan, or on the diagram in respect of the consolidation, that the subdivision or consolidation is exempted from the application of the sections referred to in subsection (2).

Ownership of public places and land for engineering services and social facilities

- 35.** (1) The ownership of land that is earmarked for a public place as shown on an approved subdivision plan vest in the municipality upon confirmation of the subdivision or a part thereof.
- (2) The municipality may in terms of conditions imposed in terms of section 76 determine that land designated for the provision of municipal service infrastructure and amenities on an approved subdivision plan be transferred to the municipality upon confirmation of the subdivision or a part thereof.

Closure of public places

- 36.** (1) The municipality may, on own initiative or on application, permanently close a public place or any part thereof in accordance with Chapter IV.
- (2) An applicant who requires the closure of a public place, whether permanently or temporarily, must apply in terms of section 25(2) to the municipality.
- (3) If any person lodges a claim against the municipality for loss or damage that he or she has allegedly suffered due to wrongdoing on the part of the municipality when it permanently closed a public place, the authorised employee must—
- (a) require proof of negligence or any other wrongdoing on the part of the municipality which resulted in the loss or damage; and
 - (b) before any claim is paid or settled, obtain a full technical investigation report in respect of the circumstances that led to the closure of the public place to determine whether or not there has been negligence on the part of the municipality.
- (4) The municipality may pay a claim if—
- (a) the circumstances of the loss or damage reveal that the municipality acted wrongfully;
 - (b) the claimant has proved his or her loss or damage;
 - (c) the claimant has provided proof of a fair and reasonable quantum;
 - (d) no claim has been paid by personal insurance covering the same loss; and
 - (e) any relevant information as requested by the authorised employee has been received.
- (5) The ownership of the land comprising any public place, or a part thereof, that is permanently closed in terms of this section continues to vest in the municipality unless the municipality determines otherwise.

- (5) Die vrystellings in subartikel (1) en die bevoegdheid om vrystelling te verleen ingevolge subartikel (2) geld nie—
 - (a) indien hersonering of enige ander grondgebruik goedkeuring ingevolge hierdie verordening nodig word nie;
 - (b) indien ingenieursdienste verskuif of voorsien moet word nie; of
 - (c) indien die onderverdeling nodig word om individuele grondeenhede vir nuwe behuising te skep nie.
- (6) 'n Eienaar van grond of sy of haar agent moet 'n sertifikaat van die munisipaliteit bekom wat skriftelik sertifiseer dat die onderverdeling of konsolidering vrygestel is van die toepassing van artikel 25, en artikels 30 tot 33 in die geval van 'n onderverdeling of artikels 25, 41 en 42 in die geval van 'n konsolidering.
- (7) Die munisipaliteit moet op die onderverdelingsplan, of op die diagram ten opsigte van die konsolidering, aandui dat die onderverdeling of konsolidering van die toepassing van die artikels bedoel in subartikel (2) vrygestel is.

Eienaarskap van openbare plekke en grond vir ingenieursdienste en maatskaplike fasiliteite

- 35.** (1) Die eienaarskap van grond wat vir 'n openbare plek bestem is soos aangetoon op 'n goedgekeurde onderverdelingsplan vestig in die munisipaliteit by bevestiging van die onderverdeling of 'n gedeelte daarvan.
- (2) Die munisipaliteit kan ingevolge voorwaardes opgelê ingevolge artikel 76 bepaal dat grond wat op 'n goedgekeurde onderverdelingsplan aangewys is vir die verskaffing van munisipale dienste-infrastruktuur en geriewe oorgedra word na die munisipaliteit by bevestiging van die onderverdeling of 'n gedeelte daarvan.

Sluiting van openbare plekke

- 36.** (1) Die munisipaliteit kan, uit eie beweging of by aansoek, 'n openbare plek of enige gedeelte daarvan ooreenkomstig Hoofstuk IV permanent sluit.
- (2) 'n Aansoeker wat die sluiting van 'n openbare plek nodig, hetsy permanent of tydelik, moet ingevolge artikel 25(2) by die munisipaliteit aansoek doen.
- (3) Indien 'n persoon 'n eis teen die munisipaliteit instel vir verlies of skade wat hy of sy na bewering gely het weens die wanoptrede deur die munisipaliteit toe die munisipaliteit 'n openbare plek permanent gesluit het, moet die gemagtigde werknemer—
- (a) bewys vereis van nalatigheid of enige ander wanoptrede deur die munisipaliteit wat tot die verlies of skade gelei het; en
 - (b) voordat enige eis betaal of geskik word, 'n volledige tegniese ondersoekverslag bekom ten opsigte van die omstandighede wat tot die sluiting van die openbare plek gelei het, ten einde vas te stel of die munisipaliteit nalatig was al dan nie.
- (4) Die munisipaliteit kan 'n eis betaal indien—
- (a) die omstandighede van die verlies of skade wys dat die munisipaliteit onregmatig gehandel het;
 - (b) die eiser sy of haar verlies of skade bewys het;
 - (c) die eiser bewys van 'n billike en redelike omvang gelewer het;
 - (d) geen eis deur persoonlike versekering betaal is wat dieselfde verlies dek nie; en
 - (e) enige tersaaklike inligting soos versoek deur die gemagtigde werknemer, ontvang is.
- (5) Die eienaarskap van die grond bevat in enige openbare plek, of 'n gedeelte daarvan, wat permanent ingevolge hierdie artikel gesluit is, bly gevestig in die munisipaliteit tensy die munisipaliteit anders bepaal.

- (6) The municipal manager may, without complying with Chapter IV, temporarily close a public place—
- (a) for the purpose of, or pending, the construction, reconstruction or maintenance of the public place;
 - (b) for the purpose of, or pending, the construction, extension, maintenance or demolition of any building, structure, works or service alongside, on, across, through, over or under the public place;
 - (c) if the public place is in a state that is dangerous to the public;
 - (d) by reason of an emergency or public event that requires special measures for the control of traffic or crowds; or
 - (e) for any other reason that renders the temporary closing of the public place necessary or desirable.
- (7) The municipality must notify the Surveyor-General of an approval in terms of subsection (1) and the Surveyor-General must endorse the records of the Surveyor-General's office to reflect the closure of the public place.

Services arising from subdivision

37. Subsequent to the approval of an application for subdivision in terms of this by-law, the owner of any land unit originating from the subdivision must—
- (a) allow without compensation that the following be conveyed across his or her land unit in respect of other land units originating from the subdivision—
 - (i) gas mains;
 - (ii) electricity cables;
 - (iii) telephone cables;
 - (iv) television cables;
 - (v) other electronic infrastructure;
 - (vi) main and other water pipes;
 - (vii) foul sewers;
 - (viii) storm-water pipes; and
 - (ix) ditches and channels;
 - (b) allow the following on his or her land unit if considered necessary and in the manner and position as may be reasonably required by the municipality—
 - (i) surface installations such as mini-substations;
 - (ii) meter kiosks; and
 - (iii) service pillars;
 - (c) allow access to the land unit at any reasonable time for the purpose of constructing, altering, removing or inspecting any works referred to in paragraph (a) or (b); and
 - (d) receive material or permit excavation on the land unit as may be required to allow use of the full width of an abutting street and to provide a safe and proper slope to its bank where necessitated by differences between the level of the street as finally constructed and the level of the land unit unless he or she elects to build retaining walls to the satisfaction of and within a period to be determined by the municipality.

Certification by municipality

38. (1) A person may apply to the Registrar of Deeds to register the transfer of a land unit in the instances referred to in subsection (3)(a) to (c), only if the municipality has issued a certificate in terms of this section.
- (2) The Registrar of Deeds may register the transfer of a land unit in the instances referred to in subsection (3)(a) to (c) only if the municipality has issued a certificate in terms of this section.

- (6) Die munisipale bestuurder kan, sonder voldoening aan Hoofstuk IV, 'n openbare plek tydelik sluit—
- (a) vir die doel van, of hangende, die bou, herbou of instandhouding van die openbare plek;
 - (b) vir die doel van, of hangende, die bou, uitbreiding, instandhouding of sloping van enige gebou, struktuur, werke of diens langs, op, oor, deur, bo-oor of onder die openbare plek;
 - (c) indien die openbare plek in 'n toestand is wat vir die publiek 'n gevaar inhou;
 - (d) omrede 'n noodsituasie of openbare geleentheid wat spesiale maatreëls vir die beheer van verkeer of skares vereis; of
 - (e) om enige ander rede wat die tydelike sluiting van die openbare plek nodig of wenslik maak.
- (7) Die munisipaliteit moet die Landmeter-generaal van 'n goedkeuring ingevolge subartikel (1) in kennis stel en die Landmeter-generaal moet die rekords van die Kantoor van die Landmeter-generaal endosseer om die sluiting van die openbare plek weer te gee.

Dienste wat uit onderverdeling voortspruit

37. Na die goedkeuring van 'n aansoek om onderverdeling ingevolge hierdie Verordening moet die eienaar van enige grondeenheid wat uit die onderverdeling voortspruit—
- (a) toelaat dat die volgende ten opsigte van ander grondeenhede wat uit die onderverdeling voortspruit sonder vergoeding oor sy of haar grondeenheid vervoer word—
 - (i) hoofgasleidings;
 - (ii) elektrisiteitskabels;
 - (iii) telefoonkabels;
 - (iv) televisiekabels;
 - (v) ander elektroniese infrastruktuur;
 - (vi) hoof- en ander waterpype;
 - (vii) vuilriole;
 - (viii) stormwaterpype; en
 - (ix) vore en kanale;
 - (b) die volgende op sy of haar grondeenheid toelaat indien nodig geag en op die wyse en posisie soos redelikerwys deur die munisipaliteit vereis kan word—
 - (i) oppervlak-installerings soos mini-substasies;
 - (ii) meterskakelkaste; en
 - (iii) dienspilare;
 - (c) te eniger redelike tyd toegang tot die grondeenheid toelaat vir die doel om enige werke bedoel in paragraaf (1) of (2) te bou, verbou, verwyder of te ondersoek; en
 - (d) materiaal ontvang of tot uitgrawings op die grondeenheid instem soos nodig kan wees om gebruik van die volle breedte van 'n aangrensende straat toe te laat en om die straatwal van 'n veilige en behoorlike helling te voorsien waar genoodsaak weens verskille tussen die vlak van die straat soos aan die uiteinde gebou en die vlak van die grondeenheid tensy hy of sy kies om steunmure te bou tot die bevrediging van en binne 'n tydperk bepaal deur die munisipaliteit.

Sertifisering deur munisipaliteit

38. (1) 'n Persoon kan by die Registrateur van Aktes aansoek doen om die registrasie van 'n grondeenheid in die gevalle bedoel in subartikel (3)(a) tot (c) slegs indien die munisipaliteit 'n sertifikaat ingevolge hierdie artikel uitgereik het.
- (2) Die Registrateur van Aktes kan die oordrag van 'n grondeenheid in die gevalle bedoel in subartikel (3)(a) tot (c) registreer slegs indien die munisipaliteit 'n sertifikaat ingevolge hierdie artikel uitgereik het.

- (3) The municipality must issue a certificate to transfer a land unit contemplated in subsections (1) and (2) if the owner provides the municipality with the following—
- (a) where an owners' association has been established in respect of that land unit, a conveyancer's certificate confirming that money due by the transferor of the land unit to that owners' association has been paid, or that provision has been made to the satisfaction of the owners' association for the payment thereof;
 - (b) proof of payment of any existing contravention penalty due by the transferor of the land unit or proof of compliance with an instruction in a compliance notice issued to the transferor in terms of Chapter IX;
 - (c) in the case of the first transfer of a land unit arising from a subdivision, proof that—
 - (i) all common property arising from the subdivision has been transferred to the owners' association as contemplated in section 39(3)(e) or will be transferred to the owners' association simultaneously with the registration of the transfer of that land unit;
 - (ii) land needed for public purposes or other municipal infrastructure as contemplated in terms of a condition imposed under section 76 has been transferred to the municipality or will be transferred to the municipality simultaneously with the registration of the transfer of that land unit;
 - (iii) the engineering services and amenities that must be provided in connection with the subdivision are available; and
 - (iv) a certificate contemplated in section 30(6) has been issued by the municipality.

Owners' associations

39. (1) The municipality may, when approving an application for a subdivision of land, impose conditions relating to the compulsory establishment of an owners' association by the applicant for an area determined in the conditions.
- (2) An owners' association that comes into being by virtue of subsection (1) is a juristic person and must have a constitution.
- (3) The constitution of an owners' association must be approved by the municipality before the transfer of the first land unit and must make provision for—
- (a) the owners' association to formally represent the collective mutual interests of the area, suburb or neighbourhood set out in the constitution in accordance with the conditions of approval;
 - (b) control over and maintenance of buildings, services or amenities arising from the subdivision;
 - (c) the regulation of at least one annual meeting with its members;
 - (d) control over the design guidelines of the buildings and erven arising from the subdivision;
 - (e) the ownership by the owners' association of all common property arising from the subdivision, including—
 - (i) private open spaces;
 - (ii) private roads; and
 - (iii) land required for services provided by the owners' association;
 - (f) enforcement of conditions of approval or management plans;
 - (g) procedures to obtain the consent of the members of the owners' association to transfer an erf in the event that the owners' association ceases to function; and

- (3) Die munisipaliteit moet 'n sertifikaat uitreik vir die oordrag van 'n grondeenheid beoog in subartikels (1) en (2) indien die eienaar die volgende aan die munisipaliteit verskaf—
- (a) waar 'n eienaarsvereniging ten opsigte van daardie grondeenheid ingestel is, 'n transportbesorgersertifikaat wat bevestig dat geld verskuldig deur die transportgewer van die grondeenheid aan daardie eienaarsvereniging betaal is of dat voorsiening tot die bevrediging van die eienaarsvereniging gemaak is vir die betaling daarvan;
 - (b) bewys van betaling van enige bestaande strydigheds-heffing verskuldig deur die transportgewer van die grondeenheid of bewys van voldoening aan 'n opdrag in 'n voldoeningskennisgewing wat ingevolge Hoofstuk IX aan die transportgewer uitgereik is;
 - (c) in die geval van die eerste oordrag van 'n grondeenheid wat uit 'n onderverdeling voortspruit, bewys dat—
 - (i) alle gemeenskaplike eiendom wat uit die onderverdeling voortspruit na die eienaarsvereniging oorgedra is soos beoog in artikel 39(3)(e) of gelyktydig met die registrasie van die oordrag van daardie grondeenheid na die eienaarsvereniging oorgedra sal word;
 - (ii) grond wat vir openbare doeleindes of ander munisipale infrastruktuur benodig word soos beoog ingevolge 'n voorwaarde opgelê kragtens artikel 76 oorgedra is na die munisipaliteit of gelyktydig by die registrasie van die oordrag van daardie grondeenheid na die munisipaliteit oorgedra sal word;
 - (iii) die ingenieursdienste en geriewe wat in verband met die onderverdeling verskaf moet word beskikbaar is; en
 - (iv) 'n sertifikaat beoog in artikel 30(6) deur die munisipaliteit uitgereik is.

Eienaarsverenigings

39. (1) Die munisipaliteit kan, wanneer hy 'n aansoek om 'n onderverdeling van grond goedkeur, voorwaardes op lê met betrekking tot die verpligte instelling deur die aanseker van 'n eienaarsvereniging vir 'n gebied bepaal in die voorwaardes.
- (2) 'n Eienaarsvereniging wat uit hoofde van subartikel (1) tot stand kom, is 'n regpersoon en moet 'n grondwet hê.
- (3) Die grondwet van 'n eienaarsvereniging moet voor die oordrag van die eerste grondeenheid goedgekeur word deur die munisipaliteit en moet voorsiening maak vir—
- (a) die eienaarsvereniging om die gemeenskaplike wedyrsydse belange van die gebied, voorstad of buurt uiteengesit in die grondwet ooreenkomstig die voorwaardes van goedkeuring formeel te verteenwoordig;
 - (b) beheer oor en instandhouding van geboue, dienste of geriewe wat uit die onderverdeling voortspruit;
 - (c) die reëling van minstens een jaarvergadering met sy lede;
 - (d) beheer oor die ontwerpstriglyne van die geboue en erwe wat uit die onderverdeling voortspruit;
 - (e) die eienaarskap deur die eienaarsvereniging van alle gemeenskaplike eiendom wat uit die onderverdeling voortspruit, met inbegrip van—
 - (i) privaat oop ruimtes;
 - (ii) privaat paaie; en
 - (iii) grond benodig vir dienste gelewer deur die eienaarsvereniging;
 - (f) afdwinging van voorwaardes van goedkeuring of bestuursplanne;
 - (g) prosedures om die instemming van lede van die eienaarsvereniging te bekom om 'n erf oor te dra in die geval waar die eienaarsvereniging ophou funksioneer; en

- (h) the implementation and enforcement by the owners' association of the provisions of the constitution.
- (4) The constitution of an owners' association may have other objectives as set by the association but may not contain provisions that are in conflict with any law.
- (5) The constitution of the owners' association takes effect on the registration of the first land unit.
- (6) An owners' association may amend its constitution when necessary, but if an amendment affects the municipality or a provision referred to in subsection (3), the amendment must also be approved by the municipality.
- (7) An owners' association that comes into being by virtue of subsection (1)—
- (a) has as its members all the owners of the land units arising from the subdivision and their successors in title, who are jointly liable for expenditure incurred in connection with the association; and
- (b) is upon registration of the first land unit automatically established.
- (8) The design guidelines contemplated in subsection (3)(d) may introduce more restrictive development rules than the rules provided for in the zoning scheme.

Owners' associations that cease to function

40. (1) If an owners' association ceases to function or carry out its obligations, the municipality or any affected person, including a member of the association, may apply—
- (a) in terms of section 25(2)(q) to disestablish the owners' association subject to—
- (i) the amendment of the conditions of approval to remove the obligation to establish an owners' association; and
- (ii) the amendment of title conditions pertaining to the owners' association, to remove any obligation in respect of an owners' association;
- (b) in terms of section 25(2)(r) for appropriate action by the municipality to rectify a failure of the owners' association to meet any of its obligations in respect of the control over or maintenance of services contemplated in subsection 39(3)(b); or
- (c) to the High Court to appoint an administrator who must exercise the powers of the owners' association to the exclusion of the owners' association.
- (2) In considering an application contemplated in subsection (1)(a)(i), the municipality must have regard to—
- (a) the purpose of the owners' association;
- (b) who will take over the control over and maintenance of services for which the owners' association is responsible; and
- (c) the impact of the disestablishment of the owners' association on the members of the owners' association and the community concerned.
- (3) The municipality or the affected person may recover from the members of the owners' association the amount of any expenditure incurred by the municipality or that affected person, as the case may be, in respect of any action taken in terms of subsection (1).
- (4) The amount of any expenditure so recovered is, for the purposes of section 39(7)(a), considered to be expenditure incurred in connection with the owners' association.

Consolidation of land units

41. (1) No person may consolidate land without the approval of the municipality in terms of section 25(2) unless the consolidation is exempted in terms of section 34.

- (h) die implementering en afdwinging deur die eienaarsvereniging van die bepalings van die grondwet.
- (4) Die grondwet van 'n eienaarsvereniging kan ander doelwitte hê soos gestel deur die vereniging maar mag nie bepalings bevat wat strydig met enige wet is nie.
- (5) Die grondwet van die eienaarsvereniging tree in werking by registrasie van die eerste grondeenheid.
- (6) 'n Eienaarsvereniging kan wanneer nodig sy grondwet wysig maar indien 'n wysiging die munisipaliteit of 'n bepaling bedoel in subartikel (3) raak, moet die wysiging ook deur die munisipaliteit goedgekeur word.
- (7) 'n Eienaarsvereniging wat tot stand kom uit hoofde van subartikel (1)—
- (a) het as sy lede al die eienaars van die grondeenhede wat uit die onderverdeling voortspruit en hul regsopvolgers, wat gesamentlik aanspreeklik is vir uitgawes aangegaan in verband met die vereniging; en
- (b) is by registrasie van die eerste grondeenheid outomaties ingestel.
- (8) Die ontwerpstriglyne beoog in subartikel (3)(d) kan ontwikkelingsreëls instel wat meer beperkend is as die reëls waarvoor in die soneringskema voorsiening gemaak word.

Eienaarsverenigings wat ophou funksioneer

40. (1) Indien 'n eienaarsvereniging ophou om te funksioneer of om sy verpligtinge na te kom, kan die munisipaliteit of enige geraakte persoon, met inbegrip van 'n lid van die vereniging, aansoek doen—
- (a) ingevolge artikel 25(2)(q) om die eienaarsvereniging te ontbind behoudens—
- (i) die wysiging van die voorwaardes van goedkeuring om die verpligting om 'n eienaarsvereniging in te stel, op te hef; en
- (ii) die wysiging van titelvoorwaardes rakende die eienaarsvereniging om enige verpligting ten opsigte van 'n eienaarsvereniging op te hef;
- (b) om toepaslike optrede deur die munisipaliteit ingevolge artikel 25(2)(r) om 'n versuim van die eienaarsvereniging, om enige van sy verpligtinge na te kom ten opsigte van die beheer oor of instandhouding van dienste beoog in artikel 39(3)(b), reg te stel; of
- (c) by die Hooggeregshof om 'n administrateur aan te stel wat die bevoegdheid van die eienaarsvereniging met uitsluiting van die eienaarsvereniging moet uitvoer.
- (2) By oorweging van 'n aansoek beoog in subartikel (1)(a)(i) moet die munisipaliteit die volgende in ag neem—
- (a) die doel van die eienaarsvereniging;
- (b) wie beheer oor, en instandhouding van, dienste waarvoor die eienaarsvereniging verantwoordelik is, sal oorneem; en
- (c) die impak van die ontbinding van die eienaarsvereniging op die lede van die eienaarsvereniging en die betrokke gemeenskap.
- (3) Die munisipaliteit of die geraakte persoon kan van die lede van die eienaarsvereniging die bedrag van enige uitgawes wat deur die munisipaliteit of die geraakte persoon aangegaan is, na gelang van die geval, ten opsigte van enige handeling ingevolge subartikel (1), verhaal.
- (4) Die bedrag van enige uitgawe aldus verhaal, word vir die doeleindes van artikel 39(7)(a) geag uitgawes te wees wat in verband met die eienaarsvereniging aangegaan is.

Konsolidering van grondeenhede

41. (1) Geen persoon mag grond konsolideer sonder die goedkeuring van die munisipaliteit ingevolge artikel 25(2) nie, tensy die konsolidering ingevolge artikel 34 vrygestel is.

- (2) If the municipality approves a consolidation, the applicant must submit a diagram to the Surveyor-General for approval, including proof to the satisfaction of the Surveyor-General of—
 - (a) the municipality's decision to approve the consolidation;
 - (b) the conditions of approval imposed in terms of section 76; and
 - (c) the approved consolidation plan.
- (3) If the municipality approves a consolidation, the municipality must—
 - (a) amend the zoning map and where applicable the register, accordingly; and
 - (b) issue a certificate to the effect that all conditions of consolidation have been complied with.

Lapsing of consolidation

42. (1) An approved consolidation of land units lapses if the consolidation is not registered in terms of the Deeds Registries Act within the applicable period from the date that the approval comes into operation.
- (2) If an approval of a consolidation lapses in terms of subsection (1)—
 - (a) the municipality must—
 - (i) amend the zoning map, and where applicable the register, accordingly; and
 - (ii) notify the Surveyor-General accordingly; and
 - (b) the Surveyor-General must endorse the records of the Surveyor-General's office to reflect the notification that the consolidation has lapsed.

Removal, suspension or amendment of restrictive conditions

43. (1) The municipality may, on its own initiative or on application in terms of section 25(2), remove, suspend or amend a restrictive condition.
- (2) The municipality may remove, suspend or amend a restrictive condition—
 - (a) permanently;
 - (b) for a period specified in the approval; or
 - (c) subject to conditions of approval.
- (3) In addition to the procedures set out in Chapter IV, the owner must—
 - (a) submit a certified copy of the relevant title deed to the municipality; and
 - (b) where applicable, submit the bondholder's consent to the application.
- (4) The municipality must cause a notice of an application in terms of subsection (1) to be served on—
 - (a) all organs of state that may have an interest in the restrictive condition;
 - (b) a person whose rights or legitimate expectations will be affected by the approval of the application; and
 - (c) all persons mentioned in the title deed for whose benefit the restrictive condition applies.
- (5) When the municipality considers the removal, suspension or amendment of a restrictive condition, the municipality must have regard to the following—
 - (a) the financial or other value of the rights in terms of the restrictive condition enjoyed by a person or entity, irrespective of whether these rights are personal or vest in the person as the owner of a dominant tenement;

- (2) Indien die munisipaliteit 'n konsolidering goedkeur, moet die aansoeker 'n diagram by die Landmeter-generaal indien vir goedkeuring, met inbegrip van bewys tot die bevrediging van die Landmeter-generaal van—
 - (a) die munisipaliteit se besluit om die konsolidering goed te keur;
 - (b) die voorwaardes van goedkeuring opgelê ingevolge artikel 76; en
 - (c) die goedgekeurde konsolideringsplan.
- (3) Indien die munisipaliteit 'n konsolidering goedkeur, moet die munisipaliteit—
 - (a) die soneringskaart en, waar van toepassing die register, dienoreenkomstig wysig; en
 - (b) 'n sertifikaat uitreik dat daar aan alle voorwaardes van die konsolidasie voldoen is.

Verval van konsolidering

42. (1) 'n Goedgekeurde konsolidering van grondeenhede verval indien die konsolidering nie binne die toepaslike tydperk vanaf die datum waarop die goedkeuring in werking tree ingevolge die Registrasie van Aktes Wet geregistreer is nie.
- (2) Indien 'n goedkeuring van 'n konsolidering ingevolge subartikel (1) verval—
 - (a) moet die munisipaliteit—
 - (i) die soneringskaart, en waar van toepassing die register, dienoreenkomstig wysig; en
 - (ii) die Landmeter-generaal dienoreenkomstig in kennis stel; en
 - (b) moet die Landmeter-generaal die rekords van die Kantoor van die Landmeter-generaal endosseer om die kennisgewing dat die konsolidering verval het, weer te gee.

Opheffing, opskorting of wysiging van beperkende voorwaardes

43. (1) Die munisipaliteit kan, uit eie beweging of by aansoek ingevolge artikel 25(2), 'n beperkende voorwaarde ophef, opskort of wysig.
- (2) Die munisipaliteit kan 'n beperkende voorwaarde soos volg ophef, opskort of wysig—
 - (a) permanent;
 - (b) vir 'n tydperk vermeld in die goedkeuring; of
 - (c) behoudens voorwaardes van goedkeuring.
- (3) Benewens die prosedures uiteengesit in Hoofstuk IV moet die eienaar—
 - (a) 'n gesertifiseerde afskrif van die tersaaklike titelakte by die munisipaliteit indien; en
 - (b) waar van toepassing, die verbandhouer se toestemming vir die aansoek indien.
- (4) Die munisipaliteit moet 'n kennisgewing van 'n aansoek ingevolge subartikel (1) laat beteken op—
 - (a) alle staatsorgane wat moontlik 'n belang by die beperkende voorwaarde het;
 - (b) 'n persoon wie se regte of regmatige verwagtinge geraak sal word deur die goedkeuring van die aansoek; en
 - (c) alle persone vermeld in die titelakte tot wie se voordeel die beperkende voorwaarde van toepassing is.
- (5) Wanneer die munisipaliteit die opheffing, opskorting of wysiging van 'n beperkende voorwaarde oorweeg, moet die munisipaliteit die volgende in ag neem—
 - (a) die finansiële of ander waarde van die regte wat 'n persoon of entiteit ingevolge die beperkende voorwaarde geniet, ongeag of dié regte persoonlik is of in die persoon as die eienaar van 'n heersende erf vestig;

- (b) the personal benefits which accrue to the holder of rights in terms of the restrictive condition;
 - (c) the personal benefits which will accrue to the person seeking the removal, suspension or amendment of the restrictive condition if it is amended, suspended or removed;
 - (d) the social benefit of the restrictive condition remaining in place in its existing form;
 - (e) the social benefit of the removal, suspension or amendment of the restrictive condition; and
 - (f) whether the removal, suspension or amendment of the restrictive condition will completely remove all rights enjoyed by the beneficiary or only some of those rights.
- (6) An approval to remove, suspend or amend a restrictive condition comes into operation—
- (a) if no appeal has been lodged, after the expiry of the period contemplated in section 89(2) within which an appeal must be lodged; or
 - (b) if an appeal has been lodged, when the Appeal Authority has decided on the appeal.
- (7) The municipality must cause a notice of the decision to amend, suspend or remove a restrictive condition to be published in the *Provincial Gazette* after the decision comes into operation as contemplated in subsection (6) and notify the Registrar of the decision.

Endorsements in connection with removal, suspension or amendment of restrictive conditions

44. (1) An applicant at whose instance a restrictive condition is removed, suspended or amended must, after the publication of a notice contemplated in section 43(7) in the *Provincial Gazette*, apply to the Registrar of Deeds to make the appropriate entries in, and endorsements on, any relevant register or title deed to reflect the removal suspension or amendment of the restrictive condition.
- (2) The Registrar of Deeds may require proof of the removal, suspension or amendment of a restrictive condition from the applicant including the submission of the following to the Registrar of Deeds—
- (a) a copy of the approval;
 - (b) the original title deed; and
 - (c) a copy of the notice contemplated in section 43(7) as published in the *Provincial Gazette*.

CHAPTER V APPLICATION PROCEDURES

Manner and date of notification

45. (1) Any serving of a notice or notification or acknowledgement given in terms of this by-law must be in writing and may be issued to a person—
- (a) by delivering it by hand to the person;
 - (b) by sending it by registered mail—
 - (i) to that person's business or residential address; or
 - (ii) in the case of a juristic person, to its registered address or principal place of business;
 - (c) by means of data messages contemplated in the Electronic Communications and Transactions Act, 2002 (Act 25 of 2002), by sending a copy of the notice to the person, if the person has an email address or other electronic address; or

- (b) die persoonlike voordele wat aan die houer van regte ingevolge die beperkende voorwaarde toeval;
 - (c) die persoonlike voordele wat sal toeval aan die persoon wat die opheffing, opskorting of wysiging van die beperkende voorwaarde verlang indien dit gewysig, opgeskort of opgehef word;
 - (d) die maatskaplike voordeel indien die beperkende voorwaarde in sy bestaande vorm in plek bly;
 - (e) die maatskaplike voordeel van die opheffing, opskorting of wysiging van die beperkende voorwaarde; en
 - (f) of die opheffing, opskorting of wysiging van die beperkende voorwaarde alle regte wat die begunstigde geniet volkome sal wegneem of slegs sommige van daardie regte.
- (6) 'n Goedkeuring om 'n beperkende voorwaarde op te hef, op te skort of te wysig, tree in werking—
- (a) indien geen appèl aangeteken is nie, na die verstryking van die tydperk beoog in artikel 89(2) waarbinne 'n appèl aangeteken moet word; of
 - (b) indien appèl aangeteken is, wanneer die Appèlgesag oor die appèl besluit het.
- (7) Die munisipaliteit moet nadat die besluit in werking tree soos beoog in subartikel (6) 'n kennisgewing van die besluit om 'n beperkende voorwaarde op te hef, op te skort of te wysig in die *Provinsiale Koerant* laat publiseer en die Registrateur van die besluit in kennis stel.

Endossemente in verband met die opheffing, opskorting of wysiging van beperkende voorwaardes

44. (1) 'n Aansoeker op wie se versoek 'n beperkende voorwaarde opgehef, opgeskort of gewysig word, moet na die publiserings van 'n kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* beoog in artikel 43(7) by die Registrateur van Aktes aansoek doen om die toepaslike inskrywings in en endossemente op, enige tersaaklike register of titelakte te maak ten einde die opheffing, opskorting of wysiging van die beperkende voorwaarde weer te gee.
- (2) Die Registrateur van Aktes kan bewys van die opheffing, opskorting of wysiging van 'n beperkende voorwaarde van die aansoeker vereis, met inbegrip van die indiening by die Registrateur van Aktes van die volgende—
- (a) 'n afskrif van die goedkeuring;
 - (b) die oorspronklike titelakte; en
 - (c) 'n afskrif van die kennisgewing beoog in artikel 43(7) soos gepubliseer in die *Provinsiale Koerant*.

HOOFTUK V AANSOEKPROSEDURES

Wyse en datum van kennisgewing

45. (1) Enige betekening van 'n kennisgewing of kennisgewing van erkenning gegee ingevolge hierdie verordening moet op skrif wees en kan aan 'n persoon uitgereik word—
- (a) deur dit per hand aan die persoon af te lewer;
 - (b) deur dit per geregistreerde pos te stuur—
 - (i) na daardie persoon se besigheids- of woonadres; of
 - (ii) in die geval van 'n regs persoon, na sy geregistreerde adres of vernaamste besigheidsplek;
 - (c) deur middel van databoodskappe beoog in die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, 2002 (Wet 25 van 2002), deur 'n afskrif van die kennisgewing aan die persoon te stuur, indien die persoon 'n e-posadres of ander elektroniese adres het; of

- (d) where an address is unknown despite reasonable enquiry, by publishing it once in the *Provincial Gazette* and once in a local newspaper circulating in the area of that person's last known residential or business address.
- (2) The date of notification in respect of a notice served or given to a person in terms of this by-law—
 - (a) when it was served by certified or registered post, is the date of registration of the notice; and
 - (b) when it was delivered to that person personally, is the date of delivery to that person;
 - (c) when it was left at that person's place of residence, work or business in the Republic with a person apparently over the age of sixteen years, is the date on which it was left with that person;
 - (d) when it was displayed in a conspicuous place on the property or premises to which it pertains, is the date that it is posted on that place; or
 - (e) when it was e-mailed or sent to an electronic address, is the date that it was received by that person as contemplated in the Electronic Communications and Transactions Act, 2002.
- (3) The municipality may determine specific methods of service and notification in respect of applications and appeals including—
 - (a) conformation specifications relating to matters such as size, scale, colour, hard copy, number of copies, electronic format and file format;
 - (b) the manner of submission and communication with the municipality;
 - (c) the method by which a person may be notified;
 - (d) other information requirements; and
 - (e) other procedural requirements.

Procedures for applications

- 46. (1) An applicant must comply with the procedures in this Chapter and, where applicable, the specific procedures provided for in Chapter IV of this by-law.
- (2) An applicant may apply simultaneously for different types of applications for land development in terms of section 25(2).

Pre-application consultation

- 47. (1) The municipality may require an owner of land who intends to submit an application or his or her agent to meet with the authorised employee and, where applicable, with employees of other relevant organs of state for a pre-application consultation before he or she submits an application to the municipality in order to determine the information and documents that must be submitted with the application.
- (2) The municipality may issue guidelines regarding—
 - (a) applications that require a pre-application consultation;
 - (b) the nature of the information and documents that must be submitted with an application;
 - (c) the attendance of employees from the municipality or other organs of state at a pre-application consultation; and
 - (d) the procedures at a pre-application consultation.
- (3) The municipality must keep minutes of the proceedings of a pre-application consultation.

- (d) waar 'n adres onbekend is ondanks redelike ondersoek, deur dit eenmalig in die *Provinsiale Koerant* en eenmalig in 'n plaaslike koerant in omloop in die gebied van daardie persoon se laaste bekende besigheids- of woon-adres te publiseer.
- (2) Die datum van verwittiging ten opsigte van 'n kennisgewing wat ingevolge hierdie verordening aan 'n persoon beteken of gegee is—
 - (a) wanneer dit per gesertifiseerde of geregistreerde pos beteken is, is die datum van registrasie van die kennisgewing; en
 - (b) wanneer dit persoonlik aan daardie persoon afgelewer is, is die datum van aflewering aan daardie persoon;
 - (c) wanneer dit by daardie persoon se besigheids-, werks- of woonadres in die Republiek gelaat is by 'n persoon oënskynlik ouer as 16 jaar, is die datum waarop dit by daardie persoon gelaat is;
 - (d) wanneer dit vertoon is op 'n opsigtelike plek op die eiendom of perseel waarop dit betrekking het, is die datum waarop dit op daardie plek aangebring is; of
 - (e) wanneer dit per e-pos of na 'n elektroniese adres gestuur is, is die datum waarop dit deur daardie persoon ontvang is soos beoog in die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, 2002.
- (3) Die munisipaliteit kan ten opsigte van aansoeke en appële spesifieke metodes van betekening en kennisgewing bepaal, met inbegrip van—
 - (a) inligtingspesifikasies wat verband hou met aangeleenthede soos grootte, skaal, kleur, hardekopie, getal afskrifte, elektroniese formaat en lêerformaat;
 - (b) die wyse van indiening by en kommunikasie met die munisipaliteit;
 - (c) die metode waarvolgens 'n persoon in kennis gestel kan word;
 - (d) ander inligtingsvereistes; en
 - (e) ander prosedurele vereistes.

Procedures vir aansoeke

- 46. (1) 'n Aansoeker moet aan die prosedures in hierdie Hoofstuk voldoen en, waar van toepassing, aan die spesifieke prosedures bepaal in Hoofstuk IV van hierdie Verordening.
- (2) 'n Aansoeker kan gelyktydig om verskillende soorte aansoeke om grondontwikkeling ingevolge artikel 25(2) aansoek doen.

Konsultasie voor aansoek

- 47. (1) Die munisipaliteit kan van 'n eienaar van grond wat van voorneme is om 'n aansoek in te dien of sy of haar agent vereis om met die gemagtigde werknemer en, waar van toepassing, met ander tersaaklike staatsorgane te vergader vir 'n konsultasie voor aansoek voordat hy of sy 'n aansoek indien by die munisipaliteit ten einde vas te stel welke inligting en dokumente saam met die aansoek ingedien moet word.
- (2) Die munisipaliteit kan riglyne uitreik rakende—
 - (a) aansoeke wat 'n konsultasie voor aansoek benodig;
 - (b) die aard van die inligting en dokumente wat saam met 'n aansoek ingedien moet word;
 - (c) die bywoning deur werknemers van die munisipaliteit of ander staatsorgane van 'n konsultasie voor aansoek; en
 - (d) die prosedures by 'n konsultasie voor aansoek.
- (3) Die munisipaliteit moet notule hou van die verrigtinge van 'n konsultasie voor aansoek.

Information required

- 48.** (1) Subject to subsection (2), an application must be accompanied by the following information and documents—
- (a) an application form provided by the municipality, completed and signed by the applicant;
 - (b) if the applicant is an agent, a power of attorney authorising the applicant to make the application on behalf of the owner;
 - (c) if the owner of the land is a company, closed corporation, trust, body corporate or owners' association, proof that the person is authorised to act on behalf of the company, closed corporation, trust, body corporate or owners' association;
 - (d) proof of registered ownership or any other relevant right held in the land concerned;
 - (e) the relevant bondholder's consent if any;
 - (f) a written motivation for the application based on the criteria referred to in section 75;
 - (g) a copy of the Surveyor-General's diagram of the property concerned or, if it does not exist, an extract from the relevant general plan;
 - (h) a locality plan and site development plan, if required, or a plan showing the proposed land development in its cadastral context;
 - (i) in the case of an application for the subdivision of land, copies of the subdivision plan showing the following—
 - (i) the location of the proposed land units;
 - (ii) the proposed zonings in respect of the proposed land units;
 - (iii) all existing structures on the property and abutting properties;
 - (iv) the proposed public places and the land needed for public purposes;
 - (v) the existing access points;
 - (vi) all servitudes;
 - (vii) contours with at least a one-meter interval or such other interval as may be approved by the municipality;
 - (viii) the street furniture;
 - (ix) the lamp, electricity and telephone posts;
 - (x) the electricity transformers and mini-substations;
 - (xi) the storm-water channels and catch pits;
 - (xii) the sewerage lines and connection points;
 - (xiii) any significant natural features; and
 - (xiv) all distances and areas to scale;
 - (j) proof of an agreement or permission if the proposed land development requires a servitude over land or access to a provincial or national road;
 - (k) any other documents or information that the municipality may require;
 - (l) proof of payment of application fees;
 - (m) a copy of the title deed of the land concerned;
 - (n) a conveyancer's certificate indicating that the application is not restricted by any condition contained in the title deed pertaining to the application property or a copy of all historical title deeds; and

Vereiste inligting

- 48.** (1) Behoudens subartikel (2) moet 'n aansoek van die volgende inligting en dokumente vergesel gaan—
- (a) 'n aansoekvorm verskaf deur die munisipaliteit, voltooi en onderteken deur die aansoeker;
 - (b) indien die aansoeker 'n agent is, 'n volmag wat die aansoeker magtig om die aansoek namens die eienaar te doen;
 - (c) indien die eienaar van die grond 'n maatskappy, beslote korporasie, trust, regspersoon of eienaarsvereniging is, bewys dat die persoon gemagtig is om namens die maatskappy, beslote korporasie, trust, korporatiewe liggaam of 'n eienaarsvereniging op te tree;
 - (d) bewys van geregistreerde eienaarskap of enige ander tersaaklike reg in die betrokke grond gehou;
 - (e) die toestemming van die tersaaklike verbandhouer, indien enige;
 - (f) 'n skriftelike motivering vir die aansoek gegrond op die vereistes bedoel in artikel 75;
 - (g) 'n afskrif van die Landmeter-generaal se diagram van die betrokke eiendom of, indien dit nie bestaan nie, 'n uittreksel uit die tersaaklike algemene plan;
 - (h) 'n liggingsplan en 'n terreinontwikkelingsplan, indien nodig, of 'n plan wat die voorgestelde grondontwikkeling in sy kadastrale konteks aantoon;
 - (i) in die geval van 'n aansoek om die onderverdeling van grond, afskrifte van die onderverdelingsplan wat die volgende aantoon—
 - (i) die ligging van die voorgestelde grondeenhede;
 - (ii) die voorgestelde sonerings ten opsigte van die voorgestelde grondeenhede;
 - (iii) alle bestaande strukture op die eiendom en aangrensende eiendomme;
 - (iv) die voorgestelde openbare plekke en die grond wat vir openbare doeleindes benodig word;
 - (v) die bestaande toegangspunte;
 - (vi) alle serwitute;
 - (vii) kontoere met minstens 'n een-meter-tussenruimte of sodanige ander tussenruimte soos die munisipaliteit kan goedkeur;
 - (viii) die straatmeubels;
 - (ix) die lamp-, elektrisiteits- en telefoonpale;
 - (x) die elektrisiteitstransformators en minisubstasies;
 - (xi) die stormwaterkanale en -dreine;
 - (xii) die rioolpyple en -aansluitings;
 - (xiii) enige betekenisvolle natuurverskynsels; en
 - (xiv) alle afstande en gebiede op skaal;
 - (j) bewys van 'n ooreenkoms of toestemming indien die voorgestelde grondontwikkeling 'n serwituut oor grond of toegang tot 'n provinsiale of nasionale pad benodig;
 - (k) enige ander dokumente of inligting wat die munisipaliteit kan vereis;
 - (l) bewys van betaling van aansoekgelde;
 - (m) 'n afskrif van die titelakte van die betrokke grond;
 - (n) 'n transportbesorgersertifikaat wat aandui dat die aansoek nie beperk word deur enige voorwaarde vervat in die titelakte ten opsigte van die aansoekseiendom nie of 'n afskrif van alle historiese titelaktes; en

- (o) where applicable, the minutes of a pre-application consultation in respect of the application.
- (2) The municipality may at a pre-application consultation add or remove any information or documents contemplated in subsection (1) for a particular application.
- (3) The municipality may issue guidelines regarding the submission of information, documents or procedural requirements.

Application fees

49. (1) An applicant must pay the application fees determined by the municipality before submitting an application in terms of this by-law.
- (2) Application fees paid to the municipality are non-refundable and proof of payment of the application fees must accompany an application.

Grounds for refusing to accept application

50. The municipality may refuse to accept an application if—
- (a) there is no proof of payment of the applicable fees; or
 - (b) the application is not in the form or does not contain the information or documents referred to in section 48.

Receipt of application and commencement of application process

51. (1) The municipality must—
- (a) record the receipt of an application, in writing or by affixing a stamp on the application, on the day of receipt;
 - (b) verify whether the application complies with section 48; and
 - (c) notify the applicant in writing within fourteen days of receipt of the application—
 - (i) that the application is complete and complies with section 48 and that the application process commences; or
 - (ii) of any information, documents or fees referred to in section 48 that are outstanding and that the applicant must provide to the municipality within 14 days of the date of notification.
- (2) The municipality must within fourteen days of receipt of the outstanding information, documents or fees referred to in subsection (1)(c)(ii) notify the applicant in writing that the application is complete and that the application process commences.
- (3) The municipality may refuse to consider the application if the applicant fails to provide the information or documents or pay the fees within the period contemplated in subsection (1)(c)(ii).
- (4) The municipality must notify the applicant in writing of a refusal to consider an application under subsection (3) and must close the application.
- (5) An applicant has no right of appeal to the Appeal Authority in respect of a decision contemplated in subsection (3) to refuse to consider an application.
- (6) If an applicant wishes to continue with an application that the municipality refused to consider under subsection (3), the applicant must apply again and pay the applicable application fees.
- (7) The municipality must cause notice of the application to be given within 21 days from date on which the application process commences as contemplated in subsection (1)(c)(i) or (2).

Provision of additional information or documents

52. (1) The municipality must, within 30 days of receipt of an application that complies with section 48, notify the applicant in writing of any information or documents it requires in addition to the requirements contemplated in

- (o) waar van toepassing, die notule van 'n konsultasie voor aansoek ten opsigte van die aansoek.
- (2) Die munisipaliteit kan vir 'n bepaalde aansoek enige inligting of dokumente beoog in subartikel (1) by 'n konsultasie voor aansoek byvoeg of verwyder.
- (3) Die munisipaliteit kan riglyne rakende die indiening van inligting, dokumente of prosedurele vereistes uitreik.

Aansoekgelde

49. (1) 'n Aansoeker moet die aansoekgelde wat deur die munisipaliteit bepaal word, betaal voordat hy of sy 'n aansoek ingevolge hierdie verordening indien.
- (2) Aansoekgelde betaal aan die munisipaliteit is nie terugbetaalbaar nie en 'n aansoek moet vergesel gaan van bewys van betaling van die aansoekgelde.

Gronde vir weiering om aansoek te aanvaar

50. Die munisipaliteit kan weier om 'n aansoek te aanvaar indien—
- (a) daar geen bewys van betaling van die toepaslike gelde is nie; of
 - (b) die aansoek nie in die vorm is of nie die inligting of dokumente bevat waarna in artikel 48 verwys word nie.

Ontvangs van aansoek en begin van aansoekproses

51. (1) Die munisipaliteit moet—
- (a) ontvangs van 'n aansoek op die dag van ontvangs aanteken, skriftelik of deur 'n stempel op die aansoek aan te bring;
 - (b) nagaan of die aansoek aan artikel 48 voldoen; en
 - (c) die aansoeker binne 14 dae vanaf ontvangs van die aansoek skriftelik in kennis stel—
 - (i) dat die aansoek volledig is en aan artikel 48 voldoen en dat die aansoekproses begin; of
 - (ii) van enige inligting, dokumente of gelde bedoel in artikel 48 wat uitstaande is en wat die aansoeker aan die munisipaliteit moet verskaf binne 14 dae vanaf die datum van kennisgewing.
- (2) Die munisipaliteit moet binne 14 dae van ontvangs van die uitstaande inligting, dokumente of gelde bedoel in subartikel (1)(c)(ii) die aansoeker skriftelik in kennis stel dat die aansoek volledig is en dat die aansoekproses begin.
- (3) Die munisipaliteit kan weier om die aansoek te oorweeg indien die aansoeker versuim om binne die tydperk beoog in subartikel (1)(c)(ii) die inligting of dokumente te verskaf of die gelde te betaal.
- (4) Die munisipaliteit moet die aansoeker in kennis stel van 'n weiering kragtens subartikel (3) om 'n aansoek te oorweeg en moet die aansoek sluit.
- (5) 'n Aansoeker het geen reg van appèl na die Appèlgesag ten opsigte van 'n besluit beoog in subartikel (3) om te weier om 'n aansoek te oorweeg nie.
- (6) Indien 'n aansoeker met 'n aansoek wil voortgaan wat die munisipaliteit kragtens subartikel (3) geweier het om te oorweeg, moet die aansoeker weer aansoek doen en die toepaslike gelde betaal.
- (7) Die munisipaliteit moet binne 21 dae vanaf die datum waarop die aansoekproses soos beoog in subartikel (1)(c)(i) of (2) begin, kennis van die aansoek laat gee.

Verskaffing van bykomende inligting of dokumente

52. (1) Die munisipaliteit moet binne 30 dae van ontvangs van 'n aansoek wat aan artikel 48 voldoen die aansoeker skriftelik in kennis stel van enige inligting of dokumente wat hy benewens die vereistes beoog in artikel 48 benodig.

section 48.

- (2) The applicant must provide the municipality with the additional information or documents contemplated in subsection (1) within 30 days of the date of notification or within the further period agreed to between the applicant and the municipality.
- (3) If the applicant fails to provide the additional information or documents within the period contemplated in subsection (2), the municipality must consider the application without the information or documents and notify the applicant accordingly.
- (4) The municipality must, within 21 days of receipt of the additional information or documents, if the applicant provided all the required information or documents, acknowledge receipt thereof and notify the applicant in writing that the application process proceeds or that further information, documents or fees are required as a result of the information or documents received.
- (5) If the municipality notified the applicant that further information or documents are required as contemplated in subsection (4), subsections (2) and (3) apply to the further submission of information or documents.

Withdrawal of application or power of attorney

53. (1) An applicant may, at any time before the municipality makes a decision on an application submitted by the applicant, withdraw the application by giving written notice of the withdrawal to the municipality.
- (2) The owner of land must in writing inform the municipality if he or she has withdrawn the power of attorney given to his or her former agent and confirm whether he or she will personally proceed with the application.

Public notice in accordance with other laws and integrated procedures

54. (1) The municipality may, on written request and motivation by an applicant, before notice is given of an application in terms of section 55 or 56, determine that—
 - (a) a public notice procedure carried out in terms of another law in respect of the application constitutes public notice for the purpose of an application made in terms of this by-law; or
 - (b) public notice of the application given in terms of this by-law may be published in accordance with the requirements for public notice applicable to a related application in terms of another law.
- (2) If the municipality determines that an application may be published as contemplated in subsection (1)(b), an agreement must be entered into between the municipality and the relevant organs of state to facilitate the simultaneous publication of notices.

Publication of notices

55. (1) Subject to section 54, the municipality must, in accordance with subsection (2), cause public notice to be given of the following applications—
 - (a) an application for a rezoning or a rezoning on the initiative of the municipality;
 - (b) the subdivision of land larger than five hectares inside the outer limit of urban expansion as reflected in the municipal spatial development framework;
 - (c) the subdivision of land larger than one hectare outside the outer limit of urban expansion as reflected in the municipal spatial development framework;
 - (d) if the municipality has no approved municipal spatial development framework, the subdivision of land larger than five hectares inside the physical edge, including existing urban land use approvals, of the existing urban area;

- (2) Die aansoeker moet binne 30 dae vanaf die datum van kennisgewing of binne die verdere tydperk waarvoor die aansoeker en die munisipaliteit ooreengekom het, die munisipaliteit voorsien van die bykomende inligting of dokumente beoog in subartikel (1).
- (3) Indien die aansoeker versuim om die bykomende inligting of dokumente binne die tydperk beoog in subartikel (2) te verskaf, moet die munisipaliteit sonder die inligting of dokumente die aansoek oorweeg en die aansoeker dienoreenkomsstig in kennis stel.
- (4) Die munisipaliteit moet binne 21 dae vanaf ontvangs van die bykomende inligting of dokumente, indien die aansoeker alle vereiste inligting of dokumente verskaf het, ontvangs daarvan erken en die aansoeker skriftelik in kennis stel dat die aansoekproses voortgaan of dat verdere inligting, dokumente of gelde vereis word as gevolg van die inligting of dokumente ontvang.
- (5) Indien die munisipaliteit die aansoeker in kennis gestel het dat verdere inligting of dokumente soos beoog in subartikel (4) benodig word, is subartikels (2) en (3) van toepassing op die verdere indiening van inligting of dokumente.

Terugtrekking van aansoek of volmag

53. (1) 'n Aansoeker kan te eniger tyd voordat die munisipaliteit 'n besluit neem oor 'n aansoek ingedien deur die aansoeker die aansoek terugtrek deur skriftelike kennis van die terugtrekking aan die munisipaliteit te gee.
- (2) Die eienaar van grond moet die munisipaliteit skriftelik in kennis stel indien hy of sy die volmag gegee aan sy of haar voormalige agent teruggetrek het en bevestig of hy of sy persoonlik sal voortgaan met die aansoek.

Openbare kennisgewing ooreenkomstig ander wette en geïntegreerde prosedures

54. (1) Die munisipaliteit kan voordat kennis van 'n aansoek ingevolge artikel 55 of 56 gegee word op skriftelike versoek en by motivering deur 'n aansoeker bepaal dat—
 - (a) 'n prosedure vir openbare kennisgewing wat ingevolge 'n ander wet ten opsigte van die aansoek uitgevoer word openbare kennisgewing uitmaak vir die doel van 'n aansoek wat ingevolge hierdie Verordening gemaak word; of
 - (b) openbare kennisgewing wat ingevolge hierdie Verordening van die aansoek gegee word, gepubliseer kan word ooreenkomstig die vereistes vir openbare kennisgewing van toepassing op 'n verwante aansoek ingevolge 'n ander wet.
- (2) Indien die munisipaliteit bepaal dat 'n aansoek soos beoog in subartikel (1)(b) gepubliseer kan word, moet 'n ooreenkoms aangegaan word tussen die munisipaliteit en die tersaaklike staatsorgane om die gelyktydige publiserings van kennisgewings te fasiliteer.

Publisering van kennisgewings

55. (1) Behoudens artikel 54 moet die munisipaliteit ooreenkomstig subartikel (2) openbare kennisgewing laat gee van die volgende aansoeke—
 - (a) 'n aansoek om 'n hersonering of 'n hersonering op inisiatief van die munisipaliteit;
 - (b) die onderverdeling van grond groter as vyf hektaar binne die buitenste grens van stedelike uitbreiding soos weergegee in die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk;
 - (c) die onderverdeling van grond groter as een hektaar buite die buitenste grens van stedelike uitbreiding soos weergegee in die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk;
 - (d) indien die munisipaliteit geen goedgekeurde munisipale ontwikkelingsraamwerk het nie, die onderverdeling van grond groter as vyf hektaar binne die fisiese rand, met inbegrip van bestaande goedkeurings van stedelike grondgebruik, van die bestaande stedelike gebied;

- (e) if the municipality has no approved municipal spatial development framework, the subdivision of land larger than one hectare outside the physical edge, including existing urban land use approvals, of the existing urban area;
 - (f) the closure of a public place;
 - (g) an application in respect of a restrictive condition;
 - (h) other applications that will materially affect the public interest or the interests of the community if approved.
- (2) Public notice of an application referred to in subsection (1) must be given by—
- (a) publishing a notice with the contents contemplated in section 57 in newspapers with a general circulation in the area concerned in at least two of the official languages of the Province most spoken in the area concerned;
 - (b) if there is no newspaper with a general circulation in the area, posting a notice with the contents contemplated in section 57, for at least the duration of the notice period, on the land concerned and on any other notice board, as may be determined by the municipality; and
 - (c) publishing a notice with the contents contemplated in section 57 on the municipality's website.
- (3) The municipality may require the applicant to attend to the publication as contemplated in subsection (2) of the public notice of an application.
- (4) An applicant who publishes a notice in terms of this section must within the period determined by the municipality of publication of the notice provide the municipality with proof, as determined by the municipality that the notice was published in accordance with this section.
- (5) When the municipality intends to conduct development or an activity contemplated in subsection (1)(a) to (h) it must cause a notice contemplated in subsection (2) to be published.

Serving of notices

56. (1) The municipality must cause a notice with the contents contemplated in section 57 to be served of at least the following applications—
- (a) an application referred to in section 55(1);
 - (b) a determination of a zoning contemplated in section 23;
 - (c) an application for subdivision, amendment or cancellation of a subdivision contemplated in section 25(2)(d) and (k) respectively;
 - (d) an application for consolidation contemplated in section 25(2)(e);
 - (e) the amendment, deletion or imposition of a condition contemplated in section 25(2)(h).
- (2) A notice contemplated in subsection (1) must be served—
- (a) in accordance with section 45;
 - (b) in at least two of the official languages of the Province most spoken in the area concerned;
 - (c) on each person whose rights or legitimate expectations will be affected by the approval of the application; and
 - (d) on every owner of land adjoining the land concerned.
- (3) The municipality may require the serving of a notice as contemplated in this section for any other application made in terms of this by-law and that is not listed in subsection (1).

- (e) indien die munisipaliteit geen goedgekeurde munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk het nie, die onderverdeling van grond groter as een hektaar buite die fisiese rand, met inbegrip van bestaande goedkeurings van stedelike grondgebruik, van die bestaande stedelike gebied;
 - (f) die sluiting van 'n openbare plek;
 - (g) 'n aansoek ten opsigte van 'n beperkende voorwaarde;
 - (h) ander aansoeke wat, indien goedgekeur, die openbare belang of die belange van die gemeenskap wesenlik sal raak.
- (2) Openbare kennisgewing van 'n aansoek bedoel in subartikel (1) moet gegee word deur—
- (a) 'n kennisgewing met die inhoud beoog in artikel 57 in koerante in algemene omloop in die betrokke gebied te publiseer, in minstens twee van die amptelike tale van die Provinsie wat die meeste in die betrokke gebied gepraat word;
 - (b) indien daar geen koerant in algemene omloop in die gebied is nie, 'n kennisgewing met die inhoud beoog in artikel 57 vir minstens die duur van die kennisgewings-tydperk op die betrokke grond te plaas en op enige ander kennisgewingbord, soos die munisipaliteit kan bepaal; en
 - (c) 'n kennisgewing met die inhoud beoog in artikel 57 te publiseer op die munisipaliteit se webtuiste.
- (3) Die munisipaliteit kan van die aansoeker vereis om die publiserings soos beoog in subartikel (2) van die openbare kennisgewing van 'n aansoek te behartig.
- (4) 'n Aansoeker wat 'n kennisgewing ingevolge hierdie artikel publiseer, moet binne die tydperk bepaal deur die munisipaliteit vanaf publikasie van die kennisgewing bewys aan die munisipaliteit verskaf, soos bepaal deur die munisipaliteit, dat die kennisgewing ooreenkomstig hierdie artikel gepubliseer is.
- (5) Wanneer die munisipaliteit van voorneme is om ontwikkeling of 'n aktiwiteit beoog in subartikel (1)(a) tot (h) uit te voer, moet hy 'n kennisgewing beoog in subartikel (2) laat publiseer.

Betekening van kennisgewings

56. (1) Die munisipaliteit moet 'n kennisgewing met die inhoud beoog in artikel 57 laat beteken van minstens die volgende aansoeke—
- (a) 'n aansoek bedoel in artikel 55(1);
 - (b) 'n bepaling van 'n sonering beoog in artikel 23;
 - (c) 'n aansoek om onderverdeling, wysiging of kansellering van 'n onderverdeling beoog in onderskeidelik artikel 25(2)(d) en (k);
 - (d) 'n aansoek om konsolidering beoog in artikel 25(2)(e);
 - (e) die wysiging, skapping of oplegging van 'n voorwaarde beoog in artikel 25(2)(h).
- (2) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (1) moet beteken word—
- (a) ooreenkomstig artikel 45;
 - (b) in minstens twee van die amptelike tale van die Provinsie wat die meeste in die betrokke gebied gepraat word;
 - (c) op elke persoon wie se regte of regmatige verwagtinge geraak sal word deur die goedkeuring van die aansoek; en
 - (d) op elke eienaar van grond wat aan die betrokke grond grens.
- (3) Die munisipaliteit kan die betekening van 'n kennisgewing soos beoog in hierdie artikel vereis vir enige ander aansoek wat ingevolge hierdie Verordening gedoen word en nie in subartikel (1) gelys word nie.

- (4) The municipality may require the applicant to attend to the serving of a notice as contemplated in subsection (2).
- (5) An applicant who serves a notice in terms of this section must within the period determined by the municipality of the service of that notice provide the municipality with proof, as determined by the municipality, of the service of the notice in accordance with subsection (2).
- (6) The municipality may require the applicant to make the application available for inspection by members of the public at a public place determined by the municipality.
- (7) When the municipality intends to conduct development or an activity contemplated in subsection (1)(a) to (e) it must cause a notice to be served as contemplated in subsection (2).

Contents of notice

57. When notice of an application must be published or served in terms of this by-law, the notice must—

- (a) provide the name and contact details of the applicant and the owner;
- (b) identify the land or land unit to which the application relates by giving the property description and the physical address;
- (c) state the intent and purpose of the application;
- (d) state that a copy of the application and supporting documentation will be available for viewing during the hours and at the place mentioned in the notice;
- (e) state the name and contact details of the person to whom comments must be addressed;
- (f) invite members of the public to submit written comments, together with the reasons therefor, in respect of the application;
- (g) state in which manner comments may be submitted;
- (h) state the date by which the comments must be submitted, which date may not be less than 30 days from the date on which the notice was given; and
- (i) state that any person who cannot write may during office hours come to an address stated in the notice where a named staff member of the municipality will assist those persons by transcribing their comments.

Other methods of public notice

58. (1) The municipality may, cause public notice to be given by one or more of the methods referred to in subsection (2)—

- (a) to ensure additional public notice of applications listed in sections 55(1) if the municipality considers notice in accordance with sections 55 or 56 to be ineffective or expects that the notice would be ineffective; or
- (b) to give public notice of any other application in terms of this by-law.

(2) Public notice contemplated in subsection (1) may be given by—

- (a) displaying a notice contemplated in section 57 of a size of at least 60 centimetres by 42 centimetres on the frontage of the erf concerned or at any other conspicuous and easily accessible place on the erf, provided that—
 - (i) the notice is displayed for a minimum of 30 days during any period that the public may comment on the application; and
 - (ii) the applicant, within 30 days from the last day of display of the notice, submits to the municipality—

- (4) Die munisipaliteit kan van die aansoeker vereis om die betekening van 'n kennisgewing soos beoog in subartikel (2) te behartig.
- (5) 'n Aansoeker wat 'n kennisgewing ingevolge hierdie artikel beteken, moet binne die tydperk bepaal deur die munisipaliteit vanaf die betekening van daardie kennisgewing bewys aan die munisipaliteit verskaf, soos bepaal deur die munisipaliteit, van die betekening van die kennisgewing ooreenkomstig subartikel (2).
- (6) Die munisipaliteit kan van die aansoeker verwag om die aansoek ter insae beskikbaar te stel aan die publiek by 'n openbare plek bepaal deur die munisipaliteit.
- (7) Wanneer die munisipaliteit van voorneme is om 'n ontwikkeling of 'n ander aktiwiteit beoog in subartikel (1)(a) tot (e) uit te voer, moet hy 'n kennisgewing laat beteken soos beoog in subartikel (2).

Inhoud van kennisgewing

57. Wanneer 'n kennisgewing van 'n aansoek ingevolge hierdie Verordening gepubliseer of beteken moet word, moet die kennisgewing—

- (a) die naam en kontakbesonderhede van die aansoeker en die eienaar verskaf;
- (b) die grond of grondeenheid waarmee die aansoek verband hou, identifiseer deur die eiendomsbeskrywing en die fisiese adres te vermeld;
- (c) die oogmerk en doel van die aansoek vermeld;
- (d) vermeld dat 'n afskrif van die aansoek en stawende dokumentasie op die tye en by die plek vermeld in die kennisgewing ter insae beskikbaar sal wees;
- (e) die naam en kontakbesonderhede vermeld van die persoon aan wie kommentaar gerig moet word;
- (f) lede van die publiek uitnooi om skriftelike kommentaar, tesame met die redes daarvoor, ten opsigte van die aansoek in te dien;
- (g) vermeld op welke wyse kommentaar ingedien kan word;
- (h) die datum vermeld waarteen die kommentaar ingedien moet wees, welke datum nie minder as 30 dae mag wees vanaf die datum waarop die kennis gegee is nie; en
- (i) vermeld dat enige persoon wat nie kan skryf nie gedurende kantoorure na 'n adres vermeld in die kennisgewing kan kom waar 'n genoemde werknemer van die munisipaliteit daardie persone sal bystaan deur hul kommentaar op skrif te stel.

Ander metodes van openbare kennisgewing

58. (1) Die munisipaliteit kan openbare kennisgewing deur een of meer van die metodes bedoel in subartikel (2) laat gee—

- (a) ten einde bykomende openbare kennisgewing van aansoeke gelys in artikel 55(1) te verseker indien die munisipaliteit kennisgewing ooreenkomstig artikels 55 of 56 ondoeltreffend beskou of verwag dat die kennisgewing ondoeltreffend sal wees; of
- (b) ten einde openbare kennisgewing van enige ander aansoek ingevolge hierdie Verordening te gee.

(2) Openbare kennisgewing beoog in subartikel (1) kan gegee word deur—

- (a) 'n kennisgewing beoog in artikel 57 met 'n grootte van minstens 60 sentimeter by 42 sentimeter aan die voorkant van die betrokke erf of op enige ander opsigtelike en maklik bereikbare plek op die erf te vertoon, mits—
 - (i) die kennisgewing vir 'n minimum van 30 dae vertoon word gedurende enige tydperk wat die publiek kommentaar op die aansoek kan lewer; en
 - (ii) die aansoeker binne 30 dae vanaf die laaste dag van die vertoon van die kennisgewing die volgende indien by die munisipaliteit—

- (aa) a sworn affidavit confirming the maintenance of the notice for the prescribed period; and
 - (bb) at least two photos of the notice, one from close up and one from across the street;
 - (b) convening a meeting for the purpose of informing affected members of the public of the application;
 - (c) broadcasting information regarding the application on a local radio station in a specified language;
 - (d) holding an open day or public meeting to notify and inform affected members of the public of the application;
 - (e) publishing the application on the municipality's website for the duration of the period within which the public may comment on the application; or
 - (f) obtaining letters of consent or objection to the application, provided that the letters are accompanied by acceptable evidence that the person signing the letter has been provided with correct and adequate information about the application.
- (3) Additional public notice can be given simultaneously with notice given in accordance with sections 55 or 56 or thereafter.
 - (4) The municipality may require the applicant to attend to the publication of a notice as contemplated in subsection (2).
 - (5) An applicant who gives notice in terms of this section must within the period determined by the municipality of giving notice provide the municipality with proof, as determined by the municipality that notice has been given in accordance with subsection (2).

Requirements for petitions

59. (1) Comments in respect of an application submitted by the public in the form of a petition must clearly state—
 - (a) the contact details of the authorised representative of the signatories of the petition;
 - (b) the full name and physical address of each signatory; and
 - (c) the comments and reasons therefor.
- (2) Notice to the person contemplated in subsection (1)(a) constitutes notice to all the signatories to the petition.

Requirements for the submission of comments

60. (1) A person may respond to a notice contemplated in sections 54, 55, 56 or 58 by commenting in writing in accordance with this section.
- (2) Any comment made as a result of a notice process must be in writing and addressed to the person mentioned in the notice and must be submitted within the period stated in the notice and in the manner set out in this section.
- (3) The comments must state the following—
 - (a) the name of the person concerned;
 - (b) the address or contact details at which the person or body concerned will receive notice or service of documents;
 - (c) the interest of the person in the application; and
 - (d) the reason for the comments.
- (4) The reasons for any comment must be set out in sufficient detail in order to—
 - (a) indicate the facts and circumstances that explain the comments;
 - (b) where relevant demonstrate the undesirable effect the application will have if approved;

- (aa) 'n beëdigde verklaring wat die instandhouding van die kennisgewing vir die voorgeskrewe tydperk bevestig; en
 - (bb) minstens twee foto's van die kennisgewing, een van naby en een van oorkant die straat;
 - (b) 'n vergadering byeen te roep vir die doel om geraakte lede van die publiek van die aansoek in kennis te stel;
 - (c) die inligting rakende die aansoek in 'n bepaalde taal op 'n plaaslike radiostasie uit te saai;
 - (d) 'n ope dag of openbare vergadering te hou om geraakte lede van die publiek van die aansoek in kennis te stel;
 - (e) die aansoek op die munisipaliteit se webtuiste te publiseer vir die duur van die tydperk waarbinne die publiek kommentaar op die aansoek kan lewer; of
 - (f) briewe van instemming of beswaar ten opsigte van die aansoek te bekom, mits die briewe vergesel word van aanvaarbare bewys dat korrekte en voldoende inligting oor die aansoek verskaf is aan die persoon wat die brief onderteken.
- (3) Bykomende openbare kennisgewing kan gelyktydig met 'n kennisgewing ooreenkomstig artikels 55 of 56 gegee word of daarna.
 - (4) Die munisipaliteit kan van die aansoeker vereis om die publisering van 'n kennisgewing soos beoog in subartikel (2) te behartig.
 - (5) 'n Aansoeker wat ingevolge hierdie artikel kennis gee, moet binne die tydperk bepaal deur die munisipaliteit vandat kennis gegee is aan die munisipaliteit bewys lewer, soos bepaal deur die munisipaliteit, dat kennis ooreenkomstig subartikel (2) gegee is.

Vereistes vir petisies

59. (1) Kommentaar ten opsigte van 'n aansoek wat deur die publiek in die vorm van 'n petisie ingedien word, moet die volgende duidelik vermeld—
 - (a) die kontakbesonderhede van die gemagtigde verteenwoordiger van die ondertekenaars van die petisie;
 - (b) die volledige naam en fisiese adres van elke ondertekenaar; en
 - (c) die kommentaar en redes daarvoor.
- (2) Kennis aan die persoon beoog in subartikel (1)(a) maak kennis aan al die ondertekenaars van 'n petisie uit.

Vereistes vir indiening van kommentaar

60. (1) 'n Persoon kan ooreenkomstig hierdie artikel skriftelik antwoord op 'n kennisgewing beoog in artikels 54, 55, 56 of 58.
- (2) Enige kommentaar gelewer as gevolg van 'n kennisgewingsproses moet op skrif wees en gerig word aan die persoon vermeld in die kennisgewing en moet binne die tydperk vermeld in die kennisgewing en op die wyse uiteengesit in hierdie artikel ingedien word.
- (3) Die kommentaar moet die volgende vermeld—
 - (a) die naam van die betrokke persoon;
 - (b) die adres of kontakbesonderhede waar die betrokke persoon of liggaam kennisgewing of die betekening van dokumente sal ontvang;
 - (c) die persoon se belang by die aansoek; en
 - (d) die redes vir die kommentaar.
- (4) Die redes vir enige kommentaar moet in genoeg besonderhede uiteengesit word ten einde—
 - (a) die feite en omstandighede aan te dui wat die kommentaar verduidelik;
 - (b) waar ter sake, die ongewenste uitwerking wat die aansoek sal hê indien dit goedgekeur word, uit te lê;

- (c) where relevant demonstrate any aspect of the application that is not considered consistent with applicable policy; and
 - (d) enable the applicant to respond to the comments.
- (5) The municipality may refuse to accept comments submitted after the closing date.

Intergovernmental participation process

61. (1) Subject to section 54, the municipality must, simultaneously with the notification to the applicant that an application is complete as contemplated in section 51(1)(c)(i) or (2) cause notice of the application together with a copy of the application concerned to be given to every municipal department and organ of state that has an interest in the application and request their comment on the application.
- (2) An organ of state must submit written comment on an application to the municipal manager within 60 days of receiving a request therefor.

Amendments before approval

62. (1) An applicant may amend his or her application at any time before the approval of the application—
- (a) at the applicant's own initiative;
 - (b) as a result of an objection, comment or representation submitted during the notice process; or
 - (c) at the request of the municipality.
- (2) If an amendment to an application is material, the municipality must give notice of the amendment of an application to all municipal departments and other organs of state and service providers who commented on the application and request them to submit comments on the amended application within 21 days of the date of notification.
- (3) If an amendment to an application is material, the municipality may require that further notice of the application be published or served in terms of section 54, 55, 56 or 58.

Further public notice

63. (1) The municipality may require that notice of an application be given again if more than 18 months have elapsed since the first public notice of the application and if the municipality has not considered the application.
- (2) The municipality may, at any stage during the processing of the application if new information comes to its attention that is material to the consideration of the application, require—
- (a) notice of an application to be given or served again in terms of section 54, 55, 56 or 58; and
 - (b) an application to be re-sent to municipal departments, other organs of state or service providers for comment.

Liability for cost of notice

64. The applicant is liable for the costs of publishing and serving notice of an application in terms of sections 54, 55, 56, 58, 62 or 63.

Right of applicant to reply

65. (1) Copies of all comments and other information submitted to the municipality must be given to the applicant within 14 days after the closing date for public comment together with a notice informing the applicant of his or her rights in terms of this section.
- (2) The applicant may, within 30 days from the date on which he or she received the comments, submit a written reply thereto to the municipality.

- (c) waar ter sake, enige aspek van die aansoek uit te lê wat nie bestaanbaar met die toepaslike beleid geag word nie; en
 - (d) die aansoeker in staat te stel om op die kommentaar te antwoord.
- (5) Die munisipaliteit kan weier om na die sluitingsdatum kommentaar te aanvaar.

Interregeringsdeelnameproses

61. (1) Behoudens artikel 54 moet 'n munisipaliteit gelyktydig met die kennisgewing aan die aansoeker dat die aansoek volledig is soos beoog in artikel 51(1)(c)(i) of (2), kennis van die aansoek tesame met 'n afskrif van die betrokke aansoek laat gee aan elke munisipale departement en staatsorgaan wat 'n belang het by die aansoek en hul kommentaar op die aansoek versoek.
- (2) 'n Staatsorgaan moet binne 60 dae van ontvangs van 'n versoek om kommentaar skriftelike kommentaar op 'n aansoek aan die munisipale bestuurder lewer.

Wysigings voor goedkeuring

62. (1) 'n Aansoeker kan sy of haar aansoek te eniger tyd voor die goedkeuring van die aansoek wysig—
- (a) op die aansoeker se eie inisiatief;
 - (b) as gevolg van 'n beswaar, kommentaar of vertoog wat gedurende die kennisgewingstydperk ingedien is; of
 - (c) op versoek van die munisipaliteit.
- (2) Indien 'n wysiging van 'n aansoek wesenlik is, moet die munisipaliteit kennis van die wysiging van 'n aansoek gee aan alle munisipale departemente en ander staatsorgane en diensverskaffers wat op die aansoek kommentaar gelewer het en hulle versoek om binne 21 dae vanaf die datum van kennisgewing kommentaar op die gewysigde aansoek te lewer.
- (3) Indien 'n wysiging aan 'n aansoek wesenlik is, kan die munisipaliteit vereis dat verdere kennis van die aansoek ingevolge artikel 54, 55, 56 of 58 gepubliseer of beteken word.

Verdere openbare kennisgewing

63. (1) Die munisipaliteit kan vereis dat kennis van 'n aansoek weer gegee word indien meer as 18 maande sedert die eerste openbare kennisgewing van die aansoek verloop het en indien die munisipaliteit nie die aansoek oorweeg het nie.
- (2) Die munisipaliteit kan in enige stadium gedurende die prosesering van die aansoek indien nuwe inligting onder sy aandag kom wat wesenlik by die oorweging van die aansoek is, vereis dat—
- (a) kennis van 'n aansoek opnuut ingevolge artikel 54, 55, 56 of 58 gegee of beteken word; en
 - (b) 'n aansoek weer aan munisipale departemente, ander staatsorgane of diensverskaffers vir kommentaar gestuur word.

Aanspreeklikheid vir koste van kennisgewing

64. Die aansoeker is aanspreeklik vir die koste van die gee en betekening van kennis van 'n aansoek ingevolge artikel 54, 55, 56, 58, 62 of 63.

Reg van aansoeker om te antwoord

65. (1) Afskrifte van alle kommentaar en ander inligting wat by die munisipaliteit ingedien is, moet binne 14 dae vanaf die sluitingsdatum vir openbare kommentaar aan die aansoeker gegee word tesame met 'n kennisgewing wat die aansoeker van sy of haar regte ingevolge hierdie artikel in kennis stel.
- (2) Die aansoeker kan binne 30 dae vanaf die datum waarop hy of sy die kommentaar ontvang het, 'n skriftelike antwoord daarop by die munisipaliteit indien.

- (3) The applicant may, before the expiry of the period of 30 days referred to in subsection (2), apply to the municipality for an extension of the period to submit a written reply, to an additional period not exceeding 14 days.
- (4) If the applicant does not submit a reply within the period of 30 days or within an additional period contemplated in subsection (3) if granted, the applicant is considered to have no comment.
- (5) If the municipality requires additional information from the applicant as a result of the comments received, the information must be supplied within the further period as may be agreed upon between the applicant and the municipality.
- (6) If the applicant does not provide the additional information within the period contemplated in subsection (5), section 52(3), read with the necessary changes, applies.

Written assessment of application

66. (1) An authorised employee must in writing assess an application in accordance with section 75 and make a recommendation to the decision-maker regarding the approval or refusal of the application.
- (2) An assessment of an application must include a motivation for the recommendation and, where applicable, the proposed conditions of approval.

Decision-making period

67. (1) If the power to make a decision in respect of an application is delegated to an authorised employee and no integrated process in terms of another law is being followed, the authorised employee must decide on the application within 60 days, reckoned from—
 - (a) the last day for the submission of comments as contemplated in section 60(2) if no comments were submitted;
 - (b) the last day for the submission of the applicant's reply to comments submitted as contemplated in section 65(2) or (3); or
 - (c) the last day for the submission of additional information as contemplated in section 65(5).
- (2) If the power to make a decision is not delegated to an authorised employee and no integrated process in terms of another law is being followed, the Tribunal must decide on the application within 120 days, reckoned from the applicable date contemplated in subsection (1)(a) to (c).
- (3) The authorised employee or Tribunal, as the case may be, may extend the period contemplated in subsection (1) or (2) in exceptional circumstances including the following—
 - (a) if an interested person has submitted a petition for intervenor status;
 - (b) in the case of the Tribunal, if an oral hearing is to be held.

Failure to act within period

68. Subject to sections 51(5), an applicant may lodge an appeal with the Appeal Authority if the authorised employee or the Tribunal fails to decide on an application within the period referred to in section 67(1) or (2).

Powers to conduct routine inspections

69. (1) An authorised employee or the Tribunal may, in accordance with the requirements of this section, enter land or a building to conduct an inspection for the purpose of obtaining information to assess an application in terms of this by-law and to prepare a written assessment contemplated in section 66.

- (3) Die aansoeker kan voor die verstryking van die tydperk van 30 dae bedoel in subartikel (2) by die munisipaliteit aansoek doen om 'n verlenging van die tydperk om skriftelik te antwoord tot 'n bykomende tydperk van hoogstens 14 dae.
- (4) Indien die aansoeker nie binne die tydperk van 30 dae of binne 'n bykomende tydperk beoog in subartikel (3), indien toegestaan, 'n antwoord indien nie word die aansoeker geag geen kommentaar te hê nie.
- (5) Indien die munisipaliteit bykomende inligting van die aansoeker vereis as gevolg van die kommentaar ontvang, moet die inligting binne die verdere tydperk waarvoor die aansoeker en die munisipaliteit ooreen kan kom, verskaf word.
- (6) Indien die aansoeker nie die bykomende inligting binne die tydperk beoog in subartikel (5) verskaf nie is artikel 52(3), saamgelees met die nodige veranderinge, van toepassing.

Skriftelike evaluering van aansoek

66. (1) 'n Gemagtigde werknemer moet 'n aansoek ooreenkomstig artikel 75 skriftelik evalueer en 'n aanbeveling aan die besluitnemer maak rakende die goedkeuring of weiering van die aansoek.
- (2) 'n Evaluering van 'n aansoek moet 'n motivering vir die aanbeveling en, waar van toepassing, die voorgestelde voorwaardes van goedkeuring insluit.

Besluitnemingstydperk

67. (1) Indien die bevoegdheid om 'n besluit ten opsigte van 'n aansoek te neem gedelegeer word aan 'n gemagtigde werknemer en geen geïntegreerde proses ingevolge 'n ander wet gevolg word nie moet die gemagtigde werknemer binne 60 dae oor die aansoek besluit, gereken vanaf—
 - (a) die laaste dag vir die indiening van kommentaar soos beoog in artikel 60(2) indien geen kommentaar ingedien is nie;
 - (b) die laaste dag vir die indiening van die aansoeker se antwoord op kommentaar soos beoog in artikel 65(2) of (3); of
 - (c) die laaste dag vir die indiening van bykomende inligting soos beoog in artikel 65(5).
- (2) Indien die bevoegdheid om 'n besluit te neem nie gedelegeer word aan 'n gemagtigde werknemer nie en geen geïntegreerde proses ingevolge 'n ander wet gevolg word nie moet die Tribunaal binne 120 dae, gereken vanaf die toepaslike datum beoog in subartikel (1)(a) tot (c), oor die aansoek besluit.
- (3) Die gemagtigde werknemer of Tribunaal, na gelang van die geval, kan die tydperk beoog in subartikel (1) of (2) verleng in uitsonderlike omstandighede, met inbegrip van die volgende—
 - (a) indien 'n belanghebbende persoon 'n petisie vir toetredersstatus ingedien het;
 - (b) in die geval van die Tribunaal, indien 'n mondelinge verhoor gehou sal word.

Versuim om binne tydperk te handel

68. Behoudens artikel 51(5) kan 'n aansoeker appèl by die Appèl-gesag aanteken indien die gemagtigde werknemer of die Tribunaal versuim om binne die tydperk bedoel in artikel 67(1) of (2) oor 'n aansoek te besluit.

Bevoegdhede om roetine-ondersoeke uit te voer

69. (1) 'n Gemagtigde werknemer of die Tribunaal kan ooreenkomstig die vereistes van hierdie artikel grond of 'n gebou betree om 'n ondersoek uit te voer vir die doel om inligting te bekom om 'n aansoek ingevolge hierdie Verordening te evalueer en 'n skriftelike evaluering beoog in artikel 66 voor te berei.

- (2) When conducting an inspection, the authorised employee may—
 - (a) request that any record, document or item be produced to assist in the inspection;
 - (b) make copies of or take extracts from any document produced by virtue of paragraph (a) that is related to the inspection;
 - (c) on providing a receipt, remove a record, document or other item that is related to the inspection; or
 - (d) inspect any building or structure and make enquiries regarding that building or structure.
- (3) No person may interfere with a person referred to in subsection (1) who is conducting an inspection as contemplated in subsection (1).
- (4) The authorised employee or member of the Tribunal must, on request, produce identification showing that he or she is authorised to conduct the inspection.
- (5) An inspection under subsection (1) must take place at a reasonable time and after reasonable notice has been given to the owner or occupier of the land or building.

Decisions on applications

70. An employee authorised by virtue of section 79, or the Tribunal, as the case may be, may in respect of an application contemplated in section 25(2)—
 - (a) approve, in whole or in part, or refuse that application;
 - (b) upon the approval of that application, impose conditions in terms of section 76;
 - (c) conduct any necessary inspection to assess an application in terms of section 69;
 - (d) in the case of the Tribunal, appoint a technical adviser to advise or assist in the performance of the Tribunal's functions in terms of this by-law.

Notification and coming into operation of decision

71. (1) The municipality must, within 21 days of its decision, in writing notify the applicant and any person whose rights are affected by the decision of the decision, the reasons for the decision and their right to appeal, if applicable.
- (2) A notice contemplated in subsection (1) must inform an applicant when an approval comes into operation.
- (3) If the owner has appointed an agent, the owner must take steps to ensure that the agent notifies him or her of the decision of the municipality.
- (4) An approval comes into operation only after the expiry of the period contemplated in section 89(2) within which an appeal must be lodged if no appeal has been lodged.
- (5) Subject to subsection (6), the operation of the approval of an application that is the subject of an appeal is suspended pending the decision of the Appeal Authority on the appeal.
- (6) If an appeal is lodged only against conditions imposed in terms of section 76, the Tribunal or the authorised employee who imposed the conditions may determine that the approval of the application is not suspended.

Duties of agent

72. (1) An agent must ensure that he or she has the contact details of the owner on whose behalf he or she is authorised to act.
- (2) An agent may not provide information or make a statement in support of an application which information or statement he or she knows or believes to be misleading, false or inaccurate.

- (2) Wanneer 'n ondersoek uitgevoer word, kan die gemagtigde werknemer—
 - (a) versoek dat enige rekord, dokument of item verskaf word om met die ondersoek te help;
 - (b) afskrifte maak van of uittreksels neem uit enige dokument verskaf uit hoofde van paragraaf (a) wat met die ondersoek verband hou;
 - (c) by verskaffing van 'n kwitansie, 'n rekord, dokument of ander item wat met die ondersoek verband hou, verwyder; of
 - (d) enige gebou of struktuur ondersoek en navrae doen rakende daardie gebou of struktuur.
- (3) Geen persoon mag inmeng wanneer 'n persoon bedoel in subartikel (1) besig is om 'n ondersoek soos beoog in subartikel (1) uit te voer nie.
- (4) Die gemagtigde werknemer of lid van die Tribunaal moet, op versoek, identifikasie verskaf wat aantoon dat hy of sy gemagtig is om die ondersoek uit te voer.
- (5) 'n Ondersoek kragtens subartikel (1) moet op 'n redelike tyd plaasvind en nadat redelike kennis aan die eienaar of bewoner van die grond of gebou gegee is.

Besluite oor aansoek

70. 'n Werknemer gemagtig uit hoofde van artikel 79, of die Tribunaal, na gelang van die geval, kan ten opsigte van 'n aansoek beoog in artikel 25(2)—
 - (a) daardie aansoek goedkeur, in die geheel of gedeeltelik, of weier;
 - (b) by die goedkeuring van daardie aansoek voorwaardes ingevolge artikel 76 opelê;
 - (c) enige nodige ondersoek uitvoer om 'n aansoek ingevolge artikel 69 te evalueer;
 - (d) in die geval van die Tribunaal, 'n tegniese raadgewer aanstel om raad te gee of bystand te verleen met die verrigting van die Tribunaal se werksaamhede ingevolge hierdie Verordening.

Kennisgewing en inwerkingtreding van besluit

71. (1) Die munisipaliteit moet binne 21 dae vanaf sy besluit die aansoeker en enige persoon wie se regte deur die besluit geraak word van die besluit, die redes vir die besluit en hul reg tot appèl, indien van toepassing, skriftelik in kennis stel.
- (2) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (1) moet 'n aansoeker in kennis stel wanneer 'n goedkeuring in werking tree.
- (3) Indien die eienaar 'n agent aangestel het, moet die eienaar stappe doen om toe te sien dat die agent hom of haar van die besluit van die munisipaliteit in kennis stel.
- (4) 'n Goedkeuring tree in werking slegs na die verstryking van die tydperk beoog in artikel 89(2) waarbinne 'n appèl aangeteken moet word, indien geen appèl aangeteken is nie.
- (5) Behoudens subartikel (6) is die werking van die goedkeuring van 'n aansoek wat die onderwerp van 'n appèl is, opgeskort hangende die besluit van die Appèlgesag oor die appèl.
- (6) Indien 'n appèl aangeteken is slegs teen voorwaardes wat ingevolge artikel 76 opgelê is, kan die Tribunaal of die gemagtigde werknemer wat die voorwaardes opgelê het, bepaal dat die goedkeuring van die aansoek nie opgeskort is nie.

Pligte van agent

72. (1) 'n Agent moet toesien dat hy of sy die kontakbesonderhede van die eienaar het namens wie hy of sy gemagtig is om op te tree.
- (2) 'n Agent mag nie ter ondersteuning van 'n aansoek inligting verskaf of 'n verklaring maak welke inligting of stelling hy of sy weet of van mening is misleidend, onwaar of onakkuraat is nie.

Errors and omissions

73. (1) The municipality may at any time correct an error in the wording of its decision if the correction does not change the decision or result in an alteration, insertion, suspension or deletion of a condition of approval.
- (2) The municipality may, on its own initiative or on application by the applicant or interested party, upon good cause shown, condone an error in a procedure, if the condonation does not have a material adverse effect on, or unreasonably prejudice, any party.

Exemptions to facilitate expedited procedures

- 74 (1) The municipality may in writing and subject to section 60 of the Land Use Planning Act—
- (a) exempt a development from compliance with a provision of this by-law to reduce the financial or administrative burden of—
- (i) integrated application processes contemplated in section 54;
- (ii) the provision of housing with the assistance of a state subsidy; or
- (iii) incremental upgrading of existing settlements;
- (b) in an emergency situation authorise that a development may depart from any of the provisions of this by-law.
- (2) If the Provincial Minister grants an exemption or authorisation to deviate from a provision of the Land Use Planning Act to the municipality in terms of section 60 of the Land Use Planning Act, the municipality is exempted from or authorised to deviate from any provision in this by-law that corresponds to the provision of the Land Use Planning Act in respect of which an exemption was granted or deviation was authorised.

CHAPTER VI CRITERIA FOR DECISION-MAKING

General criteria for consideration of applications

75. (1) When the municipality considers an application, it must have regard to the following—
- (a) the application submitted in terms of this by-law;
- (b) the procedure followed in processing the application;
- (c) the desirability of the proposed utilisation of land and any guidelines issued by the Provincial Minister regarding the desirability of proposed land uses;
- (d) the comments in response to the notice of the application, including comments received from organs of state, municipal departments and the Provincial Minister in terms of section 45 of the Land Use Planning Act;
- (e) the response by the applicant, if any, to the comments referred to in paragraph (d);
- (f) investigations carried out in terms of other laws that are relevant to the consideration of the application;
- (g) a registered planner's written assessment in respect of an application for—
- (i) a rezoning;
- (ii) a subdivision of more than 20 cadastral units;
- (iii) a removal, suspension or amendment of a restrictive condition if it relates to a change of land use;

Foute en weglatings

73. (1) Die munisipaliteit kan te eniger tyd 'n fout in die bewoording van sy besluit regstel indien die regstelling nie die besluit verander of 'n verandering, invoeging, opskorting of skraping van 'n voorwaarde van goedkeuring tot gevolg het nie.
- (2) Die munisipaliteit kan, uit eie beweging of by aansoek deur die aansoeker of belanghebbende party, by aanvoering van goeie gronde, 'n fout in 'n prosedure oorsien, indien die oorsiening nie 'n wesenlike nadelige uitwerking het op enige party nie of enige party onredelik benadeel nie.

Vrystellings om bespoedigde prosedures te fasiliteer

74. (1) Die munisipaliteit kan skriftelik en behoudens artikel 60 van die Wet op Grondgebruikbeplanning—
- (a) 'n ontwikkeling vrystel van voldoening aan 'n bepaling van hierdie Verordening ten einde die finansiële of administratiewe las van die volgende te verminder—
- (i) geïntegreerde aansoekprosesse beoog in artikel 54;
- (ii) die verskaffing van behuising met behulp van 'n staatsubsidie; of
- (iii) stapsgewyse opgradering van bestaande nedersettings;
- (b) in 'n noodsituasie magtiging verleen dat 'n ontwikkeling van enige van die bepalings van hierdie Verordening kan afwyk.
- (2) Indien die Provinsiale Minister ingevolge artikel 60 van die Wet op Grondgebruikbeplanning 'n vrystelling of magtiging om af te wyk van 'n bepaling van die Wet op Grondgebruikbeplanning verleen, is die munisipaliteit vrystel, of is hy gemagtig om af te wyk, van enige bepaling in hierdie Verordening wat ooreenstem met die bepaling van die Wet op Grondgebruikbeplanning ten opsigte waarvan 'n vrystelling verleen of 'n afwyking gemagtig is.

HOOFSTUK VI MAATSTAWWE VIR BESLUITNEMING

Algemene maatstawwe vir oorweging van aansoeke

75. (1) Wanneer die munisipaliteit 'n aansoek oorweeg, moet hy die volgende in ag neem—
- (a) die aansoek ingedien ingevolge hierdie Verordening;
- (b) die prosedure wat gevolg is om die aansoek te proses;
- (c) die wenslikheid van die voorgestelde aanwending van grond en enige riglyne uitgereik deur die Provinsiale Minister rakende die wenslikheid van voorgestelde grondgebruik;
- (d) die kommentaar in antwoord op die kennisgewing van die aansoek, met inbegrip van kommentaar ontvang van staatsorgane, munisipale departemente en die Provinsiale Minister ingevolge artikel 45 van die Wet op Grondgebruikbeplanning;
- (e) die antwoord deur die aansoeker, indien enige, op die kommentaar bedoel in paragraaf (d);
- (f) ondersoek wat ingevolge ander wette uitgevoer word en tersaaklik tot die oorweging van die aansoek is;
- (g) 'n geregistreerde beplanner se skriftelike evaluering ten opsigte van 'n aansoek om—
- (i) 'n hersonerings;
- (ii) 'n onderverdeling van meer as 20 kadastrale eenhede;
- (iii) 'n opheffing, opskorting of wysiging van 'n beperkende voorwaarde indien dit met 'n verandering van grondgebruik verband hou;

- (iv) an amendment, deletion or imposition of additional conditions in respect of an existing use right;
 - (v) an approval of an overlay zone contemplated in the zoning scheme;
 - (vi) a phasing, amendment or cancellation of a subdivision plan or part thereof;
 - (vii) a determination of a zoning;
 - (viii) a closure of a public place or part thereof;
 - (h) the impact of the proposed land development on municipal engineering services;
 - (i) the integrated development plan, including the municipal spatial development framework;
 - (j) the integrated development plan and spatial development framework of the district municipality, where applicable;
 - (k) the applicable local spatial development frameworks adopted by the municipality;
 - (l) the applicable structure plans;
 - (m) the applicable policies of the municipality that guide decision-making;
 - (n) the provincial spatial development framework;
 - (o) where applicable, a regional spatial development framework contemplated in section 18 of the Spatial Planning and Land Use Management Act or provincial regional spatial development framework;
 - (p) the policies, principles and the planning and development norms and criteria set by the national and provincial government;
 - (q) the matters referred to in section 42 of the Spatial Planning and Land Use Management Act;
 - (r) the principles referred to in Chapter VI of the Land Use Planning Act; and
 - (s) the applicable provisions of the zoning scheme.
- (2) Where required in terms of applicable development parameters or conditions of approval, the municipality must approve a site development plan if the site development plan—
- (a) is consistent with the development rules of the zoning;
 - (b) is consistent with the development rules of an overlay zone, if applicable;
 - (c) complies with the conditions of approval; and
 - (d) complies with this by-law.

Conditions of approval

- 76.** (1) The municipality may approve an application subject to reasonable conditions that arise from the approval of the proposed utilisation of land.
- (2) Conditions imposed in accordance with subsection (1) may include conditions relating to—
- (a) the provision of engineering services and infrastructure;
 - (b) requirements relating to engineering services as contemplated in section 92 and 93;
 - (c) the cession of land or the payment of money;
 - (d) settlement restructuring;
 - (e) agricultural or heritage resource conservation;
 - (f) biodiversity conservation and management;

- (iv) 'n wysiging, skrapping of oplegging van bykomende voorwaardes ten opsigte van 'n bestaande gebruiksreg;
 - (v) 'n goedkeuring van 'n oorlegsone beoog in die soneringskema;
 - (vi) 'n fasering, wysiging of kansellasië van 'n onderverdelingsplan of 'n gedeelte daarvan;
 - (vii) 'n bepaling van 'n sonering;
 - (viii) 'n sluiting van 'n openbare plek of 'n gedeelte daarvan;
 - (h) die impak van die voorgestelde grondontwikkeling op munisipale ingenieursdienste;
 - (i) die geïntegreerde ontwikkelingsplan, met inbegrip van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk;
 - (j) die geïntegreerde ontwikkelingsplan en ruimtelike ontwikkelingsraamwerk van die distriksmunisipaliteit, waar van toepassing;
 - (k) die toepaslike plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerke aangeneem deur die munisipaliteit;
 - (l) die toepaslike struktuurplanne;
 - (m) die toepaslike beleide van die munisipaliteit wat besluitneming lei;
 - (n) die provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk;
 - (o) waar van toepassing, 'n streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerk beoog in artikel 18 van die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur of provinsiale streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerk;
 - (p) die beleide, beginsels en die norme en maatstawwe vir beplanning en ontwikkeling wat deur die nasionale en provinsiale regering gestel word;
 - (q) die aangeleenthede bedoel in artikel 42 van die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur;
 - (r) die beginsels bedoel in Hoofstuk VI van die Wet op Grondgebruikbeplanning; en
 - (s) die toepaslike bepalings van die soneringskema.
- (2) Waar vereis ingevolge toepaslike ontwikkelingsparameters of voorwaardes van goedkeuring moet die munisipaliteit 'n terreinontwikkelingsplan goedkeur indien die terreinontwikkelingsplan—
- (a) bestaanbaar is met die ontwikkelingsreëls van die sonering;
 - (b) bestaanbaar is met die ontwikkelingsreëls van 'n oorlegsone, indien van toepassing;
 - (c) aan die voorwaardes van goedkeuring voldoen; en
 - (d) aan hierdie Verordening voldoen.

Voorwaardes van goedkeuring

- 76.** (1) Die munisipaliteit kan 'n aansoek goedkeur behoudens redelike voorwaardes wat uit die goedkeuring van die voorgestelde aanwending van grond voortspruit.
- (2) Voorwaardes wat ooreenkomstig subartikel (1) opgelê word, kan voorwaardes insluit in verband met—
- (a) die verskaffing van ingenieursdienste en infrastruktuur;
 - (b) vereistes rakende ingenieursdienste soos beoog in artikels 92 en 93;
 - (c) die oordrag van grond of die betaling van geld;
 - (d) die herstrukturering van nedersettings;
 - (e) die bewaring van landbou- of erfenishulpbronne;
 - (f) die bewaring en bestuur van biodiversiteit;

- | | |
|--|--|
| <p>(g) the provision of housing with the assistance of a state subsidy, social facilities or social infrastructure;</p> <p>(h) energy efficiency;</p> <p>(i) requirements aimed at addressing climate change;</p> <p>(j) the establishment of an owners' association in respect of the approval of a subdivision;</p> <p>(k) the provision of land needed by other organs of state;</p> <p>(l) the endorsement in terms of section 31 of the Deeds Registries Act in respect of public places where the ownership thereof vests in the municipality;</p> <p>(m) the provision of land needed for public places or the payment of money in lieu of the provision of land for that purpose;</p> <p>(n) the extent of land to be ceded to the municipality for the purpose of a public open space or road as determined in accordance with a policy adopted by the municipality;</p> <p>(o) the registration of public places in the name of the municipality;</p> <p>(p) the transfer of ownership to the municipality of land needed for other public purposes;</p> <p>(q) the implementation of a subdivision in phases;</p> <p>(r) requirements of other organs of state;</p> <p>(s) the submission of a construction management plan to manage the impact of the construction of a new building on the surrounding properties or on the environment;</p> <p>(t) agreements to be entered into in respect of certain conditions;</p> <p>(u) the phasing of a development, including lapsing clauses relating to such phasing;</p> <p>(v) the delimitation of development parameters or land uses that are set for a particular zoning;</p> <p>(w) the setting of a validity period and any extensions thereto;</p> <p>(x) the setting of a period within which a particular condition must be met;</p> <p>(y) requirements for an occasional use, which must include—</p> <p style="padding-left: 20px;">(i) parking and the number of ablution facilities required;</p> <p style="padding-left: 20px;">(ii) the maximum duration or occurrence of the occasional use; and</p> <p style="padding-left: 20px;">(iii) parameters relating to a consent use in terms of the zoning scheme;</p> <p>(z) the payment of a contravention levy in respect of the unlawful utilisation of land.</p> <p>(3) If the municipality imposes a condition contemplated in subsection (2)(a) or (b), an engineering services agreement must be concluded between the municipality and the owner of the land concerned before the construction of infrastructure commences on the land.</p> <p>(4) A condition contemplated in subsection (2)(c) may require only a proportional contribution to municipal public expenditure according to the normal need therefor arising from the approval, as determined by the municipality in accordance with section 93(7) and any other applicable provincial norms and standards.</p> <p>(5) Municipal public expenditure contemplated in subsection (4) includes but is not limited to municipal public expenditure for municipal service infrastructure and amenities relating to—</p> | <p>(g) die verskaffing van behuising met behulp van 'n staat-subsidie, maatskaplike fasiliteite of maatskaplike infrastruktuur;</p> <p>(h) energiedoelmatigheid;</p> <p>(i) vereistes om aandag te gee aan klimaatsverandering;</p> <p>(j) die instelling van 'n eienaarsvereniging ten opsigte van die goedkeuring van 'n onderverdeling;</p> <p>(k) die verskaffing van grond benodig deur ander staats-organe;</p> <p>(l) die endossering ingevolge artikel 31 van die Registrasie van Aktes Wet ten opsigte van openbare plekke waar die eienaarskap daarvan in die munisipaliteit vestig;</p> <p>(m) die verskaffing van grond benodig vir openbare plekke of die betaling van geld in plaas van die verskaffing van grond vir daardie doel;</p> <p>(n) die omvang van grond wat aan die munisipaliteit oorge-dra staan te word vir die doel van 'n openbare oop ruimte of pad soos bepaal ooreenkomstig 'n beleid aangeneem deur die munisipaliteit;</p> <p>(o) die registrasie van openbare plekke in die naam van die munisipaliteit;</p> <p>(p) die oordrag van eienaarskap aan die munisipaliteit van grond wat vir ander openbare doeleindes benodig word;</p> <p>(q) die implementering van 'n onderverdeling in fases;</p> <p>(r) vereistes van ander staatsorgane;</p> <p>(s) die indiening van 'n boubestuursplan om die impak van die bou van 'n nuwe gebou op die omliggende eien-domme of op die omgewing te bestuur;</p> <p>(t) ooreenkomste wat aangegaan moet word ten opsigte van sekere voorwaardes;</p> <p>(u) die fasering van 'n ontwikkeling, met inbegrip van ver- valklousules wat met sodanige fasering verband hou;</p> <p>(v) die afbakening van ontwikkelingsparameters of grond-gebruike wat vir 'n bepaalde sonering gestel word;</p> <p>(w) die stel van 'n geldigheidstydperk en enige verlengings daarvan;</p> <p>(x) die stel van 'n tydperk waarbinne daar aan 'n bepaalde voorwaarde voldoen moet word;</p> <p>(y) vereistes vir 'n geleentheidsgebruik, wat die volgende moet insluit:</p> <p style="padding-left: 20px;">(i) parkering en die getal vereiste ablusiegeriewe;</p> <p style="padding-left: 20px;">(ii) die maksimum duur of voorkoms van die geleent-heidsgebruik; en</p> <p style="padding-left: 20px;">(iii) parameters wat met 'n vergunningsgebruik inge- volge die soneringskema verband hou;</p> <p>(z) die betaling van 'n strydighedsheffing ten opsigte van die onwettige aanwending van grond.</p> <p>(3) Indien die munisipaliteit 'n voorwaarde beoog in subartikel (2)(a) of (b) oplê, moet 'n ooreenkoms vir inge- nieursdienste tussen die munisipaliteit en die eienaar van die betrokke grond gesluit word voor die bouwerk aan infras- truktuur op die grond begin.</p> <p>(4) 'n Voorwaarde beoog in subartikel (2)(c) kan slegs 'n propor- sionele bydrae tot munisipale openbare uitgawes vereis vol- gens die normale behoefte daaraan wat uit die goedkeuring voortspruit, soos bepaal deur die munisipaliteit ooreenkom- stig artikel 93(7) en enige ander toepaslike provinsiale norme en standaarde.</p> <p>(5) Munisipale openbare uitgawes beoog in subartikel (4) sluit munisipale openbare uitgawes in wat met die volgende munisipaledienste-infrastruktuur en -geriewe verband hou, maar is nie daartoe beperk nie—</p> |
|--|--|

- (a) community facilities, including play equipment, street furniture, crèches, clinics, sports fields, indoor sports facilities or community halls;
 - (b) nature conservation;
 - (c) energy conservation;
 - (d) climate change; or
 - (e) engineering services.
- (6) Except for land needed for public places or internal engineering services, any additional land required by the municipality or other organs of state arising from an approved subdivision must be acquired subject to the applicable laws that provide for the acquisition or expropriation of land.
- (7) An owners' association or home owners' association that came into being by virtue of a condition imposed under the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985) and that exists immediately before the commencement of this by-law is regarded as an owners' association that came into being by virtue of a condition imposed by the municipality in accordance with this by-law.
- (8) The municipality may not approve a land use application subject to a condition that approval in terms of other legislation is required.
- (9) Conditions requiring a standard to be met must specifically refer to an approved or published standard.
- (10) No conditions may be imposed that rely on a third party for fulfilment.
- (11) If the municipality approves a land use application subject to conditions, it must specify which conditions must be complied with before the sale, development or transfer of the land.
- (12) The municipality may, on its own initiative in terms of section 25(6) or on application in terms of section 25(2), amend, delete or impose additional conditions after having given due notice to the owner and any persons whose rights may be affected.

CHAPTER VII EXTENSION OF VALIDITY PERIOD OF APPROVALS

Applications for extension of validity period

77. (1) Subject to section 43(2) of the Spatial Planning and Land Use Management Act, the municipality may approve an application for the extension of a validity period imposed in terms of a condition of approval, on a date before or after the expiry of the validity period of an approval, if the application for the extension of the period was submitted before the expiry of the validity period.
- (2) When the municipality considers an application in terms of subsection (1), it must have regard to the following—
- (a) whether the circumstances prevailing at the time of the original approval have materially changed;
 - (b) whether the legislative or policy requirements applicable to the approval that prevailed at the time of the original approval have materially changed; and
 - (c) whether there is a pending review application in court which may have an effect on the date of implementation of the approval.
- (3) If there are material changes in circumstances or in legislative or policy requirements that will necessitate new conditions of approval if an extension of a validity period is approved, an application contemplated in section 25(2)(h)

- (a) gemeenskapsfasiliteite, met inbegrip van speeltoerusting, straatmeubels, bewaarskole, klinieke, sportgronde, binnenshuise sportfasiliteite of gemeenskapsale;
 - (b) natuurbewaring;
 - (c) energiebesparing;
 - (d) klimaatsverandering; of
 - (e) ingenieursdienste.
- (6) Behalwe vir grond wat vir openbare plekke of interne ingenieursdienste benodig word, moet enige bykomende grond benodig deur die munisipaliteit of ander staatsorgane wat uit 'n goedgekeurde onderverdeling voortspruit, verkry word behoudens die toepaslike wette wat vir die verkryging of onteining van grond voorsiening maak.
- (7) 'n Eienaarsvereniging of huiseienaarsvereniging wat uit hoofde van 'n voorwaarde opgelê kragtens die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985), tot stand gekom het en wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Verordening bestaan, word geag as 'n eienaarsvereniging wat uit hoofde van 'n voorwaarde opgelê deur die munisipaliteit ooreenkomstig hierdie Verordening tot stand gekom het.
- (8) Die munisipaliteit mag nie 'n grondgebruikaansoek goedkeur behoudens 'n voorwaarde dat goedkeuring ingevolge ander wetgewing vereis word nie.
- (9) Voorwaardes wat vereis dat daar aan 'n standaard voldoen moet word, moet spesifiek na 'n goedgekeurde of gepubliseerde standaard verwys.
- (10) Geen voorwaardes mag opgelê word wat op 'n derde party vir voldoening staatmaak nie.
- (11) Indien die munisipaliteit 'n grondgebruikaansoek behoudens voorwaardes goedkeur, moet hy vermeld welke voorwaardes aan voldoen moet word voor die verkoop, ontwikkeling of oordrag van die grond.
- (12) Die munisipaliteit kan, uit eie beweging ingevolge artikel 25(6) of by aansoek ingevolge artikel 25(2), na behoorlike kennisgewing aan die eienaar en enige persone wie se regte moontlik geraak word, voorwaardes wysig, skrap of bykomende voorwaardes oplê.

HOOFSTUK VII VERLENGING VAN GELDIGHEIDSTYDPERK VAN GOEDKEURINGS

Aansoeke om verlenging van geldigheidstydperk

77. (1) Behoudens artikel 43(2) van die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur kan die munisipaliteit 'n aansoek om die verlenging van 'n geldigheidstydperk opgelê ingevolge 'n voorwaarde van goedkeuring goedkeur op 'n datum voor of na die verstryking van die geldigheidstydperk van 'n goedkeuring indien die aansoek om die verlenging van die tydperk voor die verstryking van die geldigheidstydperk ingedien is.
- (2) Wanneer die munisipaliteit 'n aansoek ingevolge subartikel (1) oorweeg, moet hy die volgende in ag neem—
- (a) of die omstandighede wat ten tye van die oorspronklike goedkeuring gegeld het wesenlik verander het;
 - (b) of die vereistes van wetgewing of beleid wat op die goedkeuring van toepassing was en wat ten tyde van die oorspronklike goedkeuring gegeld het wesenlik verander het; en
 - (c) of daar 'n hangende hersieningsaansoek voor die hof is wat 'n uitwerking op die datum van implementering van die goedkeuring kan hê.
- (3) Indien daar wesenlike veranderinge in omstandighede of in vereistes van wetgewing of beleid is wat nuwe voorwaardes van goedkeuring sal noodsaak indien 'n verlenging van 'n geldigheidstydperk goedgekeur word, moet 'n aansoek beoog in artikel 25(2)(h) voor of gelyktydig met die aansoek om die

must be submitted for consideration before or simultaneously with the application for the extension of a validity period.

- (4) The extended validity period takes effect on and is reckoned from the expiry date of the validity period applicable to the original approval or from the expiry date of the previously extended validity period approved in terms of this by-law.

CHAPTER VIII MUNICIPAL PLANNING DECISION-MAKING STRUCTURES

Municipal planning decision-making structures

78. Applications are decided by—

- (a) an authorised employee who has been authorised by the municipality to consider and determine the applications contemplated in subsection 79(1);
- (b) the Tribunal, where the powers and duties to consider and determine an application have not been delegated to an authorised employee contemplated in section 79(2); or
- (c) the Appeal Authority where an appeal has been lodged against a decision of the authorised employee or the Tribunal.

Consideration of applications

79. (1) The municipality may categorise applications for consideration and determination by an authorised employee and must delegate the powers and duties to decide on those applications to that authorised employee.
- (2) The Tribunal considers and determines all applications, other than those in respect of which the powers and duties to consider and determine them have been assigned and delegated to an authorised employee in terms of subsection (1).

Establishment of Tribunal

80. (1) The municipality must—

- (a) establish a Municipal Planning Tribunal for its municipal area;
 - (b) by agreement with one or more municipalities establish a joint Municipal Planning Tribunal; or
 - (c) agree to the establishment of a district Municipal Planning Tribunal by the district municipality.
- (2) An agreement referred to in subsection (1)(b) or (c) must provide for—
- (a) the composition of the Tribunal;
 - (b) the terms and conditions of appointment of members of the Tribunal;
 - (c) the determination of rules and procedures at meetings of the Tribunal; and
 - (d) other matters as may be prescribed in terms of the Spatial Planning and Land Use Management Act.

Composition of Tribunal for municipal area

81. (1) A Tribunal established in terms of subsection 80(1)(a) must consist of at least the following members appointed by the Council—
- (a) three employees in the full-time service of the municipality; and
 - (b) two persons who are not employees of the municipality or councillors.
- (2) The members of the Tribunal must have knowledge and experience of land use planning or the law related thereto and be representative of a broad range of appropriate experience and expertise.

verlenging van 'n geldigheidsydperk vir oorweging ingedien word.

- (4) Die verlengde geldigheidsydperk tree in werking op en word gereken vanaf die verstrykingsdatum van die geldigheidsydperk van toepassing op die oorspronklike goedkeuring of vanaf die verstrykingsdatum van die voorheen verlengde geldigheidsydperk wat ingevolge hierdie Verordening goed-gekeur is.

HOOFSTUK VIII BESLUITNEMINGSTRUKTURE VIR MUNISIPALE BEPLANNING

Besluitnemingsstrukture vir munisipale beplanning

78. Aansoeke word oor besluit deur—

- (a) 'n gemagtigde werknemer wat deur die munisipaliteit gemagtig is om die aansoeke beoog in subartikel 79(1) te oorweeg en te bepaal;
- (b) die Tribunaal, waar die bevoegdhede en pligte om 'n aansoek te oorweeg en te bepaal nie aan 'n gemagtigde werknemer gedelegeer is nie, soos beoog in artikel 79(2); of
- (c) die Appèlgesag, waar appèl aangeteken is teen 'n besluit van die gemagtigde werknemer of die Tribunaal.

Oorweging van aansoeke

79. (1) Die munisipaliteit kan aansoeke vir die oorweging en bepaling van 'n gemagtigde werknemer kategoriseer en moet die bevoegdhede en pligte om oor daardie aansoeke te besluit aan daardie gemagtigde werknemer deleger.
- (2) Die Tribunaal oorweeg en bepaal alle aansoeke, behalwe daardie ten opsigte waarvan die bevoegdhede en pligte om dit te oorweeg en te bepaal aan 'n gemagtigde werknemer ingevolge subartikel (1) opgedra en gedelegeer is.

Instelling van Tribunaal

80. (1) Die munisipaliteit moet—

- (a) 'n Munisipale Beplanningstribunaal vir sy munisipale gebied instel;
 - (b) by ooreenkoms met een of meer munisipaliteite 'n gesamentlike Munisipale Beplanningstribunaal instel; of
 - (c) toestem tot die instelling deur die distriksmunisipaliteit van 'n distriks- Munisipale Beplanningstribunaal.
- (2) 'n Ooreenkoms bedoel in subartikel (1)(b) of (c) moet vir die volgende voorsiening maak—
- (a) die samestelling van die Tribunaal;
 - (b) die bepalings en voorwaardes van aanstelling van lede van die Tribunaal;
 - (c) die bepaling van reëls en prosedures by vergaderings van die Tribunaal; en
 - (d) ander aangeleenthede soos ingevolge die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur voorgeskryf kan word.

Samestelling van Tribunaal vir munisipale gebied

81. (1) 'n Tribunaal wat ingevolge subartikel 80(1)(a) ingestel word, moet uit minstens die volgende lede aangestel deur die Raad bestaan—
- (a) drie werknemers voltyds in diens van die munisipaliteit; en
 - (b) twee persone wat nie werknemers van die munisipaliteit of raadslede is nie.
- (2) Die lede van die Tribunaal moet kennis en ondervinding van grondgebruikbeplanning of die reg wat daarmee verband hou hê en verteenwoordigend wees van 'n wye reeks gepaste ondervinding en kundigheid.

- (3) A member of the Tribunal appointed in terms of subsection (1)(b) may be—
- (a) an official or employee of—
 - (i) any department of state or administration in the national or provincial sphere of government;
 - (ii) a government business enterprise;
 - (iii) a public entity;
 - (iv) organised local government as envisaged in the Constitution;
 - (v) an organisation created by government to provide municipal support;
 - (vi) a non-governmental organisation; and
 - (vii) any other organ of state not provided for in subparagraph (i) to (iv); or
 - (b) an individual in his or her own capacity.

Process for appointment of members for Tribunal for municipal area

82. (1) The members of the Tribunal referred to in subsection 81(1)(b) may be appointed by the Council only after the municipality has—
- (a) in the case of an official or employee contemplated in section 81(3)(a), extended a written invitation to nominate an official or employee to serve on the Tribunal to the departments in the national and provincial sphere of government, other organs of state and organisations referred to in section 81(3)(a); and
 - (b) in the case of member contemplated in 81(3)(b), by notice in a newspaper in circulation in the municipal area, invited interested parties to submit, within the period stated in the notice, names of persons who meet the requirements to be so appointed.
- (2) An invitation for nominations must—
- (a) request sufficient information to enable the municipality to evaluate the knowledge and experience of the nominee;
 - (b) request a written nomination in the form that the municipality determines that complies with subsection (3).
- (3) A nomination in response to an invitation must—
- (a) permit self-nomination or provide for acceptance of the nomination by the nominee;
 - (b) include confirmation by the nominee that he or she is not disqualified from serving as a member in terms of section 84;
 - (c) include agreement by the nominee that the municipality may verify all the information provided by the nominee;
 - (d) include a statement that the nominee will be obliged to commit to and uphold a code of conduct if her or she is appointed; and
 - (e) provide for a closing date for nominations which date may be no less than 14 days from the date of publication of the invitation in terms of subsection(1)(b) or the written invitation in terms of subsection (1)(a) and no nominations submitted after that date may be evaluated by the municipality.
- (4) If no or insufficient nominations are received or if the nominees do not possess the requisite knowledge and skills or comply with any additional criteria which may have been determined by the municipality, the municipality must invite nominations for a second time and follow the process required for the invitation for nominations referred to in this section.

- (3) 'n Lid van die Tribunaal aangestel ingevolge subartikel (1)(b) kan—
- (a) 'n amptenaar of werknemer wees van—
 - (i) enige staatsdepartement of administrasie in die nasionale of provinsiale regeringsfeer;
 - (ii) 'n regeringsbesigheidsonderneming;
 - (iii) 'n openbare instelling;
 - (iv) georganiseerde plaaslike regering soos beoog in die Grondwet;
 - (v) 'n organisasie geskep deur die regering om munisipale ondersteuning te verskaf;
 - (vi) 'n nie-regeringsorganisasie; en
 - (vii) enige ander staatsorgaan waarvoor daar nie voorsiening gemaak is in subparagrafe (i) tot (iv) nie; of
 - (b) 'n individu in sy of haar eie hoedanigheid wees.

Proses vir aanstelling van lede van Tribunaal vir munisipale gebied

82. (1) Die lede van die Tribunaal bedoel in subartikel 81(1)(b) kan aangestel word deur die Raad slegs nadat die munisipaliteit—
- (a) in die geval van 'n amptenaar of werknemer beoog in artikel 81(3)(a), 'n skriftelike uitnodiging gestuur het aan die departemente in die nasionale en provinsiale regeringsfeer, ander staatsorgane en ander organisasies bedoel in artikel 81(3)(a) om 'n amptenaar of werknemer te benoem om in die Tribunaal te dien; en
 - (b) in die geval van 'n lid beoog in artikel 81(3)(b), by kennisgewing in 'n koerant in omloop in die munisipale gebied, belanghebbende partye uitgenooi het om binne die tydperk vermeld in die kennisgewing name in te dien van persone wat aan die vereistes voldoen om aldus aangestel te word.
- (2) 'n Uitnodiging vir benoemings moet—
- (a) genoeg inligting versoek om die munisipaliteit in staat te stel om die kennis en ondervinding van die benoemde te evalueer;
 - (b) 'n skriftelike benoeming versoek in die vorm wat die munisipaliteit bepaal wat aan subartikel (3) voldoen.
- (3) 'n Benoeming in antwoord op 'n uitnodiging moet—
- (a) selfbenoeming toelaat of voorsiening maak vir die aanvaarding van die benoeming deur die benoemde;
 - (b) bevestiging deur die benoemde bevat dat hy of sy nie ingevolge artikel 84 gediskwalifiseer is om as 'n lid te dien nie;
 - (c) instemming deur die benoemde bevat dat die munisipaliteit alle inligting verskaf deur die benoemde kan nagaan;
 - (d) 'n verklaring bevat dat die benoemde verplig sal wees om hom- of haarself te verbind aan 'n gedragskode en om die gedragskode te handhaaf indien hy of sy aangestel word; en
 - (e) voorsiening maak vir 'n sluitingsdatum vir benoemings, welke datum nie minder as 14 dae mag wees vanaf die datum van publikasie van die uitnodiging ingevolge subartikel (1)(b) of die skriftelike uitnodiging ingevolge subartikel (1)(a) nie, en geen benoemings wat na daardie datum ingedien word mag deur die munisipaliteit oorweeg word nie.
- (4) Indien geen of nie genoeg benoemings ontvang word nie of indien die benoemdes nie oor die vereiste kennis en vaardighede beskik nie of nie aan enige bykomende maatstawwe voldoen wat die munisipaliteit moontlik bepaal het nie, moet die munisipaliteit 'n tweede keer benoemings uitnoodi en die vereiste proses vir die uitnodiging van benoemings bedoel in hierdie artikel volg.

- (5) If after the second invitation for nominations, no or insufficient nominations are received or if the nominees do not possess the requisite knowledge and skills or comply with any additional criteria which may have been determined by the municipality, the executive authority of the municipality must designate persons who possess the requisite knowledge and skills and comply with any additional criteria which may have been determined by the municipality and appoint the person.
- (6) Nominations submitted to the municipality by virtue of subsection (1) must be submitted in writing in the form determined by the municipality and must contain the contents referred to in subsection. (3).
- (7) The municipality must convene an evaluation panel consisting of officials in the employ of the municipality to evaluate nominations that comply with this section as received by the municipality and determine the terms of reference of that evaluation panel.
- (8) The Council must appoint the members of the Tribunal after having regard to—
- (a) the recommendations of the evaluation panel;
 - (b) the knowledge and experience of candidates in respect of land use planning or the law related thereto;
 - (c) the requirement that the members of the Tribunal must be representative of a broad range of appropriate experience and expertise;
 - (d) the powers and duties of the Tribunal; and
 - (e) the policy of the municipality in respect of the promotion of persons previously disadvantaged by unfair discrimination.
- (9) The Council may not appoint any person to the Tribunal if that person—
- (a) was not nominated in accordance with the provisions of this section;
 - (b) is disqualified from appointment as contemplated in section 84; or
 - (c) if he or she does not possess the knowledge or experience required in terms of section 81(2).
- (10) The Council must designate from among the members of the Tribunal—
- (a) the chairperson of the Tribunal; and
 - (b) another member as deputy chairperson, to act as chairperson of the Tribunal when the chairperson is absent or unable to perform his or her duties.
- (11) The municipal manager must—
- (a) inform the members in writing of their appointment;
 - (b) obtain written confirmation from the Council that the Council is satisfied that the Tribunal is in a position to commence its operations; and
 - (c) after receipt of the confirmation referred to in paragraph (a), publish a notice in the *Provincial Gazette* of the following—
 - (i) the name of each member of the Tribunal;
 - (ii) the date on which the appointment of each member takes effect;
 - (iii) the term of office of each member; and
 - (iv) the date that the Tribunal will commence its operation.
- (12) The Tribunal may commence its operations only after publication of the notice contemplated in subsection (11)(c).
- (5) Indien daar na die tweede uitnodiging vir benoemings geen of onvoldoende benoemings ontvang is of indien die benoemdes nie oor die vereiste kennis en vaardighede beskik of nie voldoen aan enige bykomende maatstawwe wat die munisipaliteit moontlik bepaal het nie, moet die uitvoerende gesag van die munisipaliteit persone aanwys wat oor die vereiste kennis en ondervinding beskik en aan enige bykomende maatstawwe voldoen wat die munisipaliteit moontlik bepaal het en die persoon aanstel.
- (6) Benoemings wat uit hoofde van subartikel (1) by die munisipaliteit ingedien is, moet op skrif en in die vorm wees wat die munisipaliteit bepaal en moet die inhoud bedoel in subartikel (3) bevat.
- (7) Die munisipaliteit moet 'n evalueringspaneel byeenroep wat uit amptenare in diens van die munisipaliteit bestaan om benoemings wat aan hierdie artikel voldoen soos ontvang deur die munisipaliteit te evalueer en die opdrag aan daardie evalueringspaneel bepaal.
- (8) Die Raad moet lede van die Tribunaal aanstel na inagneming van—
- (a) die aanbevelings van die evalueringspaneel;
 - (b) die kennis en ondervinding van kandidate ten opsigte van grondgebruikbeplanning of die reg wat daarop betrekking het;
 - (c) die vereiste dat die lede van die Tribunaal verteenwoordigend moet wees van 'n wye verskeidenheid van gepaste ondervinding en kundigheid;
 - (d) die bevoegdhede en pligte van die Tribunaal; en
 - (e) die beleid van die munisipaliteit ten opsigte van die bevordering van persone wat voorheen deur onregverdigde diskriminasie benadeel is.
- (9) Die Raad mag nie enige persoon in die Tribunaal aanstel indien daardie persoon—
- (a) nie ooreenkomstig die bepalings van hierdie artikel benoem is nie;
 - (b) van aanstelling gediskwalifiseer is soos beoog in artikel 84; of
 - (c) nie oor die kennis en ervaring vereis ingevolge artikel 81(2) beskik nie.
- (10) Die Raad moet onder die lede van die Tribunaal die volgende aanwys—
- (a) die voorsitter van die Tribunaal; en
 - (b) 'n ander lid as adjunkvoorsitter, om as voorsitter van die Tribunaal waar te neem wanneer die voorsitter afwesig is of nie in staat is om sy of haar pligte uit te voer nie.
- (11) Die munisipale bestuurder moet—
- (a) die lede skriftelik van hul aanstelling in kennis stel;
 - (b) van die Raad skriftelike bevestiging bekom dat die Raad tevrede is dat die Tribunaal in staat is om met sy bedrywighede te begin; en
 - (c) na ontvangs van die bevestiging bedoel in paragraaf (a) 'n kennisgewing van die volgende in die *Provinsiale Koerant* publiseer—
 - (i) die naam van elke lid van die Tribunaal;
 - (ii) die datum waarop die aanstelling van elke lid in werking tree;
 - (iii) die ampstermyn van elke lid; en
 - (iv) die datum waarop die Tribunaal met sy bedrywighede sal begin.
- (12) Die Tribunaal mag slegs na die publiserings van die kennisgewing beoog in subartikel (11)(c) met sy bedrywighede begin.

Term of office and conditions of service of members of Tribunal for municipal area

- 83.** (1) A member of a Tribunal contemplated in section 80(1)(a)—
- (a) is appointed for five years or a shorter period as the municipality may determine; and
 - (b) may be appointed for further terms, subject to section 37(1) of the Spatial Planning and Land Use Management Act.
- (2) The office of a member becomes vacant if—
- (a) the member is absent from two consecutive meetings of the Tribunal without the leave of the chairperson of the Tribunal;
 - (b) the member tenders his or her resignation in writing to the chairperson of the Tribunal;
 - (c) the member is removed from the Tribunal under subsection (3); or
 - (d) the member dies.
- (3) The Council may, after having given the member an opportunity to be heard, remove a member of the Tribunal if—
- (a) sufficient grounds exist for his or her removal;
 - (b) the member contravenes the code of conduct referred to in section 86;
 - (c) the member becomes subject to a disqualification from membership of the Tribunal as referred to in section 84.
- (4) A vacancy on the Tribunal must be filled by the Council in terms of section 81 and 82.
- (5) A member who is appointed by virtue of subsection (4) holds office for the unexpired part of the period for which the member he or she replaces was appointed.
- (6) Members of the Tribunal referred to in section 81(1)(b) must be appointed on the terms and conditions and must be paid the remuneration and allowances and be reimbursed for expenses, as determined by the Council.
- (7) An official of the municipality appointed in terms of section 81(1)(a) as a member of the Tribunal—
- (a) may only serve as member of the Tribunal for as long as he or she is in the full-time employ of the municipality;
 - (b) is bound by the conditions of service determined in his or her contract of employment and is not entitled to additional remuneration, allowances, leave or sick leave or any other employee benefit as a result of his or her membership on the Tribunal.
- (8) A person appointed in terms of section 81(1)(b) as a member of the Tribunal—
- (a) is not an employee on the staff establishment of the municipality;
 - (b) in the case of a person referred to in section 81(3)(a), is bound by the conditions of service determined in his or her contract of employment and is not entitled to additional remuneration, allowances, leave or sick leave or any other employee benefit as a result of his or her membership of the Tribunal;
 - (c) performs the specific tasks in respect of the consideration of an application allocated to him or her by the chairperson of the Tribunal;
 - (d) sits at such meetings of the Tribunal that requires his or her relevant knowledge and experience as determined by the chairperson of the Tribunal;
 - (e) in the case of a person referred to in section 81(3)(b), is entitled to a seating and travel allowance as determined by the municipality for each meeting of the Tribunal that he or she is required to attend; and

Ampstermyn en diensvoorwaardes van lede van Tribunaal vir munisipale gebied

- 83.** (1) 'n Lid van 'n Tribunaal beoog in artikel 80(1)(a)—
- (a) word aangestel vir vyf jaar of 'n korter tydperk wat die munisipaliteit kan bepaal; en
 - (b) kan vir verdere termyne aangestel word behoudens artikel 37(1) van die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur.
- (2) Die amp van 'n lid raak vakant indien—
- (a) die lid van twee opeenvolgende vergaderings van die Tribunaal afwesig is sonder die verlof van die voorsitter van die Tribunaal;
 - (b) die lid sy of haar bedanking skriftelik by die voorsitter van die Tribunaal indien;
 - (c) die lid kragtens subartikel (3) uit die Tribunaal verwyder word; of
 - (d) die lid sterf.
- (3) Die Raad kan, nadat hy die lid 'n geleentheid gegun het om sy of haar saak te stel 'n lid van die Tribunaal verwyder indien—
- (a) voldoende gronde vir sy of haar verwydering bestaan;
 - (b) die lid die gedragskode bedoel in artikel 86 oortree;
 - (c) die lid aan 'n diskwalifisering van lidmaatskap soos bedoel in artikel 84 onderworpe raak.
- (4) 'n Vakature in die Tribunaal moet deur die Raad ingevolge artikels 81 en 82 gevul word.
- (5) 'n Lid wat uit hoofde van subartikel (4) aangestel word, beklee die amp vir die onverstreke gedeelte van die tydperk waarvoor die lid wat hy of sy vervang, aangestel was.
- (6) Lede van die Tribunaal bedoel in artikel 81(1)(b) moet op die bepalings en voorwaardes aangestel word en die vergoeding en toelaes betaal word en vir uitgawes vergoed word soos bepaal deur die Raad.
- (7) 'n Amptenaar van die munisipaliteit aangestel ingevolge artikel 81(1)(a) as 'n lid van die Tribunaal—
- (a) mag as lid van die Tribunaal dien slegs vir solank hy of sy voltyds in diens van die munisipaliteit is;
 - (b) is onderworpe aan die diensvoorwaardes bepaal in sy of haar werkskontrak en is nie geregtig op bykomende vergoeding, toelaes, verlof of siekteverlof of enige ander werknemersvoordeel as gevolg van sy of haar lidmaatskap van die Tribunaal nie.
- (8) 'n Persoon wat ingevolge artikel 81(1)(b) as 'n lid van die Tribunaal aangestel word—
- (a) is nie 'n werknemer op die diensstaat van die munisipaliteit nie;
 - (b) in die geval van 'n persoon bedoel in artikel 81(3)(a), is onderworpe aan die diensvoorwaardes bepaal in sy of haar werkskontrak en is nie geregtig op bykomende vergoeding, toelaes, verlof of siekteverlof of enige ander werknemersvoordeel as gevolg van sy of haar lidmaatskap van die Tribunaal nie;
 - (c) verrig die bepaalde take ten opsigte van die oorweging van 'n aansoek aan hom of haar toegewys deur die voorsitter van die Tribunaal;
 - (d) sit by sodanige vergaderings van die Tribunaal wat sy of haar tersaaklike kennis en ondervinding benodig soos bepaal deur die voorsitter van die Tribunaal;
 - (e) in die geval van 'n persoon bedoel in artikel 81(3)(b), is geregtig op 'n bywonings- en reistoelaag soos bepaal deur die munisipaliteit vir elke vergadering van die Tribunaal waar dit van hom of haar vereis word om by te woon; en

- (f) in the case of a person referred to in section 81(3)(b), is not entitled to overtime, annual leave, sick leave, maternity leave, family responsibility leave, study leave, special leave, a performance bonus, medical scheme contribution, pension, motor vehicle or any other benefit to which a municipal employee is entitled to.
- (9) The allowances referred to in subsection (8)(e) are subject to taxation in accordance with the normal tax rules that are issued by the South African Revenue Service.

Disqualification from membership of Tribunal

84. (1) A person may not be appointed or continue to serve as a member of the Tribunal if that person—
- is not a citizen or permanent resident of the Republic of South Africa;
 - is a member of Parliament, a provincial legislature, a Municipal Council or a House of Traditional Leaders;
 - is an unrehabilitated insolvent;
 - has been declared by a court of law to be mentally incompetent or has been detained under the Mental Health Care Act, 2002 (Act 17 of 2002);
 - has at any time been convicted of an offence involving dishonesty;
 - has at any time been removed from an office of trust on account of misconduct;
 - has previously been removed from a tribunal for a breach of the Spatial Planning and Land Use Management Act or this by-law;
 - has been found guilty of misconduct, incapacity or incompetence; or
 - fails to comply with the Spatial Planning and Land Use Management Act or this by-law.
- (2) A member must vacate office if that member becomes subject to a disqualification as contemplated in subsection (1).
- (3) A member of a Tribunal—
- must make full disclosure of any conflict of interest, including any potential conflict; and
 - may not attend, participate or vote in any proceedings of the Tribunal in relation to any matter in respect of which the member has a conflict of interest.
- (4) For the purposes of this section, a member has a conflict of interest if—
- the member, a family member, partner or business associate of the member is the applicant or has a pecuniary or other interest in the matter before the Tribunal;
 - the member has any other interest that may preclude or may reasonably be perceived as precluding the member from performing the functions of the member in a fair, unbiased and proper manner;
 - the member is an official in the employ of national, provincial or local government, if the department by which such an official is employed, has a direct or substantial interest in the outcome of the matter.
- (5) The Council may at any time remove any member of the Tribunal from office—
- if there are reasonable grounds justifying the removal; or
 - where a member has been disqualified in terms of subsection (1), after giving such a member an opportunity to be heard.

- (f) in die geval van 'n persoon bedoel in artikel 81(3)(b), is nie geregtig op oortydbesoldiging, jaarverlof, siekteverlof, kraamverlof, gesinsverantwoordelikeverlof, studieverlof, spesiale verlof, 'n prestasiebonus, mediese-fondsbydrae, pensioen, motorvoertuigvoordele of enige ander voordeel waarop 'n munisipale werknemer geregtig is nie.

- (9) Die toelaes bedoel in subartikel (8)(e) is onderworpe aan belasting ooreenkomstig die gewone belastingreëls wat deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens uitgereik word.

Diskwalifikasie van lidmaatskap van Tribunaal

84. (1) 'n Persoon mag nie aangestel word of voortgaan om te dien as lid van die Tribunaal nie indien daardie persoon—
- nie 'n landsburger of permanente inwoner van die Republiek van Suid-Afrika is nie;
 - 'n lid van die Parlement, 'n provinsiale wetgewer, 'n Munisipale Raad of 'n Huis van Tradisionele Leiers is;
 - 'n ongerehabiliteerde insolvent is;
 - geestesonbevoeg verklaar is deur 'n geregshof of vantevore aangehou is kragtens die "Mental Health Care Act, 2002" (Wet 17 van 2002);
 - te eniger tyd skuldig bevind is van 'n misdryf waar oneerlikheid betrokke was;
 - te eniger tyd weens wangedrag uit 'n vertrouenspos verwyder is;
 - voorheen uit 'n tribunaal verwyder is vir 'n oortreding van die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur of hierdie Verordening;
 - skuldig bevind is aan wangedrag, onvermoë of onbevoegdheid; of
 - versuim om aan die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur of hierdie Verordening te voldoen.
- (2) 'n Lid moet sy of haar amp verlaat indien daardie lid onderworpe word aan 'n diskwalifikasie soos beoog in subartikel (1).
- (3) 'n Lid van 'n Tribunaal—
- moet enige konflik van belang, met inbegrip van 'n moontlike konflik, volledig verklaar; en
 - mag nie enige verrigtinge van die Tribunaal in verband met enige aangeleentheid ten opsigte waarvan die lid 'n konflik van belang het bywoon, daaraan deelneem of daaroor stem nie.
- (4) Vir die doeleindes van hierdie artikel het 'n lid 'n konflik van belang indien—
- die lid, 'n familielid, vennoot of sakegenoot van die lid die aansoeker is of 'n geldelike of ander belang by die aangeleentheid voor die Tribunaal het;
 - die lid enige ander belang het wat hom of haar kan verhinder of wat redelikerwys beskou kan word as dat dit die lid verhinder om die werksaamhede van die lid op 'n regverdige, onbevooroordeelde en behoorlike wyse te verrig;
 - die lid 'n amptenaar in diens van die nasionale, provinsiale of plaaslike regering is, indien die departement waar die amptenaar in diens is 'n direkte of wesenlike belang het by die uitkomst van die aangeleentheid.
- (5) Die Raad kan te eniger tyd 'n lid van die Tribunaal uit sy of haar amp verwyder—
- indien daar redelike gronde is om die verwydering te regverdig; of
 - waar 'n lid ingevolge subartikel (1) gediskwalifiseer is, nadat so 'n lid 'n geleentheid gegee is om sy of haar saak te stel.

- (6) If a member's appointment is terminated or the member resigns, the Council may appoint a person to fill the vacancy for the unexpired portion of the vacating member's term of office, in accordance with sections 81 and 82.

Meetings of Tribunal for municipal area

- 85.** (1) Subject to section 88, the Tribunal contemplated in section 80(1)(a) must determine its own internal arrangements, proceedings and procedures and those of its committees by drafting rules for—
- (a) the convening of meetings;
 - (b) the procedure at meetings; and
 - (c) the frequency of meetings.
- (2) The Tribunal may constitute itself to comprise one or more panels to determine—
- (a) applications in specific geographical areas;
 - (b) applications in specific areas within the municipality; or
 - (c) a particular application or type or category of application.
- (3) In this section, unless the context indicates otherwise, 'the Tribunal' includes a panel of the Tribunal contemplated in subsection (2).
- (4) The Tribunal must meet at the time and place determined by the chairperson or in the case of a panel, the presiding officer provided that it must meet at least once per month if there is an application to consider.
- (5) If the Tribunal constitutes itself to comprise a panel, the Tribunal must designate at least three members of the Tribunal to be members of that panel, of whom one must at least be a member contemplated in section 81(1)(b).
- (6) A quorum for a meeting of the Tribunal is the simple majority of its appointed members.
- (7) A quorum for a meeting of a panel of the Tribunal is—
- (a) the greater of a simple majority of its designated members or
 - (b) three, if the panel consist of only three members.
- (8) Meetings of the Tribunal or a panel of the Tribunal must be held as contemplated in this section and section 88 in accordance with the rules of the Tribunal.

Code of conduct for members of Tribunal for municipal area

- 86.** (1) The code of conduct in Schedule 1 applies to every member of a Tribunal contemplated in section 81(1).
- (2) If a member contravenes the code of conduct, the Council may—
- (a) in the case of member contemplated in section 81(1)(a), institute disciplinary proceedings against the member;
 - (b) remove the member from office.

Administrator for Tribunal for municipal area

- 87.** (1) The municipal manager must appoint or designate an employee as the Administrator and other staff for the Tribunal contemplated in section 70(1)(a) in terms of the Municipal Systems Act.
- (2) The Administrator must—
- (a) liaise with the relevant Tribunal members and the parties concerned regarding any application filed with, or other proceedings of, the Tribunal;
 - (b) maintain a diary of meetings of the Tribunal;
 - (c) allocate a meeting date for, and application number to, an application;
 - (d) arrange the attendance of members of the Tribunal at meetings;

- (6) Indien die aanstelling van 'n lid beëindig word of die lid bedank, kan die Raad 'n persoon aanstel om die vakature te vul vir die onverstreke gedeelte van die ampstermyn van die uittredende lid, ooreenkomstig artikels 81 en 82.

Vergaderings van Tribunaal vir munisipale gebied

- 85.** (1) Behoudens artikel 88 moet die Tribunaal beoog in artikel 80(1)(a) sy eie interne reëlings, verrigtinge en prosedures bepaal en dié van sy komitees, deur reëls op te stel vir—
- (a) die byeenroeping van vergaderings;
 - (b) die prosedure by vergaderings; en
 - (c) hoe gereeld vergaderings gehou word.
- (2) Die Tribunaal kan homself saamstel om een of meer panele uit te maak om die volgende te bepaal—
- (a) aansoeke in bepaalde geografiese gebiede;
 - (b) aansoeke in bepaalde gebiede binne die munisipaliteit; of
 - (c) 'n bepaalde aansoek of 'n soort, of 'n kategorie van, aansoek.
- (3) In hierdie artikel, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken "die Tribunaal" ook 'n paneel van die Tribunaal beoog in subartikel (2).
- (4) Die Tribunaal moet op die tyd en by die plek bepaal deur die voorsitter, of in die geval van 'n paneel, deur die voorsittende beampte, minstens een maal per maand vergader indien daar 'n aansoek is om te oorweeg.
- (5) Indien die Tribunaal homself saamstel om 'n paneel te vorm, moet die Tribunaal minstens drie lede van die Tribunaal aanwys om lede van daardie paneel te wees, waarvan minstens een 'n lid beoog in artikel 81(1)(b) moet wees.
- (6) 'n Kworum vir 'n vergadering van die Tribunaal is die gewone meerderheid van sy aangestelde lede.
- (7) 'n Kworum vir 'n vergadering van 'n paneel van die Tribunaal is—
- (a) 'n gewone meerderheid van sy aangewese lede; of
 - (b) drie, indien die paneel uit slegs drie lede bestaan.
- (8) Vergaderings van die Tribunaal of 'n paneel van die Tribunaal moet gehou word soos beoog in hierdie artikel en artikel 88 ooreenkomstig die reëls van die Tribunaal.

Gedragkode vir lede van Tribunaal vir munisipale gebied

- 86.** (1) Die gedragkode in Skedule 1 is van toepassing op elke lid van 'n Tribunaal beoog in artikel 81(1).
- (2) Indien 'n lid die gedragkode oortree, kan die Raad—
- (a) in die geval van 'n lid beoog in artikel 81(1)(a), dissiplinêre verrigtinge teen die lid instel;
 - (b) die lid uit sy of haar amp verwyder.

Administrateur vir Tribunaal vir munisipale gebied

- 87.** (1) Die munisipale bestuurder moet 'n werknemer as die Administrateur en ander personeel vir die Tribunaal beoog in artikel 70(1)(a) ingevolge die Munisipale Stelselwet aanstel of aanwys.
- (2) Die Administrateur moet—
- (a) met die tersaaklike Tribunaallede en die betrokke partye skakel oor enige aansoek wat ingedien is by, of oor ander verrigtinge van, die Tribunaal;
 - (b) 'n dagboek van vergaderings van die Tribunaal byhou;
 - (c) vir 'n aansoek 'n vergaderingsdatum en aansoeknommer toeken;
 - (d) die bywoning van vergaderings deur lede van die Tribunaal reël;

- (e) arrange venues for Tribunal meetings;
- (f) perform the administrative functions in connection with the proceedings of the Tribunal;
- (g) ensure that the proceedings of the Tribunal are conducted efficiently and in accordance with the directions of the chairperson of the Tribunal;
- (h) arrange the affairs of the Tribunal so as to ensure that time is available to liaise with other organs of state regarding the alignment of integrated applications and authorisations;
- (i) notify the parties concerned of decisions and procedural directives given by the Tribunal;
- (j) keep a record of all applications submitted to the Tribunal as well as the outcome of each, including—
 - (i) decisions of the Tribunal;
 - (ii) on-site inspections and any matter recorded as a result thereof;
 - (iii) reasons for decisions; and
 - (iv) proceedings of the Tribunal; and
- (k) keep records by any means as the Tribunal may deem expedient.

Functioning of Tribunal for municipal area

- 88.** (1) The meetings of the Tribunal contemplated in section 85(1)(a) must be held at the times and places as the chairperson may determine.
- (2) If an applicant or a person whose rights or legitimate expectations will be affected by the approval of an application, requests to make a verbal representation at a meeting of the Tribunal, he or she must submit a written request to the Administrator at least 14 days before that meeting.
- (3) The Chairperson may approve a request contemplated in subsection (2), subject to reasonable conditions.
- (4) An application may be considered by the Tribunal by means of—
- (a) the consideration of the written application and comments; or
 - (b) an oral hearing.
- (5) The application may be considered in terms of subsection (4)(a) if it appears to the Tribunal that the issues for determination of the application can be adequately determined in the absence of the parties by considering the documents or other material lodged with or provided to it.
- (6) An oral hearing may be held—
- (a) if it appears to the Tribunal that the issues for determination of the application cannot be adequately determined in the absence of the parties by considering the documents or other material lodged with or provided to it; or
 - (b) if such hearing would assist in the expeditious and fair disposal of the application.
- (7) If appropriate in the circumstances, the oral hearing may be held by electronic means.

Appeals

- 89.** (1) The executive mayoral committee is the Appeal Authority in respect of decisions of the Tribunal or an authorised employee contemplated in sections 78(a) or (b) and a failure to decide on an application as contemplated in section 68.
- (2) A person whose rights are affected by a decision contemplated in subsection (1) may appeal in writing to the Appeal Authority within 21 days of notification of the decision.

- (e) lokale vir Tribunaalvergaderings reël;
- (f) die administratiewe werksaamhede in verband met die verrigtinge van die Tribunaal uitvoer;
- (g) toesien dat die verrigtinge van die Tribunaal doelmatig en ooreenkomstig die opdragte van die voorsitter van die Tribunaal uitgevoer word;
- (h) die sake van die Tribunaal reël ten einde toe te sien dat tyd beskikbaar is om met ander staatsorgane te skakel oor die ooreenstemming van geïntegreerde aansoeke en magtigings;
- (i) die betrokke partye in kennis stel van besluite en prosedurele opdragte van die Tribunaal;
- (j) 'n rekord hou van alle aansoeke wat by die Tribunaal ingedien is asook van die uitslag van elkeen, met inbegrip van—
 - (i) besluite van die Tribunaal;
 - (ii) ondersoeke ter plaatse en enige aangeleentheid wat as gevolg daarvan aangeteken word;
 - (iii) redes vir besluite; en
 - (iv) verrigtinge van die Tribunaal; en
- (k) rekord hou op enige wyse wat die Tribunaal dienstig ag.

Funksionering van Tribunaal vir munisipale gebied

- 88.** (1) Die vergaderings van die Tribunaal beoog in artikel 85(1)(a) moet op die tye en by die plekke gehou word soos die voorsitter kan bepaal.
- (2) Indien 'n aansoeker, of 'n persoon wie se regte of regmatige verwagtinge deur die goedkeuring van 'n ondersoek geraak sal word, versoek om 'n mondelinge vertoog by 'n vergadering van die Tribunaal te rig, moet hy of sy minstens 14 dae voor daardie vergadering 'n skriftelike versoek by die Administrateur indien.
- (3) Die voorsitter kan 'n versoek beoog in subartikel (2) behourens redelike voorwaardes goedkeur.
- (4) 'n Aansoek kan deur die Tribunaal oorweeg word deur middel van—
- (a) die oorweging van die skriftelike aansoek en kommentaar; of
 - (b) 'n mondelinge verhoor.
- (5) Die aansoek kan ingevolge subartikel (4)(a) oorweeg word indien dit vir die Tribunaal blyk dat die aangeleentheid vir beslissing oor die aansoek in die afwesigheid van die partye voldoende bepaal kan word deur die dokumente of ander materiaal wat by die Tribunaal ingedien is of aan hom verskaf is, te oorweeg.
- (6) 'n Mondelinge verhoor kan gehou word—
- (a) indien dit vir die Tribunaal blyk dat die aangeleentheid vir beslissing oor die aansoek nie in die afwesigheid van die partye voldoende bepaal kan word deur die dokumente of ander materiaal te oorweeg wat by die Tribunaal ingedien is of aan hom verskaf is nie; of
 - (b) indien so 'n verhoor sal bydra tot die spoedige en regverdige afhandeling van die aansoek.
- (7) Indien toepaslik onder die omstandighede kan die mondelinge verhoor elektronies geskied.

Appèlle

- 89.** (1) Die uitvoerende burgemeesterskomitee is die Appèlgesag ten opsigte van besluite van die Tribunaal of 'n gemagtigde werknemer beoog in artikels 78(a) of (b) en 'n versuim om oor 'n aansoek te besluit soos beoog in artikel 68.
- (2) 'n Persoon wie se regte geraak word deur 'n besluit beoog in subartikel (1) kan binne 21 dae vanaf kennisgewing van die besluit skriftelik by die Appèlgesag appelleer.

- (3) An applicant may appeal in writing to the Appeal Authority in respect of the failure of the Tribunal or an authorised employee to make a decision within the period contemplated in section 67(1) or (2), any time after the expiry of the period contemplated in those sections.
- (4) An appeal is lodged by serving the appeal on the municipal manager in the form determined by the municipality and, in the case of an appeal contemplated in subsection (2), within the period contemplated in subsection (2).
- (5) When the Appeal Authority considers an appeal, it must have regard to—
 - (a) the provisions of section 75(1), read with the necessary changes; and
 - (b) the comments of the Provincial Minister contemplated in section 52 of the Land Use Planning Act.

Procedure for appeal

- 90.** (1) An appeal is invalid if—
- (a) in the case of an appeal contemplated in in section 89(2), it is not lodged within the period referred to in that section; and
 - (b) it does not comply with this section.
- (2) An appeal must set out the following—
- (a) the grounds for the appeal which may include the following grounds—
 - (i) that the administrative action was not procedurally fair as contemplated in the Promotion of Administrative Justice Act, 2000 (Act 3 of 2000);
 - (ii) grounds relating to the merits of the land development or land use application on which the appellant believes the Tribunal or authorised employee erred in coming to the conclusion that the Tribunal or authorised employee did, as the case may be;
 - (b) whether the appeal is lodged against the whole decision or a part of the decision;
 - (c) if the appeal is lodged against a part of the decision, a description of the part;
 - (d) if the appeal is lodged against a condition of approval, a description of the condition;
 - (e) the factual or legal findings that the appellant relies on;
 - (f) the relief sought by the appellant; and
 - (g) any issue that the appellant wishes the Appeal Authority to consider in making its decision; or
 - (h) in the case of an appeal in respect of the failure of a decision-maker to make a decision, the facts that prove the failure;
- (3) An applicant who lodges an appeal must submit proof of payment of appeal fees as may be determined by the municipality to the municipal manager.
 - (4) An applicant who lodges an appeal must simultaneously serve notice of the appeal on any person who commented on the application concerned and any other person as the municipality may determine.
 - (5) The notice must be served in accordance with section 45.
 - (6) The notice contemplated in subsection (5) must invite persons to comment on the appeal within 21 days of being notified of the appeal.
 - (7) The appellant must submit proof of service of the notice as contemplated in subsection (5) to the municipal manager within 14 days of the date of notification.

- (3) 'n Aansoeker mag te eniger tyd na die verstryking van die tydperk beoog in artikel 67(1) of (2) skriftelik by die Appèlgesag appelleer ten opsigte van die versuim van die Tribunaal of 'n gemagtigde werknemer om binne die tydperk beoog in daardie artikels 'n besluit te neem.
- (4) 'n Appèl word aangeteken deur die appèl op die munisipale bestuurder te beteken in die vorm bepaal deur die munisipaliteit en, in die geval van 'n appèl beoog in subartikel (2), binne die tydperk beoog in subartikel (2).
- (5) Wanneer die Appèlgesag 'n appèl oorweeg, moet die Appèlgesag die volgende in ag neem—
 - (a) die bepalings van artikel 75(1), saamgelees met die nodige veranderinge; en
 - (b) die kommentaar van die Provinsiale Minister beoog in artikel 52 van die Wet op Grondgebruikbeplanning.

Prosedures vir appèl

- 90.** (1) 'n Appèl is ongeldig indien—
- (a) in die geval van 'n appèl beoog in artikel 89(2), dit nie binne die tydperk bedoel in daardie artikel aangeteken is nie; en
 - (b) dit nie aan hierdie artikel voldoen nie.
- (2) 'n Appèl moet die volgende uiteensit—
- (a) die gronde vir die appèl, wat die volgende gronde kan insluit—
 - (i) dat die administratiewe optrede nie prosedureel regverdig was nie soos beoog in die "Promotion of Administrative Justice Act, 2000" (Wet 3 van 2000);
 - (ii) gronde met betrekking tot die meriete van die aansoek om grondontwikkeling of grondgebruik waarop die appellant van mening is die Tribunaal of gemagtigde werknemer het gefouteer in die slot-som waartoe die Tribunaal of gemagtigde werknemer, na gelang van die geval, gekom het;
 - (b) of die appèl teen die hele besluit of 'n gedeelte van die besluit is;
 - (c) indien die appèl teen 'n gedeelte van die besluit aange-teken word, 'n beskrywing van die gedeelte;
 - (d) indien die appèl teen 'n voorwaarde van goedkeuring aangeteken word, 'n beskrywing van die voorwaarde;
 - (e) die feitelike of regsbevindings waarop die appellant steun;
 - (f) die bystand wat die appellant verlang; en
 - (g) enige aangeleentheid wat die appellant wil hê die Appèlgesag moet oorweeg wanneer die Appèlgesag sy besluit neem; of
 - (h) in die geval van 'n appèl ten opsigte van die versuim van 'n besluitnemer om 'n besluit te neem, die feite wat die versuim bewys;
- (3) 'n Aansoeker wat 'n appèl aanteken, moet bewys van betaling van appèlgelede soos bepaal kan word deur die munisipaliteit by die munisipale bestuurder indien.
 - (4) 'n Aansoeker wat 'n appèl aanteken moet gelyktydig kennis-gewing van die appèl aan enige persoon beteken wat op die betrokke aansoek kommentaar gelewer het en aan enige ander persoon soos die munisipaliteit kan bepaal.
 - (5) Die kennisgewing moet ooreenkomstig artikel 45 beteken word.
 - (6) Die kennisgewing beoog in subartikel (5) moet persone uit-nooi om binne 21 dae vandat hulle kennis van die appèl ont-vang het kommentaar op die appèl te lewer.
 - (7) Die appellant moet binne 14 dae vanaf die datum van kennis-gewing bewys van betekening soos beoog in subartikel (5) by die munisipale bestuurder indien.

- (8) If a person other than the applicant lodges an appeal, he or she must submit proof of payment of appeal fees as determined by the municipality to the municipal manager, and the municipal manager must give written notice of the appeal to the applicant within 14 days of receipt thereof.
- (9) An applicant who has received notice of an appeal in terms of subsection (8) may submit comment on the appeal to the municipality within 21 days of being notified.
- (10) The municipality may refuse to accept any comments on an appeal after the closing date for those comments.
- (11) The municipal manager—
- may request the Provincial Minister within 14 days of the receipt of an appeal to comment in writing on the appeal within 60 days of receipt of the request;
 - must notify and request the Provincial Minister within 14 days of the receipt of an appeal to comment on the appeal within 60 days of receipt of the request in respect of appeals relating to the following applications—
 - a development outside the municipality's planned outer limit of urban expansion as reflected in its municipal spatial development framework;
 - if the municipality has no approved municipal spatial development framework, a development outside the physical edge, including existing urban land use approvals, of the existing urban area;
 - a rezoning of land zoned for agricultural or conservation purposes;
 - any category of land use applications as may be prescribed by the Provincial Minister; and
 - must on receipt of an appeal in terms of this section notify the applicant in writing whether or not the operation of the approval of the application is suspended.
- (12) An authorised employee must draft a report assessing an appeal and must submit it to the municipal manager within—
- 30 days of the closing date for comment requested in terms of subsection (6) and (9), if no comment was requested in terms of subsection (11); or
 - 30 days of the closing date for comments requested in terms of subsection (11).
- (13) The municipal manager must within 14 days of receiving the report contemplated in subsection (12) submit the appeal to the Appeal Authority.
- (14) The municipal manager or an employee designated by him or her must—
- liaise with the Appeal Authority and the parties concerned regarding any appeal lodged with the Appeal Authority;
 - maintain a diary of meetings of the Appeal Authority;
 - allocate a meeting date for, and appeal number to, an appeal;
 - arrange the attendance of members of the Appeal Authority at meetings;
 - arrange venues for the Appeal Authority;
 - perform the administrative functions in connection with the proceedings of the Appeal Authority;
 - ensure that the proceedings of the Appeal Authority are conducted efficiently and in accordance with the directions of the Appeal Authority;
- (8) Indien 'n persoon, wie nie die aansoeker is nie, appèl aanteken, moet hy of sy aan die munisipale bestuurder bewys voorlê van die betaling van appèlgelde soos deur die munisipaliteit bepaal en moet die munisipale bestuurder binne 14 dae vanaf ontvangs daarvan die aansoeker skriftelik van die appèl in kennis stel.
- (9) 'n Aansoeker wat ingevolge subartikel (8) van 'n appèl in kennis gestel is, kan binne 21 dae vandat hy of sy in kennis gestel is kommentaar op die appèl by die munisipaliteit indien.
- (10) Die munisipaliteit kan weier om enige kommentaar op 'n appèl na die sluitingsdatum vir daardie kommentaar te aanvaar.
- (11) Die munisipale bestuurder—
- kan binne 14 dae vanaf die ontvangs van 'n appèl die Provinsiale Minister versoek om binne 60 dae van ontvangs van die versoek skriftelik op die appèl kommentaar te lewer;
 - moet binne 14 dae vanaf ontvangs van 'n appèl die Provinsiale Minister daarvan in kennis stel en versoek om binne 60 dae vanaf ontvangs van die versoek kommentaar te lewer op die appèl ten opsigte van appèlle met betrekking tot die volgende aansoeke—
 - 'n ontwikkeling buite die munisipaliteit se beplande buitenste grens van stedelike uitbreiding soos weergegee in sy munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk;
 - indien die munisipaliteit geen goedgekeurde munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk het nie, 'n ontwikkeling buite die fisiese rand, met inbegrip van bestaande goedkeurings van stedelike grondgebruik, van die bestaande stedelike gebied;
 - 'n hersonering van grond wat vir die doeleindes van landbou of bewaring gesoneer is;
 - enige kategorie van grondgebruiksaansoeke soos die Provinsiale Minister kan voorskryf; en
 - moet by ontvangs van 'n appèl ingevolge hierdie artikel die aansoeker skriftelik in kennis stel of die werking van die goedkeuring van die aansoek opgeskort is al dan nie.
- (12) 'n Gemagtigde werknemer moet 'n verslag opstel wat 'n appèl evalueer en moet dit indien by die munisipale bestuurder binne—
- 30 dae vanaf die sluitingsdatum vir kommentaar wat ingevolge subartikels (6) en (9) versoek is, indien geen kommentaar ingevolge subartikel (11) versoek is nie; of
 - 30 dae vanaf die sluitingsdatum vir kommentaar wat ingevolge subartikel (11) versoek is.
- (13) Die munisipale bestuurder moet binne 14 dae vanaf ontvangs van die verslag beoog in subartikel (12) die appèl by die Appèlgesag indien.
- (14) Die munisipale bestuurder of 'n werknemer deur hom of haar aangewys, moet—
- met die Appèlgesag en die betrokke partye skakel oor enige appèl wat by die Appèlgesag aangeteken is;
 - 'n dagboek van vergaderings van die Appèlgesag byhou;
 - aan 'n appèl 'n vergaderingsdatum en 'n appèlnommer toeken;
 - die bywoning van vergaderings deur lede van die Appèlgesag reël;
 - lokale vir die Appèlgesag reël;
 - die administratiewe werksaamhede in verband met die verrigtinge van die Appèlgesag uitvoer;
 - toesien dat die verrigtinge van die Appèlgesag doelmattig en ooreenkomstig die opdragte van die Appèlgesag uitgevoer word;

- (h) arrange the affairs of the Appeal Authority so as to ensure that time is available to liaise with other organs of state regarding the alignment of integrated appeal procedures;
 - (i) notify the parties concerned of decisions and procedural directives given by the Appeal Authority;
 - (j) keep a record of all appeals lodged as well as the outcome of each, including—
 - (i) decisions of the Appeal Authority;
 - (ii) on-site inspections and any matter recorded as a result thereof;
 - (iii) reasons for decisions; and
 - (iv) proceedings of the Appeal Authority; and
 - (v) keep records by any means as the Appeal Authority may deem expedient.
- (15) An appellant may, at any time before the Appeal Authority makes a decision on an appeal submitted by the appellant, withdraw the appeal by giving written notice of the withdrawal to the municipal manager.
- (16) The owner of land must in writing inform the municipality if he or she has withdrawn the power of attorney given to his or her former agent and confirm whether he or she will personally proceed with the appeal.

Consideration by Appeal Authority

91. (1) An appeal may be considered by the Appeal Authority by means of—
- (a) the consideration of the written appeal and comments; or
 - (b) an oral hearing.
- (2) The appeal may be considered in terms of subsection (1)(a) if it appears to the Appeal Authority that the issues for determination of the appeal can be adequately determined in the absence of the parties by considering the documents or other material lodged with or provided to it.
- (3) An oral hearing may be held—
- (a) if it appears to the Appeal Authority that the issues for determination of the appeal cannot be adequately determined in the absence of the parties by considering the documents or other material lodged with or provided to it; or
 - (b) if such hearing would assist in the expeditious and fair disposal of the appeal.
- (4) If appropriate in the circumstances, the oral hearing may be held by electronic means.
- (5) If the Appeal Authority decides to hold an oral hearing, any party to the appeal proceedings may appear in person or may be represented by another person.
- (6) The Appeal Authority must ensure that every party to a proceeding before the Appeal Authority is given an opportunity to present his or her case, whether in writing or orally as contemplated in subsections (2) and (3) and, in particular, to inspect any documents to which the appeal authority proposes to have regard in reaching a decision in the proceeding and to make submissions in relation to those documents.
- (7) The Appeal Authority must—
- (a) consider and determine all appeals lawfully submitted to it;
 - (b) confirm, vary or revoke the decision of the Tribunal or authorised employee;
 - (c) provide reasons for any decision made by it;
 - (d) give directions relevant to its functions to the municipality;

- (h) die sake van die Appèlgesag reël ten einde toe te sien dat tyd beskikbaar is om met ander staatsorgane te skakel oor die ooreenstemming van geïntegreerde appèl-prosedures;
 - (i) die betrokke partye in kennis stel van besluite en prosedurele opdragte van die Appèlgesag;
 - (j) 'n rekord hou van alle appèlle wat aangeteken is asook van die uitslag van elkeen, met inbegrip van—
 - (i) besluite van die Appèlgesag;
 - (ii) ondersoeke ter plaatse en enige aangeleentheid wat as gevolg daarvan aangeteken word;
 - (iii) redes vir besluite; en
 - (iv) verrigtinge van die Appèlgesag; en
 - (v) rekord hou op enige wyse wat die Appèlgesag diens-tig ag.
- (15) 'n Appellant kan te eniger tyd voordat die Appèlgesag 'n besluit neem oor 'n appèl wat die appellant ingedien het die appèl terugtrek deur die munisipale bestuurder skriftelik van die terugtrekking in kennis te stel.
- (16) Die eienaar van grond moet die munisipaliteit skriftelik in kennis stel indien hy of sy die volmag wat aan sy of haar voormalige agent gegee is, terugtrek en bevestig of hy of sy self sal voortgaan met die appèl.

Oorweging deur Appèlgesag

91. (1) 'n Appèl kan deur die Appèlgesag oorweeg word deur middel van—
- (a) die oorweging van die skriftelike appèl en kommentaar; of
 - (b) 'n mondelinge verhoor.
- (2) Die appèl kan ingevolge subartikel (1)(a) oorweeg word indien dit vir die Appèlgesag blyk dat die aangeleenthede vir beslissing oor die appèl in die afwesigheid van die partye voldoende bepaal kan word deur die dokumente of ander materiaal wat by die Appèlgesag ingedien is of aan hom verskaf is, te oorweeg.
- (3) 'n Mondelinge verhoor kan gehou word—
- (a) indien dit vir die Appèlowerheid blyk dat die aangeleenthede vir beslissing oor die appèl nie in die afwesigheid van die partye voldoende bepaal kan word deur die dokumente of ander materiaal te oorweeg wat by die Appèlgesag ingedien is of aan hom verskaf is nie; of
 - (b) indien so 'n verhoor sal bydra tot die spoedige en reg-verdige afhandeling van die appèl.
- (4) Indien gepas in die omstandighede kan die mondelinge verhoor elektronies geskied.
- (5) Indien die Appèlgesag besluit om 'n mondelinge verhoor te hou, kan enige party tot die appèl self verskyn of deur 'n ander persoon verteenwoordig word.
- (6) Die Appèlgesag moet toesien dat elke party tot 'n verrigting voor die Appèlgesag 'n geleentheid gegee word om sy of haar saak te stel, hetsy skriftelik of mondelings soos beoog in subartikels (2) en (3) en veral om insae te hê in enige dokumente wat die Appèlgesag van voorneme is om in ag te neem in die neem van 'n besluit in die verrigting en om voorleggings te maak met betrekking tot daardie dokumente.
- (7) Die Appèlgesag moet—
- (a) alle appèlle wat wettiglik by hom ingedien is, oorweeg en bepaal;
 - (b) die besluit van die Tribunaal of gemagtigde werknemer bevestig, verander of intrek;
 - (c) redes verskaf vir enige besluit wat hy neem;
 - (d) opdragte tersaaklik tot sy werksaamhede aan die munisipaliteit gee;

- (e) keep a record of all its proceedings; and
- (f) determine whether the appeal falls within its jurisdiction.
- (8) Subject to subsection (12), the Appeal Authority must decide on an appeal within 60 days of receipt of the assessment report contemplated in section 90(13)
- (9) If the Appeal Authority revokes a decision of the Tribunal or authorised employee it may—
 - (a) remit the matter to the Tribunal or authorised employee—
 - (i) if there was an error in the process which is unfair and which cannot be corrected by the Appeal Authority; and
 - (ii) with instructions regarding the correction of the error; or
 - (b) replace the decision with any decision it regards necessary.
- (10) The Appeal Authority may appoint a technical adviser to advise or assist it with regard to a matter forming part of the appeal.
- (11) The Appeal Authority must within 21 days from the date of its decision notify the parties to an appeal in writing of—
 - (a) the decision and the reasons therefor; and
 - (b) if the decision on an appeal upholds an approval, notify the applicant in writing that he or she may act on the approval.
- (12) The Appeal Authority may extend the period contemplated in subsection (8) in exceptional circumstances including the following—
 - (a) if an interested person has submitted a petition for intervener status;
 - (b) if an oral hearing is to be held.

CHAPTER IX PROVISION OF ENGINEERING SERVICES

Responsibility for provision of engineering services

92. (1) An applicant is responsible for the provision, installation and costs of internal engineering services required for a development once an application is approved.
- (2) The municipality is responsible for the provision and installation of external engineering services.
- (3) If the municipality is not the provider of an engineering service, the applicant must satisfy the municipality that adequate arrangements have been made with the relevant service provider for the provision of that service.
- (4) The municipality may enter into a written agreement with an applicant to provide that—
- (a) the applicant is responsible for the provision, installation and costs of external engineering service instead of paying the applicable development charges; or
 - (b) the applicant is responsible for the provision, installation and costs of external engineering service and that the fair and reasonable costs of the external engineering service may be set off against the development charges payable by the applicant.

Development charges

93. (1) The applicant must pay development charges to the municipality in respect of the provision and installation of external engineering services and parking.
- (2) These external engineering services for which development charges are payable must be set out in a policy adopted and annually reviewed by the municipality.

- (e) 'n rekord van al sy verrigtinge hou; en
- (f) bepaal of die appèl binne sy regsbevoegdheid val.
- (8) Behoudens subartikel (12) moet die Appèlgesag binne 60 dae vanaf ontvangs van die evalueringsverslag beoog in artikel 90(13) oor 'n appèl besluit.
- (9) Indien die Appèlgesag 'n besluit van die Tribunaal of gemagtigde werknemer intrek, kan die Appèlgesag—
 - (a) die aangeleentheid terugverwys na die Tribunaal of die gemagtigde werknemer—
 - (i) indien daar 'n fout in die proses was wat onregverdig is en nie deur die Appèlgesag reggestel kan word nie; en
 - (ii) met instruksies rakende die regstelling van die fout; of
 - (b) die besluit vervang met enige besluit wat die Appèlgesag nodig ag.
- (10) Die Appèlgesag kan 'n tegniese raadgewer aanstel om die Appèlgesag van raad te voorsien of by te staan rakende 'n aangeleentheid wat deel van die appèl uitmaak.
- (11) Die Appèlgesag moet binne 21 dae vanaf die datum van sy besluit die partye tot die appèl skriftelik in kennis stel van—
 - (a) die besluit en die redes daarvoor; en
 - (b) indien die besluit op 'n appèl die goedkeuring handhaaf, die aansoeker skriftelik in kennis stel dat hy of sy aan die goedkeuring uitvoering kan gee.
- (12) Die Appèlgesag kan die tydperk beoog in subartikel (8) in uitsonderlike omstandighede verleng, wat die volgende insluit—
 - (a) indien 'n belanghebbende persoon 'n petisie om toetredersstatus ingedien het;
 - (b) indien 'n mondelinge verhoor gehou gaan word.

HOOFSTUK IX VERSKAFFING VAN INGENIEURSDIENSTE

Verantwoordelikheid vir verskaffing van ingenieursdienste

92. (1) 'n Aansoeker is verantwoordelik vir die verskaffing, installering en koste van interne ingenieursdienste benodig vir 'n ontwikkeling sodra 'n aansoek goedgekeur is.
- (2) Die munisipaliteit is verantwoordelik vir die verskaffing en installering van eksterne ingenieursdienste.
- (3) Indien die munisipaliteit nie die verskaffer van 'n ingenieursdiens is nie moet die aansoeker die munisipaliteit tevrede stel dat voldoende reëlins met die tersaaklike diensverskaffer getref is vir die verskaffing van daardie diens.
- (4) Die munisipaliteit kan 'n skriftelike ooreenkoms met 'n aansoeker aangaan om te bepaal dat—
- (a) die aansoeker vir die verskaffing, installering en koste van eksterne ingenieursdienste verantwoordelik is in plaas daarvan om die toepaslike ontwikkelingsheffings te betaal; of
 - (b) die aansoeker vir die verskaffing, installering en koste van die eksterne ingenieursdienste verantwoordelik is en dat die billike en redelike koste van die eksterne ingenieursdienste teen die ontwikkelingsheffings betaalbaar deur die aansoeker verreken kan word.

Ontwikkelingsheffings

93. (1) Die aansoeker moet ontwikkelingsheffings ten opsigte van die verskaffing en installering van eksterne ingenieursdienste aan die munisipaliteit betaal.
- (2) Dié eksterne ingenieursdienste waarvoor ontwikkelingsheffings betaalbaar is, moet uiteengesit word in 'n beleid wat deur die munisipaliteit aangeneem en jaarliks hersien word.

- (3) The amount of the development charges payable by an applicant must be calculated in accordance with the policy adopted by the municipality.
- (4) The date by which development charges must be paid and the means of payment must be specified in the conditions of approval.
- (5) The development charges imposed are subject to escalation at the rate calculated in accordance with the policy on development charges.
- (6) The municipal manager must annually submit a report to the Council on the development charges paid to the municipality, together with a statement of the expenditure of the amount and the purpose of the expenditure.
- (7) When determining the contribution contemplated in section 76(4) and (5), the municipality must have regard to provincial norms and standards as well as—
 - (a) the municipal service infrastructure and amenities for the land concerned that are needed for the approved land use;
 - (b) the public expenditure on that infrastructure and those amenities incurred in the past and that facilitates the approved land use;
 - (c) the public expenditure on that infrastructure and those amenities that may arise from the approved land use;
 - (d) money in respect of contributions contemplated in section 76(4) paid in the past by the owner of the land concerned; and
 - (e) money in respect of contributions contemplated in section 76(4) to be paid in the future by the owner of the land concerned.

Land for parks, open spaces, parking and other uses

94. (1) When the municipality approves an application for the use of land for business or residential purposes, the municipality may require the applicant to provide land for parks, public open spaces or parking.
- (2) The extent of land required for parks, public open spaces or parking is determined by the municipality in accordance with a policy adopted by the municipality.
- (3) The land required for parks, public open spaces or parking must be provided within the land area of the application or may, with the consent of the municipality, be provided elsewhere within the municipal area.
- (4) When an application is approved without the required provision of land for parks, open spaces or parking within the land area of the development, the applicant may be required to pay money to the municipality in lieu of the provision of land.

CHAPTER X ENFORCEMENT

Enforcement

95. (1) The municipality must comply and enforce compliance with—
 - (a) the provisions of this by-law;
 - (b) the provisions of a zoning scheme;
 - (c) conditions imposed in terms of this by-law or previous planning legislation; and
 - (d) title deed conditions.
- (2) The municipality may not do anything that is in conflict with subsection (1).

- (3) Die bedrag van die ontwikkelingsheffings betaalbaar deur 'n aansoeker moet ooreenkomstig die beleid aangeneem deur die munisipaliteit bereken word.
- (4) Die datum waarteen ontwikkelingsheffings betaal moet wees en die betaalmiddel moet in die voorwaardes van goedkeuring vermeld word.
- (5) Die ontwikkelingsheffings wat opgelê word, is onderhewig aan opwaartse aanpassing teen die koers bereken ooreenkomstig die beleid oor ontwikkelingsheffings.
- (6) Die munisipale bestuurder moet jaarliks by die Raad 'n verslag indien van die ontwikkelingsheffings wat aan die munisipaliteit betaal is, tesame met 'n opgaaf van die uitgawes van die bedrag en die doel van die uitgawes.
- (7) Wanneer die munisipaliteit die bydrae beoog in artikel 76(4) en (5) bepaal, moet die munisipaliteit provinsiale norme en standaarde in ag neem sowel as—
 - (a) die munisipale ienste-infrastruktuur en munisipale geriewe vir die betrokke grond wat vir die goedgekeurde grondgebruik benodig word;
 - (b) die openbare uitgawes op daardie infrastruktuur en daardie geriewe wat in die verlede aangegaan is en wat die goedgekeurde grondgebruik fasiliteer;
 - (c) die openbare uitgawes op daardie infrastruktuur en daardie geriewe wat uit die goedgekeurde grondgebruik kan voorspruit;
 - (d) geld ten opsigte van bydraes beoog in artikel 76(4) wat in die verlede deur die eienaar van die betrokke grond betaal is; en
 - (e) geld ten opsigte van bydraes beoog in artikel 76(4) wat in die toekoms deur die eienaar van die betrokke grond betaal moet word.

Grond vir parke, oop ruimtes, parkering en ander gebruike

94. (1) Wanneer die munisipaliteit 'n aansoek om die gebruik van grond vir residensiële doeleindes goedkeur, kan die munisipaliteit van die aansoeker vereis om grond vir parke, openbare oop ruimtes of parkering te verskaf.
- (2) Die omvang van grond benodig vir parke, openbare oop ruimtes of parkering word deur die munisipaliteit bepaal ooreenkomstig 'n beleid wat aangeneem is deur die munisipaliteit.
- (3) Die grond benodig vir parke, openbare oop ruimtes of parkering moet binne die grondgebied van die munisipaliteit, elders binne die munisipale gebied verskaf word.
- (4) Wanneer 'n aansoek goedgekeur word sonder die vereiste verskaffing van grond vir parke, oop ruimtes of parkering binne die grondgebied van die ontwikkeling kan dit van die aansoeker vereis word om geld aan die munisipaliteit te betaal in plaas van die verskaffing van grond.

HOOFSTUK X AFDWINGING

Afdwinging

95. (1) Die munisipaliteit moet voldoen en voldoening afdwing aan die volgende—
 - (a) die bepalings van hierdie Verordening;
 - (b) die bepalings van 'n soneringskema;
 - (c) voorwaardes opgelê ingevolge hierdie Verordening of vorige beplanningswetgewing; en
 - (d) titelvoorwaardes.
- (2) Die munisipaliteit mag niks doen wat strydig is met subartikel (1) nie.

Offences and penalties

- 96.** (1) A person is guilty of an offence and is liable on conviction to a fine or imprisonment not exceeding 20 years or to both a fine and such imprisonment if he or she—
- (a) contravenes or fails to comply with sections 25(1) and (5), 30(1), 31(4), 41(1), 69(3), 72(2) or 98(2);
 - (b) utilises land in a manner other than prescribed by a zoning scheme without the approval of the municipality;
 - (c) upon registration of the first land unit arising from a subdivision, fails to transfer all common property arising from the subdivision to the owners' association;
 - (d) supplies particulars, information or answers in an application, or in an appeal against a decision on an application, or in any documentation or representation related to an application or an appeal, knowing it to be false, incorrect or misleading or not believing them to be correct;
 - (e) falsely professes to be an authorised employee or the interpreter or assistant of an authorised employee; or
 - (f) hinders or interferes with an authorised employee in the exercise of any power or the performance of any duty of that employee.
- (2) An owner who permits his or her land to be used in a manner set out in subsection (1)(b) and who does not cease that use or take reasonable steps to ensure that the use ceases, or who permits a person to contravene the zoning scheme, is guilty of an offence and liable upon conviction to a fine or imprisonment or to both a fine and such imprisonment.
- (3) A person convicted of an offence in terms of this by-law who, after conviction, continues with the action in respect of which he or she was so convicted, is guilty of a continuing offence and liable upon conviction to imprisonment for a period not exceeding three months or to an equivalent fine or to both such fine and imprisonment, in respect of each day on which he or she so continues or has continued with that act or omission.
- (4) The municipality must adopt fines and contravention levies to be imposed in the enforcement of this by-law.

Serving of compliance notices

- 97.** (1) The municipality must serve a compliance notice on a person if it has reasonable grounds to suspect that the person or owner is guilty of an offence in terms of section 96.
- (2) A compliance notice must instruct the occupier and owner to cease the unlawful utilisation of land or construction activity or both, without delay or within the period determined by the municipality, and may include an instruction to—
- (a) demolish, remove or alter any building, structure or work unlawfully erected or constructed or to rehabilitate the land or restore the building concerned to its original form or to cease the activity, as the case may be, within the period determined by the municipal manager;
 - (b) submit an application for the approval of the utilisation of the land or construction activity in terms of this by-law within 30 days of the service of the compliance notice and to pay the contravention penalty within 30 days after approval of the utilisation; or
 - (c) rectify the contravention of or non-compliance with a condition of approval within a specified period.

Misdrywe en strawwe

- 96.** (1) 'n Persoon is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf of met beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf indien hy of sy—
- (a) artikels 25(1) en (5), 30(1), 31(4), 41(1), 69(3), 72(2) of 98(2) oortree of versuim om daaraan te voldoen;
 - (b) sonder die goedkeuring van die munisipaliteit grond anders aanwend as wat in die soneringskema voorgeskryf word;
 - (c) versuim om by registrasie van die eerste grondeenheid wat uit 'n onderverdeling voortspruit alle gemeenskaplike eiendom wat uit die onderverdeling voortspruit na die eienaarsvereniging oor te dra;
 - (d) besonderhede, inligting of antwoorde verskaf in 'n aansoek of in 'n appèl teen 'n besluit oor 'n aansoek of in enige dokumentasie of voorlegging wat verband hou met 'n aansoek of 'n appèl met die wete dat dit onwaar, foutief of misleidend is of met die mening dat dit nie korrek is nie;
 - (e) voorgee om 'n gemagtigde werknemer of die tolk of assistent van 'n gemagtigde werknemer te wees; of
 - (f) 'n gemagtigde werknemer verhinder of inmeng in die uitoefening van enige bevoegdheid of die uitvoering van enige plig van daardie werknemer.
The objective of this zone is to promote and protect agriculture on large farms as an important economic, environmental and cultural resource. Limited provision is made for non-agricultural uses to provide rural communities in more remote areas with the opportunity to increase the economic potential of their land, provided that these uses do not present a significant negative impact on the primary agricultural resource.

10.1 Use of land:

The following use restrictions apply to land in this zone:

- (a) **Primary use:** agriculture, farm stall.
- (b) **Consent uses:** additional dwelling unit, guest house, tourist facility, farm shop, aquaculture, intensive stock farming, horticulture, nursery, riding school, service trade, mining, 4x4 route, commercial pet kennel, bed and breakfast establishment, conservation usage, agri-village, composting, racing track, boat launching facility, conference facility, exhibition centre, transmission tower, rooftop base station, renewable energy structure.

10.1.1 Land use provisions:

The following land use provisions apply:

(a) Floor space:

No farm shop may exceed a floor space of 500m², provided that the municipality may relax this requirement if the municipality is of the opinion that this would be necessary due to the extent or nature of products offered.

(b) Building line:

The building line restriction is 30m in respect of all boundaries.

(c) Parking:

Parking and access shall be provided in accordance with 13.1.

(d) Height:

- (i) Dwelling houses shall not exceed a height of 2 storey's, provided that, where the slope of the grade line is greater than 1 in 5, the owner may elect to have height regulated in accordance with (ii) below;
- (ii) Where the height is regulated in terms of this subparagraph, no point on a building shall exceed a vertical distance above a point half-way on the grade line, of 6m in the case of a flat roofed building, or 8m in the case of a pitched roof building, provided that if it is a pitched roof building, only the roof structure may exceed a height of 6m;
- (iii) Agricultural buildings other than dwelling houses shall not exceed 12m in height above a point half-way on the grade line to the ridge of the roof, provided that where the municipality is satisfied that a greater height is necessary for the functioning of the building, it may permit such greater height.

- (ii) Bona fide landbou-aktiwiteite behoort nie onderwerp te word aan onredelike beperkings nie, aangesien die ekonomiese lewensvatbaarheid van die landbousektor belangrik is. Aanvullende aktiwiteite tot konvensionele landbou sal ook bydra tot die lewensvatbaarheid van die sektor. Met dié doel voor oë kan versoenbare gebruike wat as vergunningsgebruike gelys is, oorweeg word ter versterking van die ekonomiese lewensvatbaarheid van plase;
- (iii) Behalwe om 'n waardevolle ekonomiese hulpbron te onderhou, kan die bewaring van landbougrond help om die stabiliteit van die stedelike rand te bevorder, vleilande en ander natuurlik-sensitiewe gebiede te bewaar asook landelike karaktereenskappe wat vir die gemeenskap waardevol is, te onderhou.

Landbousone 1: Landbou (L 1)

Kleurnotasie: Groen met dik swart skuinslyn arsering.

Doel:

Die doel met hierdie sone is om landbou op groot plase as 'n belangrike ekonomiese, omgewings- en kulturele hulpbron te bevorder en te beskerm. Beperkte voorsiening word gemaak vir nie-landbou gebruike om landelike gemeenskappe in meer afgeleë gebiede die geleentheid te bied om die ekonomiese potensiaal van hul grond te verhoog, met dien verstande dat sulke gebruike nie 'n noemenswaardige negatiewe impak vir die primêre landbouhulpbron sal inhou nie.

10.1 Gebruik van grond

Die volgende gebruiksbeperkings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruik:** landbou.
- (b) **Vergunningsgebruike:** addisionele wooneenheid, gastehuis, toeristefasiliteit, plaasstal, plaaswinkel, aquakultuur, intensiewe veeboerdery, intensiewe tuinbou, kwekery, ryskool, diensbedryf, mynbou, 4x4 roete, kommersiële troeteldierhokke, bed-en-ontbyt bedryf, bewaringsgebruik, landboudorp, kompostering, renbaan, bootlanseer fasiliteit, vertoonsentrum, transmissietoring, dak-basisstasie, hernubare energie struktuur.

10.1.1 Grondgebruikbepalings

Die volgende grondgebruikbepalings is van toepassing:

(a) Vloerruimte:

Geen plaaswinkel of plaasstal mag 'n vloerruimte van 500m² oorskry nie, met dien verstande dat die munisipaliteit hierdie vereiste mag verslap indien die munisipaliteit van mening is dat dit as gevolg van die omvang of aard van die produkte wat aangebied word, nodig is.

(b) Boulyne:

Die boulyn-beperking is 30m ten opsigte van alle grense.

(c) Parkering:

Parkering en toegang moet op die grondeenheid in ooreenstemming met 14.1 voorsien word.

(d) Hoogte:

- (i) Woonhuise mag nie 'n hoogte van twee verdiepings oorskry nie, met dien verstande dat waar die helling van die gradiëntlyn groter as 1 tot 5 is, die eienaar 'n keuse mag uitoefen dat die hoogte ooreenkomstig hieronder, bepaal word;
- (ii) Waar die hoogte in terme van hierdie subparagraaf bepaal word, mag geen punt van 'n gebou 'n vertikale afstand van 6m, in die geval van 'n platdak-gebou, of 8m in die geval van 'n spitsdak gebou, bo 'n punt halfpad op die gradiëntlyn oorskry nie, met dien verstande dat indien dit 'n spitsdak-gebou is, slegs die dakstruktuur 'n hoogte van 6m mag oorskry;
- (iii) Landbougeboue ander dan woonhuise mag nie 12m in hoogte bokant 'n punt halfpad op die gradiëntlyn tot die nok van die dak oorskry nie, met dien verstande dat waar die munisipaliteit van mening is dat 'n hoër hoogte nodig is vir die funksionering van die gebou, die munisipaliteit sodanige hoogte kan toelaat.

10.1.2 Site development plan

The municipality may require that a site development plan be submitted to its satisfaction in terms of paragraph 12.6 in respect of consent uses.

10.1.3 Bed and breakfast establishment

The land use provisions applicable to a bed and breakfast establishment in the residential zone 1 shall also apply in this zone.

10.1.4 Home occupation

The municipality may grant its consent for a home occupation in this zone provided that:

- (a) no consent application shall be considered unless prior written consent from the relevant owner has been obtained, and
- (b) if the municipality grants consent, such consent will be subject to the same conditions applicable in single residential zones 1 and 2 relating to a dwelling house or dwelling unit which is used for the purpose of home occupation, and the municipality may also impose additional conditions which may be less restrictive or more restrictive.

10.1.5 Renewable energy structure

Special provisions applying to a Renewable Energy Structure:

- (a) Definitions applicable to these measures;
 - (i) "Appurtenant structure" means any structure or accessory necessary for, or directly associated with generation of renewable energy;
 - (ii) "Site" means the land utilised for Renewable energy structures, regardless of cadastral boundaries, and inclusive of Renewable energy structures.
- (b) Land use restrictions
 - (i) *Height:*
 - A maximum height of 200m for a wind turbine, measured from the mean ground level of the footprint of each structure to the highest point of the blade;
 - The height of a structure for solar generation facilities will be technology-dependent;
 - The height of buildings is restricted to a maximum of 8.5m and is measured from the mean ground level of the footprint of the building to the highest point of the roof.
 - (ii) *Setback:*

In the case of a wind turbine, a distance equal to 1,5 times the overall blade tip height of the turbine, measured from:

 - the nearest residential, commercial or critical agricultural structures such as animal housing, outbuildings, store rooms, but excluding structures such as water troughs, feed dispensers and windmills;
 - the cadastral boundary of the land unit;
 - any public road or private or public right of way; and
 - any electrical infrastructure.

This setback requirement does not apply to a cadastral boundary in the case of a renewable energy site which straddles such cadastral boundary. Setbacks are required for safety reasons and may not be deviated from.
- (c) Additional requirements
 - (i) Site Development Plan (SDP):
 - As part of the application or as a condition of approval, a Site Development Plan (SDP) must be submitted to the competent authority. The site must be surveyed and the exact delineation of the construction footprint must be shown in the SDP;

10.1.2 Terreinontwikkelingsplan

Die munisipaliteit mag vereis dat 'n terreinontwikkelingsplan in terme van 12.6 ten opsigte van vergunningsgebruik, tot bevrediging van die munisipaliteit, ingedien word.

10.1.3 Bed-en-ontbyt bedryf

Die grondgebruikbepalings soos van toepassing op 'n bed-en-ontbyt bedryf in die enkelresidensiële sone 1, sal ook in hierdie sone van toepassing wees.

10.1.4 Tuisberoeop

Die munisipaliteit mag toestemming verleen vir 'n tuisberoeop as vergunningsgebruik in hierdie sone op voorwaarde dat:

- (a) geen vergunningsgebruiksaansoek oorweeg sal word tensy die eienaar vooraf skriftelike toestemming verleen het nie, en
- (b) indien die munisipaliteit wel 'n vergunningsgebruik toestaan, sodanige toestemming onderhewig moet wees aan dieselfde voorwaardes wat van toepassing is in enkelresidensiële sones 1 en 2 met betrekking tot 'n woonhuis of wooneenheid wat vir die doel van 'n tuisberoeop gebruik word en mag die munisipaliteit ook addisionele voorwaardes opleë wat meer of minder beperkend mag wees.

10.1.5 Hernubare energie struktuur

Spesiale maatreëls van toepassing op Hernubare Energie Struktuur:

- (a) Definisies van toepassing op hierdie maatreëls;
 - (i) "Bybehorende struktuur" beteken enige struktuur of bykomstigheid nodig vir, of wat direk verband hou met, die opwekking van hernubare energie;
 - (ii) "Terrein" beteken die grond aangewend vir Hernubare energie strukture, ongeag kadastrale grense en insluitend die Hernubare energie strukture.
- (b) Grondgebruikbeperkings
 - (i) *Hoogte:*
 - 'n Maksimum hoogte van 200m vir 'n windturbine, gemeet vanaf die gemiddelde grondvlak waar die struktuur opgerig is, tot by die hoogste punt van die lem;
 - Die hoogte van 'n struktuur vir sonenergie opwekking is afhanklik van die tegnologie wat gebruik word;
 - Die hoogte van geboue word beperk tot 'n maksimum van 8,5m en word gemeet vanaf die gemiddelde grondvlak waar die gebou opgerig is tot die hoogste punt van die dak.
 - (ii) *Terugset:*

In die geval van 'n windturbine, 'n afstand gelyk aan 1,5 keer die algehele hoogte van die lempunt gemeet vanaf:

 - die naaste residensiële, kommersiële of kritiese landboustrukture soos dierskuilings, buitegeboue, stoorkamers, uitgesluit strukture soos waterkrippe, voerbakke en windpompe;
 - die kadastrale grens van die grondeenheid; en
 - enige openbare pad of privaat of publieke reg-van-weg; en
 - enige elektriese infrastruktuur.

Hierdie terugset vereiste is nie van toepassing op 'n kadastrale grens in die geval waar 'n hernubare energie perseel weerskante van sodanige kadastrale grens geleë is nie. Terugsette word vir veiligheidsredes vereis en mag nie van afgewyk word nie.
- (c) Addisionele vereistes
 - (i) Terreinontwikkelingsplan:
 - As deel van die aansoek of as voorwaarde van goedkeuring, moet 'n Terreinontwikkelingsplan by die Munisipaliteit ingedien word en in die geval van goedkeuring, moet dit deel van die goedkeuring vorm. Die perseel moet opgemeet word en die presiese afmeting van die gebou-omtrek moet op die Terreinontwikkelingsplan aangedui word;

- To the extent necessary, any relevant measures contained in this zoning scheme must be incorporated into a Site Development Plan.

(ii) Initial measure in the event of failure:

As a condition of consent use approval, the owner must make financial provision, to the satisfaction of the competent authority, for protection against failure at any time after site construction has started for the rehabilitation or management of negative environmental impact of decommissioning or of abandonment in the case of the owner not being financially able to fulfil any obligations in this regard.

If the owner fails as contemplated above, the competent authority may, after written notice to the owner, use all or part of the financial provision to rehabilitate or manage negative environmental impact in question or to remove the facility.

(iii) Visual and environmental impact:

Visual and environmental impacts must be taken into account for height determination and in general, to the satisfaction of the competent authority.

(iv) Land clearing, soil erosion and habitat impact:

- The clearing of natural vegetation is limited to that which is necessary for the construction, operation and maintenance of the Renewable energy structure as regulated by the applicable Environmental Legislation;
- Wind turbines, solar structures, access roads and other infrastructure must be located to minimise damage to natural vegetation, water courses and wetlands;
- All land cleared and which does not form part of the footprint of a Renewable energy structure, must be rehabilitated according to a rehabilitation plan for the land concerned, approved by the competent authority;
- Soil erosion may not take place, and the rehabilitation of any high risk erosion area, at the satisfaction of the competent authority, is essential;
- The applicant must prove, to the satisfaction of the competent authority, that all impacts in respect of, and necessary distances which should be maintained from, wetlands, water bodies, threatened ecosystems, mountains, ridges, hills, coastal buffers, settlements, telecommunication towers, transmission towers and power lines, have been considered and accounted for;
- The exact co-ordinates in the above regard must be provided to determine possible environmental impacts.

(v) Noise, Air Quality and Nuisance:

The development must be compliant with regulations controlling pollution, including:

- the National Environmental Management Act, 1998 (Act 107 of 1998);
- provincial regulations in force; and
- municipal by-laws.

(vi) Finishing and Colour:

- A wind turbine structure must be treated with a neutral, non-reflective exterior colour designed to blend in with the surrounding natural environment, to the satisfaction of the competent authority;
- A solar structure may not cause any adverse effects due to its reflective nature and must be designed and erected accordingly, as required by the competent authority.

- Sover nodig mag wees, moet enige relevante maatreëls soos in hierdie soneringskema vervat, in die Terreinontwikkelingsplan ingesluit word.

(ii) Aanvanklike maatreëls in die geval van versuim:

As voorwaarde vir die goedkeuring vir vergunningsgebruik, moet die eienaar tot die bevrediging van die bevoegde gesag, finansiële voorsiening maak vir beskerming teen die versuim op enige tyd nadat konstruksie begin het, vir rehabilitasie of die bestuur van negatiewe omgewingsimpakte in die geval van buitediensstelling of van verlating in gevalle waar die eienaar finansiële nie in staat is om sy verpligtinge in hierdie verband na te kom nie.

Indien die eienaar van grond versuim soos hier bo beoog, kan die bevoegde gesag, na geskrewe kennis aan die eienaar, die fonds in sy geheel of gedeeltelik gebruik vir die rehabilitasie of die bestuur van die betrokke negatiewe omgewingsimpakte of die verwydering van die fasiliteit.

(iii) Visuele en omgewingsimpak:

Visuele en omgewingsimpakte moet vir hoogtebepaling en in die algemeen in ag geneem word, tot die bevrediging van die bevoegde gesag.

(iv) Ontbossing, gronderosie en habitat impak:

- Die verwydering van natuurlike plantegroei moet beperk word tot dit wat nodig is vir die konstruksie, bedryf en instandhouding van die Hernubare energie struktuur soos deur die toepaslike Omgewingswetgewing gereuleer; Windturbines, son-voltêre strukture, toegangspaaie en ander infrastruktuur moet sodanig geplaas word dat beskadiging van die natuurlike plantegroei, waterkanale en vleilande tot 'n minimum beperk word;
- Windturbines, son-voltêre strukture, toegangspaaie en ander infrastruktuur moet so geplaas word om skade aan die natuurlike plantegroei, waterweë en vleilande tot die minimum te beperk;
- Alle grond wat skoongemaak is en nie deel vorm van die voetspoor van die Hernubare energie struktuur nie, moet rehabiliteer word ingevolge 'n goedgekeurde rehabilitasie plan vir die betrokke grond, soos deur die bevoegde gesag goedgekeur;
- Gronderosie mag nie plaasvind nie en die rehabilitasie van enige hoë risiko gebiede, tot die bevrediging van die bevoegde gesag, is noodsaaklik;
- Die applikant moet, tot bevrediging van die bevoegde gesag, bewys lewer dat alle impakte met betrekking tot en nodige afstande wat gehandhaaf moet word vanaf vleie, waterliggame, bedreigde ekosisteme, berge, rante, heuwels, kus-buffers, nedersettings, telekommunikasietorings, transmissietorings en kraglyne, in ag geneem is;
- Die presiese koördinate vir bogenoemde moet voorsien word om moontlike omgewingsimpakte te bepaal.

(v) Geraas, lugbesoedeling en oorlas:

Die ontwikkeling moet in lyn wees met die regulasies wat besoedeling beheer, insluitend:

- die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998);
- Provinsiale regulasies inplek; en
- Munisipale verordeninge.

(vi) Afwerking en kleur:

- 'n Windturbine struktuur moet, tot bevrediging van die bevoegde gesag, met 'n neutrale, nie-reflekerende eksterne kleur, wat ontwerp is om met die omliggende natuurlike omgewing saam te smelt, behandel word;
- 'n Son-voltêre struktuur mag geen nadelige impak as gevolg van sy reflekerende aard veroorsaak nie en moet dienooreenkomstig ontwerp en opgerig word soos deur die bevoegde gesag vereis.

(vii) Appurtenant Structures:

- All appurtenant structures to a Renewable energy structure prescribed by the competent authority, concerning bulk, height, yard sizes, building lines, open space, parking and building coverage requirements, must be subject to regulations;
- Appurtenant structures, including, but not limited to, equipment shelters, storage facilities, transformers and sub-stations, must be architecturally compatible with the receiving environment as required by the competent authority, and contained within a Renewable energy structure Site Development Plan as part of the approval;
- Appurtenant structures shall only be used for the storage of equipment or other uses directly related to the operation of the particular facility;
- Appurtenant structures must be screened from view by indigenous vegetation and/or located in an underground vault, or be joined and clustered to avoid adverse visual impacts.

(viii) Lighting:

- A Renewable energy structure or any part thereof may only be lit for safety and operational purposes and the lighting must be appropriately screened from abutting land units.
- The lighting requirements of the South African Civil Aviation Authority in accordance with aeroplane safety standards must be adhered to.

(ix) Signage and Advertising:

Signs on Renewable energy structures must comply with national and local signage regulations and must be limited to:

- those necessary to identify the operator;
- provide 24 hours emergency contact numbers; and
- warning of any danger.

No commercial advertising, including in respect of the provider and operator, may be displayed on Renewable energy structures.

(x) Maintenance:

The owner is responsible to maintain a Renewable energy structure in a good condition. Maintenance must include, but is not limited to:

- painting;
- structural repairs;
- rehabilitation measures; and
- the upkeep of security and safety measures.

The owner is responsible for the cost of maintaining the facility and any access road, unless deemed as a public way, and for the cost of repairing any damage resulting from construction or operation.

(xi) Modification:

Any modification, excluding inconsequential *in situ* technical improvements to a Renewable energy structure made after approval and which is not largely in accordance with the approval, requires authorisation from the competent authority within the parameters of this zoning scheme by means of:

- departure;
- amendment of conditions;
- new consent use approval;

(vii) Bybehorende strukture:

- Alle bybehorende strukture tot 'n Hernubare energie struktuur moet onderworpe wees aan regulasies, rakende massa, hoogte, werfgroottes, boulyne, oopruimte, parkering en gebou-dekking vereistes, soos deur die bevoegde gesag voorgeskryf;
- Alle bybehorende strukture, insluitend, maar nie beperk tot, toerustingsskure, stoorfasiliteite, transformators en substasies, moet argitektonies aanpasbaar met die ontvangsomgewing wees soos deur die bevoegde gesag vereis, en deel vorm van die Hernubare energie struktuur terreinontwikkelingsplan as deel van die goedkeuring;
- Bybehorende strukture mag slegs vir die stoor van toerusting of ander gebruike wat direk met die bedryf van die betrokke fasiliteit verband hou, gebruik word;
- Bybehorende strukture moet tot bevrediging van die bevoegde gesag van sig afgeskerm word deur middel van inheemse plantegroei en/of ondergronds geplaas, of verbind en groepeer word om negatiewe visuele impakte te voorkom.

(viii) Beligting:

- 'n Hernubare energie struktuur of enige deel daarvan mag slegs vir veiligheid en operasionele doeleindes belig word en beligting moet toepaslik vanaf aangrensende grondeenhede afgeskerm word;
- Die beligtingsvereistes van die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaartowerheid in ooreenstemming met lugvaartveiligheidsstandaarde moet aan voldoen word.

(ix) Kennisgewing en advertering:

Kennisgewings op Hernubare energie strukture moet aan nasionale en plaaslike adverteringsregulasies voldoen en word beperk tot:

- dit wat nodig is om die operateur te identifiseer;
- die voorsiening van 24-uur nood bystand kontaknommers; en
- waarskuwing teen enige gevare.

Geen kommersiële advertensie, insluitende met betrekking tot die verskaffer en operateur mag op Hernubare energie strukture aangebring word nie.

(x) Instandhouding:

Die eienaar is verantwoordelik om 'n Hernubare energie struktuur in 'n goeie toestand te hou. Instandhouding moet die volgende insluit, maar is nie beperk daartoe nie:

- verf;
- strukturele herstelwerk;
- rehabilitasie maatreëls, en
- die instandhouding van sekuriteits- en veiligheidsmaatreëls.

Die eienaar is verantwoordelik vir die koste van instandhouding van die fasiliteit en enige toegangspad, tensy dit 'n openbare pad is, en vir die koste van herstelwerk indien enige skade voortspruit uit konstruksie of die bedryf van die fasiliteit.

(xi) Verandering:

Enige verandering, uitgesluit toevallige *in situ* tegniese verbeterings, wat aan 'n Hernubare energie struktuur aangebring word ná magtiging, en wat nie grootliks ooreenstem met die goedkeuring nie, vereis goedkeuring van die bevoegde gesag binne die parameters van hierdie soneringskema deur middel van:

- afwyking;
- wysiging van voorwaardes;
- nuwe vergunningsgebruik goedkeuring;

- amendment of the Site Development Plan;
- amendment of the building plan.

(xii) Decommissioning:

- Any Renewable energy structure and associated infrastructure, including buildings, power lines, cables and roads which has reached the end of its productive life or has been abandoned must be removed;
- When a Renewable energy structure is scheduled to be decommissioned or operations have been discontinued or it has been abandoned, the land owner must notify the competent authority within 30 days after the operation seized by by registered mail of the proposed or past date concerned, and of plans for removal;
- The owner is responsible for the removal of the structure in all its parts, within 150 days after the date of discontinued operation or as agreed upon by the competent authority after submission of a plan for decommissioning. The competent authority, where justifiable in its opinion, may grant extension of time for removal of the structure. The land must then be rehabilitated, to the satisfaction of the competent authority, to the condition prescribed in the approved Environmental Management Plan and the approved decommissioning plan;
- Decommissioning must include, inter alia:
 - the removal of all wind turbines, solar voltaic structures and appurtenant structures, including equipment, bases, foundations, security barriers and transmission lines;
 - disposal of all solid and hazardous waste in accordance with provincial and local waste disposal regulations; and
 - the stabilisation and re-vegetation of the site to minimise erosion;
- The competent authority may, in order to minimise erosion and disruption to natural vegetation and habitats, grant approval to the owner not to remove landscaping or underground foundations, or other underground components which do not cause any pollution as contained in the decommissioning plan;
- If the owner fails to remove the structure or parts thereof in accordance with the requirements of this zoning scheme within 150 days of abandonment or the date of decommissioning or an approved extension time, the competent authority may enter the property and remove the structure or parts thereof. All removal costs in such a case may be recovered from the owner.

(xiii) Abandonment:

A Renewable energy structure shall be considered abandoned in the event of the structure failing to continuously operate for more than one year, or when part or all of the structure is confirmed as a hazard and no remedial action has been undertaken, unless the owner can prove otherwise.

Agricultural Zone 2: Agricultural industry (AGR2)

Colour notation: Green with thick purple hatching.

Objective:

The objective of this zone is to make provision for the processing of agricultural products on farms or portions of farms where such processing may, in the municipality's opinion, potentially impact negatively on the amenity of the surrounding area in terms of the size or intensity of the activity, but for reasons of efficiency these activities are best situated within an agricultural area, as opposed to an urban or industrial area. The use category "agricultural industry" has a different meaning to "agriculture" to protect the agricultural resource base and amenities of agricultural areas.

- wysiging van die Terreinontwikkelingsplan; of
- wysiging van die bouplan.

(xii) Buitediensstelling:

- Enige Hernubare energie struktuur en verwante infrastruktuur insluitend geboue, kraglyne, kables en paaie wat die einde van sy lewensduur bereik het of wat verlaat is, moet verwyder word;
- Wanneer 'n Hernubare energie struktuur geskeduleer is om buite diens gestel te word, of bedrywigheids gestaak is of die struktuur verlaat is, moet die eienaar die bevoegde gesag per geregistreerde pos in kennis stel van die voorgestelde of verstrekte sluitingsdatum, asook die planne vir verwydering;
- Die eienaar is verantwoordelik vir die verwydering van die volledige struktuur binne 150 dae ná die datum van buitediensstelling of soos ooreengekom met die bevoegde gesag nadat 'n plan vir buitediensstelling ingedien is. Die bevoegde gesag mag waar geregtig na sy mening, die eienaar uitstel verleen vir die verwydering van die fasiliteit. Die grond moet dan tot bevrediging van die bevoegde gesag rehabiliteer word tot die toestand soos voorgeskryf in die goedgekeurde Omgewingsbestuursplan en die goedgekeurde plan vir buitediensstelling.
- Buitediensstelling moet onder andere die volgende insluit:
 - die verwydering van alle windturbines, son-voltêre strukture en bybehorende strukture, insluitend toerusting, basisse, fondasies, sekuriteitsversperrings en transmissielyne;
 - wegdoening van alle vaste en gevaarlike afval in ooreenstemming met die provinsiale en plaaslike afvalverwyderingsregulasies; en
 - die stabilisering en herbepanting van die perseel om erosie te minimaliseer.
- Die bevoegde gesag kan die eienaar toestemming verleen om landskapering en ondergrondse fondasies of enige ondergrondse komponente wat nie enige besoedeling veroorsaak nie agter te laat om erosie en versteuring van natuurlike plantegroei en habitatte te minimaliseer soos beskryf in die plan vir buitediensstelling.
- Indien die eienaar versuim om die struktuur of gedeeltes daarvan in ooreenstemming met hierdie soneringskema binne 150 dae ná verlating of die datum van buitediensstelling, of 'n goedgekeurde periode van verlenging, te verwyder, mag die bevoegde gesag die eiendom betree en die struktuur of gedeeltes daarvan verwyder. Alle verwyderingskoste in so 'n geval kan van die eienaar verhaal word.

(xiii) Verlating:

'n Hernubare energie struktuur sal as verlaat geag word in die geval waar die struktuur in gebreke bly om voortdurend te werk vir een jaar of meer, of waar 'n gedeelte of die struktuur in geheel as skadelik geag word en geen regstellende aksie onderneem is nie, tensy die eienaar anders kan bewys.

Landbousone 2: Landbouwerheid (L 2)

Kleurnotasie: Groen met dik pers skuinslyn arsering.

Doel:

Die doel met hierdie sone is om vir die prosessering van landbouprodukte op plase voorsiening te maak waar sulke prosessering, na die mening van die munisipaliteit, 'n potensiële negatiewe impak op die aantreklikheid van die omgewing in terme van grootte of intensiteit van die aktiwiteite mag hê, maar vir redes van doeltreffendheid hierdie aktiwiteite die beste binne 'n landbougebied geplaas sal wees, in teenstelling met 'n stedelike of nywerheidsgebied. Die gebruikskategorie "landbouwerheid" verskil in betekenis van "landbou" wat ten doel het om die landbouhulpbronbasis en omgewingsaantreklikheid van landbougebiede te beskerm.

10.2 Use of land:

The following use restrictions apply to land in this zone:

- (a) **Primary use:** agricultural industry, transmission tower, rooftop base station.
- (b) **Consent uses:** dwelling house, tourist facility, farm stall, nursery, intensive stock farming, horticulture, composting.

10.2.1 Token zoning

The municipality may approve rezoning of a portion of a land unit that is otherwise zoned, to agricultural zone 2, provided that the area affected by the agricultural zone 2 zoning is clearly identified on a survey diagram or other plan prepared by a suitably qualified person to the municipality's satisfaction.

10.2.2 Land use provisions:

The following land use provisions apply:

(a) Floor space:

The municipality may stipulate additional floor space limitations taking into account the character of the area and operational requirements of a particular agricultural industry.

(b) Coverage

The maximum coverage for all buildings on an area earmarked as a token zoning, or a land unit zoned, for agricultural zone 2, is 80%.

(c) Building lines

A building line restriction of 10m shall apply around agricultural industry improvements.

(d) Parking

- (i) At least 1 parking bay per 200m² of the total floor space shall be provided;
- (ii) For the purposes of loading and off-loading goods from vehicles, at least two loading bays shall be provided for every 50m² or portion thereof, of the floor space used for the agricultural industry;
- (iii) The municipality may impose additional parking and loading requirements to provide for the operational requirements of a particular agricultural industry.

(e) Height

The municipality may determine a height limitation in response to the operational requirements of a particular agricultural industry.

10.2.3 Site development plan

The municipality may require a site development plan, to its satisfaction, and in line with paragraph 12.6 for consideration and approval, for all new development and extensions of existing development within this zone. Upon the rezoning of land to agricultural zone 2, the municipality may prescribe any special conditions in respect of permitted uses, parking and loading requirements, access, fencing and aesthetics so that the use will have the minimum possible influence on the environment.

Agricultural Zone 3: Smallholdings (AGR3)

Colour notation: Green with thick yellow hatching.

Objective:

The objective of this zone is to accommodate smaller agricultural land units which may be occupied as places of residence for people who seek a rural lifestyle. Such land units often occur adjacent to towns and villages.

10.2 Gebruik van grond:

Die volgende gebruiksbeperkings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruik:** landbouwyerheid, transmissietoring, dak-basisstasie.
- (b) **Vergunningsgebruik:** woonhuis, toeristefasiliteit, plaasstal, kwekery, intensiewe veeboerdery, intensiewe tuinbou, kompostering.

10.2.1 Teikensonerering

Die munisipaliteit mag hersonerering van 'n gedeelte van 'n grondeenheid wat anders gesoneer is, na landbousone 2 goedkeur, met dien verstande dat die grond deur dié teikensonerering geraak word, duidelik tot bevrediging van die munisipaliteit geïdentifiseer moet word op 'n landmetersdiagram of ander plan voorberei deur 'n geskikte gekwalifiseerde persoon.

10.2.2 Grondgebruikbepalings:

Die volgende grondgebruikbepalings is van toepassing:

(a) Vloerruimte:

Die munisipaliteit mag addisionele vloerruimtebeperkings stipuleer in ag genome die karakter van die gebied en die operasionele vereistes van 'n spesifieke landbouwyerheid.

(b) Dekking

Die maksimum dekking vir alle geboue in 'n gebied aangedui as 'n teikensone vir landbousone 2, of 'n grondeenheid gesoneer vir landbousone 2, is 80%.

(c) Boulyne

'n Boulynbeperking van 10m sal rondom landbouwyerhede van toepassing wees.

(d) Parkering

- (i) Minstens 1 parkeerplek per 200m² van die totale vloerruimte moet voorsien word;
- (ii) Vir die doel van die op- en aflaai van die vrag van voertuie moet daar minstens twee laaiplekke voorsien word vir elke 50m² of gedeelte daarvan, van die vloerruimte wat vir die landbouwyerheid benut word;
- (iii) Die munisipaliteit mag addisionele parkering- en laaiver-eistes opleë om voorsiening te maak vir die operasionele vereistes van 'n spesifieke landbouwyerheid.

(e) Hoogte

Die munisipaliteit mag 'n hoogtebeperking na gelang van die operasionele vereistes van 'n spesifieke landbouwyerheid, bepaal.

10.2.3 Terreinontwikkelingsplan

Die munisipaliteit mag 'n terreinontwikkelingsplan, tot bevrediging van die munisipaliteit, en in navolging van 12.6 vir oorweging en goedkeuring, vir alle nuwe ontwikkeling en uitbreidings van bestaande ontwikkeling in hierdie sone, vereis. By die hersonerering van grond tot landbousone 2 kan die munisipaliteit enige spesiale voorwaardes ten opsigte van toegelate gebruike, parkeer- en laaiver-eistes, toegang, omheining of estetiese voorskryf sodat die gebruik die minimum moontlike invloed op die omgewing sal hê.

Landbousone 3: Kleinhoues (L 3)

Kleurnotasie: Groen met dik geel skuinslyn arsering.

Doel:

Die doel met hierdie sone is om kleiner landbou-grondeenhede, wat vir landbou aangewend mag word maar ook as woonplekke geokkupeer mag word deur mense wat 'n landelike leefstyl wil navolg, te akkommodeer. Sulke grondeenhede kom dikwels naby stede en dorpe voor en mag binne of buite die erkende stadsrand voorkom.

10.3 Use of land:

The following use restrictions apply to land in this zone:

- (a) **Primary use:** agriculture.
- (b) **Consent uses:** additional dwelling unit, farm stall, bed and breakfast establishment, tourist facility, riding school, nursery, intensive stock farming, horticulture, commercial pet kennel, composting, food processing, home occupation, transmission tower, rooftop base station.

10.3.1 Land use provisions

The following land use provisions apply:

- (a) **Building lines**
The building lines are 10m in respect of all boundaries.
- (b) **Parking**
Parking and access shall be provided on the land unit in accordance with paragraph 13.1.
- (c) **Height**
 - (i) No building may exceed a height of two storeys, provided that where the slope of the grade-line is greater than 1 to 5, the owner may elect to have height regulated in accordance with (ii) hereunder;
 - (ii) Where the height is regulated in terms of this sub-paragraph, no point on a building shall exceed a vertical distance above a point half-way on the grade line, of 6m in the case of a flat roofed building, or 8m in the case of an inclined or pitched roof building, provided that if it is an inclined or pitched roof building, only the roof structure may exceed a height of 6m.

10.3.2 Minimum subdivision size

No land unit zoned Agriculture zone 3 shall have an extent of:

- (i) less than 2ha, if no minimum subdivision size is specified on the zoning map, or
- (ii) less than the specified minimum size if the zoning map specifies a minimum subdivision size for a land unit in this zone.

10.3.3 Site development plan

The municipality may require that a site development plan for a consent use be submitted to its satisfaction in terms of paragraph 12.6 for consideration and approval.

CHAPTER 11: ALTERNATIVE ZONES

General Policy Statement:

The following general policies and principles shall apply to land in the alternative zones, except where the policies and principles are superseded by an approved spatial development framework or spatial development plan:

- (i) This chapter deals with three zones, named *undetermined*, *special* and *sub divisional area*. The *undetermined zone* enables the municipality to defer a decision regarding a specific land use and land use provisions until the circumstances affecting the land unit, have been properly investigated, or until the owner of the land makes an application for rezoning or a zoning determination is made by the municipality;
- (ii) The *special zone* provides the municipality with a mechanism whereby special or site specific directives, land use parameters and design parameters may be established for a land unit or area. The special zone can be applied by the stipulation of these special measures in an annexure to this Zoning Scheme, or in terms of an approved site development plan;

10.3 Gebruik van grond:

Die volgende gebruiksbepelings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruik:** landbou.
- (b) **Vergunningsgebruik:** adisionele wooneenheid, bed-en-ontbyt bedryf, toeristefasiliteit, ryskool, kwekery, intensiewe veeboerdery, intensiewe tuinbou, kommersiële troeteldierhokke, kompositering, voedselprosessering, tuisberoep, plaasstal, transmissietoring, dak-basisstasie.

10.3.1 Grondgebruikbepalings:

Die volgende grondgebruikbepalings is van toepassing:

- (a) **Boulyne**
Die boulyne is 10m ten opsigte van alle grense.
- (b) **Parkering**
Parkering en toegange moet op die grondeenheid in ooreenstemming met 13.1, voorsien word.
- (c) **Hoogte**
 - (i) Geen gebou mag 'n hoogte van 2 verdiepings oorskry nie, met dien verstande dat waar die helling van die gradiëntlyn groter as 1 tot 5 is, die eienaar 'n keuse mag uitoefen dat die hoogte ooreenkomstig (ii) hieronder, bepaal word;
 - (ii) Waar die hoogte in terme van hierdie subparagraaf bepaal word, mag geen punt van 'n gebou 'n vertikale afstand van 6m, in die geval van 'n platdak gebou, of 8m in die geval van 'n spitsdak gebou, bo 'n punt halfpad op die gradiëntlyn oorskry nie, met dien verstande dat indien dit 'n spitsdak gebou is, slegs die dakstruktuur 'n hoogte van 6m mag oorskry.

10.3.2 Minimum onderverdeling-oppervlakte

Geen grondeenheid gesoneer as Landbousone 3, mag:

- (i) kleiner as 2ha wees indien geen onderverdelingsgrootte op die soneringskaart gespesifiseer word nie, of
- (ii) kleiner as die minimum grootte wees nie, indien 'n minimum onderverdelingsgrootte vir 'n grondeenheid in hierdie sone deur die soneringskaart gespesifiseer word.

10.3.3 Terreinontwikkelingsplan

Die munisipaliteit mag vereis dat 'n terreinontwikkelingsplan ten opsigte van 'n vergunningsgebruik, in terme van 12.6 tot bevrediging van die munisipaliteit vir oorweging en goedkeuring ingedien word.

HOOFSTUK 11: ALTERNATIEWE SONES

Algemene beleidstelling:

Die volgende algemene beleid en beginsels sal van toepassing wees op grond in die alternatiewe sones behalwe waar die beleid en beginsels ondergeskik is aan 'n goedgekeurde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of ruimtelike ontwikkelingsplan:

- (i) Hierdie hoofstuk handel oor drie sones, genoem *onbepaald*, *spesiaal* en *onderverdelingsgebied*. Die onbepaalde sone stel die munisipaliteit in staat om 'n besluit rakende 'n spesifieke grondgebruik en ontwikkelingsbestuurbepalings uit te stel totdat die omstandighede wat die grondeenheid affekteer, noukeurig ondersoek is, of totdat die eienaar van die grond 'n aansoek vir hersonerig of 'n soneringsbepaling deur die munisipaliteit gemaak word;
- (ii) Die *spesiale sone* voorsien die munisipaliteit van 'n meganisme waarvolgens spesiale of terreinspesifieke direkiewe, grondgebruikbepalings en ontwerpbeplanning vir 'n grondeenheid of gebied gevestig kan word. Die spesiale sone kan toegepas word deur die opneem van hierdie spesiale maatreëls in 'n bylae tot hierdie soneringskema, of in terme van 'n goedgekeurde terreinontwikkelingsplan;

- (iii) In applying the *special zone*, the municipality must bear in mind the objectives of this Zoning Scheme and of any applicable integrated development plan. The technique can be used to generate appropriate responses to local or site specific issues, but should be used responsibly;
- (iv) The *sub divisional area zone* provides the municipality with a mechanism where special or unique factors justify the use of different zonings within a specific site without creating a new zone in this Zoning Scheme.

Undetermined zone (UN)

Colour notation: Dark brown.

Objective:

The objective of this zone is to enable the municipality to defer a decision regarding a specific land use and land use provisions until the circumstances affecting the land unit have been properly investigated, or until the owner of the land makes an application for rezoning, or a zoning determination is made by the municipality.

11.1 Use of land:

The following use restrictions apply to land in this zone:

- (a) **Primary uses:** none.
- (b) **Consent uses:** none.

11.1.1 Land use provisions

New development shall not be permitted on any land in this zone, unless the land is rezoned to a zone which permits such new development, either as a token zoning or the entire land unit.

Special zone (SZ)

Colour notation: White with light blue outline.

Objective:

The objective of this zone is to provide for circumstances where special or unique factors justify the creation of a new zone on the zoning map for specific land without justifying the creation of a new zone in this Zoning Scheme. In addition, an opportunity is provided for the introduction of collaborative planning techniques into the development process, whereby a negotiated settlement between the municipality and the applicant is possible in the interest of sustainable development. The mechanism provides for unforeseen or special circumstances where it is not possible or expedient to accommodate the use or activity in an existing use zone, and it allows for innovative design, architectural styles, building forms and site relationships. As one of the key aims of the Zoning Scheme is to provide clarity and consistency, special zones should be used sparingly.

11.2 Use of land

The following use restrictions apply to land in this zone:

- (a) **Primary use:** special usage.
- (b) **Consent uses:** any use determined by the municipality, transmission tower, rooftop base station.

11.2.1 Alternative methods of development management

- (a) The municipality may, at its discretion, employ one of the following methods of development management in this zone:
 - (i) Special land use provisions may be determined by the municipality and described as a separate special zone in an annexure to this Zoning Scheme. This method is known as the *special zone annexure*;

- (iii) Met toepassing van die *spesiale sone*, moet die munisipaliteit die doelwitte van hierdie soneringskema en van enige tersaaklike geïntegreerde ontwikkelingsplan in gedagte hou. Die tegniek kan gebruik word om toepaslike voorstelle met betrekking tot plaaslike of terreinspesifieke vraaggunte te genereer, maar behoort verantwoordelik gebruik te word;
- (iv) Die *onderverdelingsgebied sone* voorsien die munisipaliteit van 'n meganisme waar spesiale of unieke faktore die gebruik van verskillende sonerings vir 'n spesifieke terrein regverdig sonder dat 'n nuwe sone in hierdie soneringskema geskep word.

Onbepaalde sone: (OS)

Kleurnotasie: Donkerbruin.

Doel:

Die doel met hierdie sone is om die munisipaliteit in staat te stel om 'n besluit rakende 'n spesifieke grondgebruik en grondgebruikbepalings uit te stel totdat die omstandighede wat die grondeenheid raak, noukeurig ondersoek is, of totdat die eienaar van die grond 'n aansoek vir hersonerig rig of 'n soneringsbepaling deur die munisipaliteit gedoen word.

11.1 Gebruik van gron

Die volgende gebruiksbeperkings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruike:** geen.
- (b) **Vergunningsgebruike:** geen.

11.1.1 Grondgebruikbepalings

Geen nuwe ontwikkeling sal op enige grondgedeelte in hierdie sone toegelaat word nie, tensy die grond na 'n sone wat sulke nuwe ontwikkeling toelaat, hersoneer word, hetsy as 'n teikensone of die hele grondeenheid.

Spesiale sone: (SS)

Kleurnotasie: Wit met ligblou omboersel.

Doel:

Die doel met hierdie sone is om voorsiening te maak vir omstandighede waar spesiale of unieke faktore die skep van 'n nuwe sone op die soneringskaart vir spesifieke grond regverdig, sonder dat dit die skep van 'n nuwe sone in hierdie soneringskema noodsaak. Daarby skep dié sonering 'n geleentheid om interaksie-georiënteerde beplanningstegnieke waarvolgens 'n onderhandelde ooreenkoms tussen die munisipaliteit en die aansoeker in belang van volhoubare ontwikkeling moontlik is, in die ontwikkelingsproses in te bring. Dit maak voorsiening vir onvoorsiene of spesiale omstandighede waar dit nie moontlik of wenslik is om die gebruik of aktiwiteit in 'n bestaande gebruike sone te akkommodeer nie, en dit laat ruimte vir innoverende ontwerp, argitektoniese style, gebouforme en terrein-verhoudings. Aangesien dit 'n kern-doelwit van die Regulasies is om duidelikheid en konsekwentheid te verskaf, moet spesiale sones met omsigtigheid gebruik word.

11.2 Gebruik van grond

Die volgende gebruiksbeperkings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruik:** spesiale gebruik.
- (b) **Vergunningsgebruike:** enige gebruik soos deur die munisipaliteit gespesifiseer, transmissietoring, dak-basisstasie.

11.2.1 Alternatiewe metodes van ontwikkelingsbestuur

- (a) Die munisipaliteit mag, ooreenkomstig sy diskresie, een van die volgende metodes van ontwikkelingsbestuur in hierdie sone aanwend:
 - (i) Spesiale ontwikkelingsbestuurbepalings mag deur die munisipaliteit bepaal word en as 'n aparte spesiale sone beskryf word in 'n bylae tot hierdie soneringskema. Hierdie metode staan bekend as die *spesiale sone bylae*;

- (ii) The land use provisions may also be determined by the municipality by means of a site development plan. This method is known as the *special zone site development plan*;
 - (iii) The municipality may combine both the special zone annexure method and the special zone site development plan method.
 - (iv) When a land unit be zoned special zone, special zone annexures and special zone site development plans may be adopted and amended by Council in terms of a standing council resolution, and the formal amendment of the by-law is not required.
- (b) The special zone annexure mechanism is suitable for land where:
- (i) the land use provisions can be clearly determined, but the development proposals require some flexibility; or
 - (ii) the size of the proposed development, number of land units or range of uses is such that the proposed development, in the opinion of the municipality, could not readily be categorized into an existing zoning, and special zoning would be the most appropriate option.
- (c) The special zone site development plan mechanism is suitable for sites where:
- (i) the land use proposals are reasonably fixed and only limited flexibility is required; or
 - (ii) the size of the proposed development, number of land units or range of uses is such that the municipality considers this method to be the most appropriate for development management.

11.2.2 Land use provisions

The following land use provisions apply:

(a) General

- (i) If special and unique factors justify the creation of special land use provisions for land without the creation of a major new zone in this Zoning Scheme being justified, such land may be zoned as a special zone;
- (ii) When considering the rezoning of land to this zone, the municipality shall determine land use provisions in accordance with the procedures stipulated in (b) or (c) below;
- (iii) Any rezoning to a special zone will be deemed to be a zoning scheme amendment, unless the proposed parameters of a particular rezoning already exist with regard to another special zone governed by this zoning scheme that has already been approved.

(b) Special zone annexure

- (i) When the municipality employs the special zone annexure method of development management, it shall identify the area concerned on the zoning map by way of a separate number, and shall stipulate the land use provisions for that area as a separate special zone in an annexure to this Zoning Scheme;
- (ii) Each special zone, where the management provisions differ from those of another special zone, shall be given a separate number, and each number with the accompanying land use provisions, shall be described as a separate special zone in an annexure to this Zoning Scheme;

(c) Special zone development plan

- (i) Where the municipality employs the site development plan method of development management, it shall require a site development plan to be submitted in terms of paragraph 12.6;
- (ii) The reference number of a site development plan approved by the municipality shall be recorded in the register.

- (ii) Die ontwikkelingsbestuurbepalings mag ook deur die munisipaliteit bepaal word deur middel van 'n terreinontwikkelingsplan. Hierdie metode staan bekend as die *spesiale sone terreinontwikkelingsplan*;
 - (iii) Die munisipaliteit mag beide die spesiale sone bylae metode en die spesiale sone terreinontwikkelingsplan metode kombineer;
 - (iv) Wanneer 'n grondeenheid as spesiaal gesoneer is, mag spesiale sone bylaes en spesiale sone terreinontwikkelingsplanne deur die munisipaliteit aangeneem of gewysig word in terme van 'n staande munisipaliteitsbesluit, en word die formele wysiging van hierdie verordening nie vereis nie.
- (b) Die spesiale sone bylae is geskik vir grond waar:
- (i) die ontwikkelingsbestuurbepalings duidelik bepaal kan word, maar die ontwikkelingsvoorstelle 'n mate van buigsamheid vereis, en
 - (ii) die grootte van die voorgestelde ontwikkeling, aantal grondeenhede of reeks van gebruike sodanig is dat die munisipaliteit hierdie metode as die mees geskikste vir die ontwikkeling, beskou.
- (c) Die spesiale sone terreinontwikkelingsplan is geskik vir persele waar:
- (i) die grondgebruikbepalings duidelik vasgestel kan word maar die ontwikkelingsvoorstelle buigsamheid vereis, en
 - (ii) die grootte van die voorgestelde ontwikkeling, aantal grondeenhede of reeks van gebruike sodanig is dat, na die munisipaliteit se mening, die voorgestelde ontwikkeling nie gereedelik onder 'n bestaande sonering gekategoriseer kan word nie, en spesiale sonering die mees geskikste opsie is.

11.2.2 Grondgebruikbepalings

Die volgende grondgebruikbepalings is van toepassing:

(a) Algemeen

- (i) Indien spesiale faktore die skep van spesiale grondgebruikbepalings vir grond regverdig, sonder dat die skep van 'n nuwe sone in hierdie soneringskema geregverdig is, mag sulke grond as spesiale sone gesoneer word;
- (ii) Wanneer die hersonerings van 'n grondeenheid na hierdie sone deur die munisipaliteit goedgekeur of aanbeveel word, moet die munisipaliteit grondgebruikbepalings in ooreenstemming met die prosedure soos in (b) en (c) hieronder uiteengesit, bepaal;
- (iii) Enige hersonerings na spesiale sone sal geag word 'n soneringskema wysiging te wees, behalwe as die voorgestelde voorskrifte van 'n spesifieke hersonerings alreeds bestaan met betrekking tot 'n ander spesiale sone soos gereguleer deur hierdie soneringskema wat reeds goedgekeur is.

(b) Spesiale sone bylaes

- (i) Indien die munisipaliteit die spesiale sone bylae metode van ontwikkelingsbestuur aanwend, moet die betrokke gebied op die soneringskaart geïdentifiseer word deur middel van 'n aparte nommer, en moet die grondgebruikbepalings vir daardie gebied as 'n aparte spesiale sone in 'n bylae tot hierdie soneringskema ingevoeg word;
- (ii) Elke spesiale sone, waar die ontwikkelingsbestuurbepalings van dié van 'n ander spesiale sone verskil, moet van 'n aparte nommer voorsien word, en elke nommer met die gepaardgaande ontwikkelingsbestuurbepalings moet as 'n aparte spesiale sone in die bylae tot hierdie soneringskema, omskryf word;

(c) Spesiale sone terreinontwikkelingsplan

- (i) Waar die munisipaliteit die terreinontwikkelingsplan metode van ontwikkelingsbestuur aanwend, sal die voorlê van 'n terreinontwikkelingsplan, in terme van 12.6, vereis word;
- (ii) Die verwysingsnommer van 'n terreinontwikkelingsplan soos deur die munisipaliteit goedgekeur, moet in die register aangeteken word.

Sub divisional Area zone (OZ)

Colour notation: White with red outline.

Objective:

The objective of this zone, is to provide for circumstances where special or unique factors justifies the creation of a sub divisional area, where interactive orientated planning techniques whereby a negotiated agreement between the municipality and the applicant in the interest of sustainable development is possible, be brought into the development process. This leaves space for innovative design, architectural styles, building forms and site scales. Future subdivision and development rights are granted subject to conditions including the submission of a detailed subdivision application. This zone confirms only the principle of subdivision, not the detail which will be determined when an actual application for subdivision is approved.

11.3 Use of land

The following use restrictions apply to land in this zone:

- (a) **Primary uses:** all zonings as depicted in this zoning scheme.
- (b) **Consent uses:** as applicable to the various zoning categories.

11.3.1 Alternative methods of development management

The municipality may according to its discretion apply one of the following methods of development management in this zone:

- (i) Special development management provisions may be determined by municipality and described as a separate special zone in an annexure to this zoning scheme. This method is known as a special zone annexure;
- (ii) The development management provisions may also be determined by municipality by means of a site development plan. This method is known as the special zone site development plan;
- (iii) The zoning of the land unit as Sub Divisional Area, shall not exempt an owner from compliance with the provisions of relevant planning laws that govern the subdivision of land;
- (iv) The density requirement and other conditions that are laid down at the time of approval of the rezoning to Sub divisional Area shall apply;
- (v) Such conditions may include, but are not limited to, requirements for a development framework, environmental management plans, traffic impact assessments, landscape master plans, precinct plans or site development plans;
- (vi) At the confirmation of a subdivision for land that has been zoned as Sub Divisional Area, the zoning parameters approved by the municipality as part of the subdivision approval shall be deemed to be a substitution scheme.

CHAPTER 12: General provisions applicable to all zones**12.1 BUILDING LINES****12.1.1 Encroachment of building lines**

The following additional land use provisions apply in the case of encroachment on building lines:

- (a) Notwithstanding the building line regulations set out elsewhere, the following structures or portions of structures may be erected within the prescribed building lines:
 - (i) boundary walls and fences;
 - (ii) open and uncovered stoeps;
 - (iii) entrance steps, landings and entrance porches;
 - (iv) eaves projecting no more than 0,75m from the wall of the building;

Onderverdelingsgebied sone: (OGS)

Kleurnotasie: Wit met rooi omboersel.

Doel:

Die doel met hierdie sone is om voorsiening te maak vir omstandighede waar spesiale of unieke faktore die skep van 'n onderverdelingsgebied regverdig en waar interaksie-georiënteerde beplanningstegnieke, waarvolgens 'n onderhandelde ooreenkoms tussen die munisipaliteit en die aansoeker in belang van volhoubare ontwikkeling moontlik is, in die ontwikkelings- proses ingebring kan word. Dit laat ruimte vir innoverende ontwerp, argitektoniese style, gebou vorme en terrein- verhoudings. Toekomstige onderverdeling en ontwikkelingsregte word toegeestaan onderworpe aan voorwaardes wat 'n detail onderverdelingsaansoek insluit. Hierdie sone bevestig slegs die beginsel van onderverdeling en nie die detail wat bepaal word met die goedkeuring van 'n onderverdelingsaansoek.

11.3 Gebruik van grond

Die volgende gebruiksbeperkings is op grond in hierdie sone van toepassing:

- (a) **Primêre gebruik:** alle sonerings soos in hierdie soneringskema vervat.
- (b) **Vergunningsgebruik:** soos van toepassing op die onderskeie soneringskategorieë.

11.3.1 Alternatiewe metodes van ontwikkelingsbestuur

Die munisipaliteit mag, ooreenkomstig sy diskresie, een van die volgende metodes van ontwikkelingsbestuur in hierdie sone aanwend:

- (i) Spesiale ontwikkelingsbestuurbepalings mag deur die munisipaliteit bepaal word en as 'n aparte spesiale sone beskryf word in 'n bylae tot hierdie soneringskema. Hierdie metode staan bekend as die *spesiale sone bylae*;
- (ii) Die ontwikkelingsbestuurbepalings mag ook deur die munisipaliteit bepaal word deur middel van 'n terreinontwikkelingsplan. Hierdie metode staan bekend as die *spesiale sone terreinontwikkelingsplan*;
- (iii) Die sonering van die grondeenheid as 'n Onderverdelingsgebied sal die eienaar nie vrystel van die voldoening aan die voorskrifte van relevante beplanningwetgewing wat die onderverdeling van grond beheer;
- (iv) Die digtheidsvereistes en ander voorwaardes soos opgelê met die goedkeuring van die hersonering na Onderverdelingsgebied sal van toepassing wees;
- (v) Sulke voorwaardes mag insluit, maar is nie beperk daartoe nie, vereistes vir 'n ontwikkelingsraamwerk, omgewingsbestuursplanne, verkeersimpak bepalings, landskapering mees-terplanne, buurtplanne of terrein ontwikkelingsplanne;
- (vi) Met die bekragtiging van die onderverdeling van grond wat as 'n Onderverdelingsgebied gesoneer is, sal die voorwaardes soos deur die munisipaliteit goedgekeur as deel van die onderverdelingsgoedkeuring geag word as 'n vervangingskema.

HOOFSTUK 12: Algemene bepalings soos op alle sones van toepassing**12.1 BOULYNE****12.1.1 Oorskryding van boulyne**

Die volgende bykomende grondgebruikbepalings geld met betrekking tot oorskryding van boulyne:

- (a) Nieteenstaande die boulynregulasies soos elders uiteengesit, mag die volgende strukture of gedeeltes van strukture binne die voorgeskryde boulyne opgerig word:
 - (i) grensmure en grensheinings;
 - (ii) oop en onbedekte stoepe;
 - (iii) ingangstreëttjies, traplandings en ingangsportale;
 - (iv) dakoorhange wat nie meer as 0,75m van die muur van die gebou uitsteek nie;

- (v) cornices, chimney breasts, flower boxes, water pipes, drain pipes and minor decorative features not projecting more than 500mm from the wall of the building;
- (vi) screen-walls not exceeding 1,8m in height above the natural level of the ground, provided that no screen-wall shall be erected over the street building line without the municipality's consent;
- (vii) swimming pools not closer than 1m from any boundary;
- (viii) drying yards, provided that no drying yard shall be erected over the street building line without the municipality's consent, and
- (ix) a basement, provided that the basement ceiling does not project above ground level.
- (b) The municipality may permit the erection of an outbuilding or additional/ second dwelling unit which encroaches onto the side or rear building line.
- (c) When an outbuilding, additional/ second dwelling unit or building is permitted within a side or rear building line, the following conditions shall apply:
 - (i) no building shall exceed a height of 1 storey;
 - (ii) no door or window shall be permitted in any wall which is closer than 1m to the side or rear boundary concerned and must comply with the safety distance as specified by the National Building Regulations;
 - (iii) an access way, other than through a building and at least 1m wide, shall be provided from a public street to every vacant portion of the land unit concerned, other than a courtyard, and
 - (iv) no runoff of rainwater from the roof shall be discharged onto any adjoining land unit.
- (d) In circumstances where there is a zero side or rear building line, the following provisions shall apply:
 - (i) no door or window shall be permitted in any wall which is closer than 1m to the side or rear boundary concerned and must comply with the safety distance as specified by the National Building Regulations, and
 - (ii) no runoff of rainwater from the roof shall discharge onto any adjoining land unit.
- (e) The municipality may relax the street building line under the following circumstances:
 - (i) in the case of a garage or carport subject to 12.1.2;
 - (ii) if, in its opinion, the architectural effect of the building line relaxation will enhance the appearance of a public street, or
 - (iii) if, in its opinion, there are other special circumstances such as the topography of the site.

12.1.2 Garages and carports within building lines

The following additional land use provisions apply with regard to garages and carports within building lines:

- (a) The municipality may permit the erection of a garage within the street building line if, in the municipality's opinion, the garage cannot reasonably be sited at the prescribed distance due to the slope of the land unit, or for other reasons provided that the height of such garage from the finished floor level to the top of its roof shall not exceed 4m.
- (b) A carport may be erected on the erf boundary provided that:
 - (i) the width of such carport measuring the roofing and guttering edge to edge and parallel to the street boundary, shall not exceed 6,5m;

- (v) kroonlyste, skoorsteenborste, blombakke, waterpype, dreineringspype en kleiner versieringselemente wat nie meer as 500mm van die muur van die gebou uitsteek nie;
- (vi) afskermingsmure wat nie 1,8m in hoogte bokant die natuurlike grondvlak oorskry nie, met dien verstande dat geen afskortingsmuur oor die straatboulyn, sonder goedkeuring van die munisipaliteit, opgerig mag word nie;
- (vii) swembaddens, nie nader as 1m van enige grens nie;
- (viii) droogwerwe, met dien verstande dat geen droogwerf oor die straatboulyn, sonder goedkeuring van die munisipaliteit, opgerig mag word nie, en
- (ix) 'n kelder, met dien verstande dat die kelderplafon nie bokant die afgewerkte grondvlak mag uitsteek nie.
- (b) Die munisipaliteit mag instem tot die oprigting van 'n buitegebou of addisionele/ tweede wooneenheid wat binne die sy- of agtergrensboulyn oorskry.
- (c) Wanneer 'n buitegebou, addisionele/ tweede wooneenheid of gebou binne 'n sy- of agtergrensboulyn toegelaat word, sal die volgende voorwaardes van toepassing wees:
 - (i) geen gebou mag 'n hoogte van 1 verdieping oorskry nie;
 - (ii) geen deur of venster mag in enige muur wat nader as 1m aan die betrokke sy- of agtergrensboulyn is, toegelaat word nie en strukture moet aan die veiligheidsafstand soos in die Nasionale Bouregulasies bepaal, voldoen;
 - (iii) 'n toegangsweg, ander dan deur 'n gebou en ten minste 1m wyd, moet van 'n openbare straat na elke vakante gedeelte van die betrokke grondeenheid, ander dan 'n binnehof, voorsien word, en
 - (iv) geen afloop van reënwater van die dak mag op enige aanliggende grondeenheid gestort word nie.
- (d) In omstandighede waar daar 'n nul sy- of agtergrensboulyn geld, sal die volgende bepalings van toepassing wees:
 - (i) geen deur of venster mag in enige muur wat nader as 1m aan die betrokke sy- of agtergrensboulyn, opgerig is, toegelaat word nie en strukture moet aan die veiligheidsafstand soos deur die Nasionale Bouregulasies bepaal, voldoen, en
 - (ii) geen afloop van reënwater van die dak mag direk op enige aanliggende grondeenheid gestort word nie.
- (e) Die munisipaliteit mag instem tot die verslapping van die straatboulyn onder die volgende omstandighede:
 - (i) in die geval van 'n motorhuis of afdak onderworpe aan 12.1.2;
 - (ii) indien, volgens die mening van die munisipaliteit, die argitektoniese effek van die boulynverslapping die voorkoms van 'n openbare straat sal verbeter, of
 - (iii) indien, na die mening van die munisipaliteit, daar ander spesiale omstandighede is, soos die topografie van die terrein

12.1.2 Motorhuise en motorafdakke binne boulyne

Die volgende bykomende grondgebruikbepalings geld met betrekking tot motorhuise en motorafdakke binne boulyne:

- (a) Die munisipaliteit mag instem tot die oprigting van 'n motorhuis in die straatboulyn indien, volgens die mening van die munisipaliteit, die motorhuis nie redelikerwys op die voorgeskrewe afstand, as gevolg van die helling van die grondeenheid, of vir ander redes, geplaas kan word nie, met dien verstande dat die hoogte van sodanige motorhuis nie 'n hoogte van 4m, van die afgewerkte vloervlak tot die punt van die dak, sal oorskry nie;
- (b) 'n Motorafdak mag op die erfrens opgerig word, met dien verstande dat:
 - (i) die wydte van sodanige motorafdak, gemeet van rand tot rand van die dak en geut en parallel tot die erfrens, nie 6,5m mag oorskry nie;

- (ii) the roof of the carport shall be supported by metal or wrought timber posts or brick, concrete or masonry pillars;
- (iii) the carport shall not be enclosed on any side except by:
 - a boundary wall or fence;
 - a wall which forms an external wall to the building, or
 - another wall or fence, which does not exceed 1,25m in height;
- (iv) The height of such carport from the floor to the highest point of its roof shall not exceed 3m, and
- (v) The edges of the roof sheeting shall be neatly trimmed with a fascia board not less than 150mm in depth.

12.1.3 Setback

The portions of a land unit falling within the setback area, shall be excluded for the purpose of determining coverage and the maximum floor space on the land unit.

12.2 OUTDOOR STORAGE AND MOBILE HOMES

12.2.1 Outdoor storage and placement of vehicles

The following land use provisions apply in all zones with regard to outdoor storage and placement of vehicles in the residential zones:

- (a) Motor vehicles owned by the occupants of a dwelling unit, and used for commercial activities conducted away from the dwelling unit, may be parked on the land unit concerned, provided that:
 - (i) no more than one commercial vehicle per dwelling shall be parked on the land unit, and
 - (ii) the gross weight of any such commercial vehicle shall not exceed 10 000 kg;
- (b) A recreation vehicle, such as a caravan, may not be used for habitation by the occupant or guests visiting the occupant of the land unit, for more than 60 days during any 12 month period;
- (c) No area visible from a public street shall be used for the outdoor storage of inoperable vehicles;
- (d) No area visible from a public street shall be used for the outdoor storage of building material, appliances or similar items except:
 - (i) when being temporarily stored for the purpose of construction in accordance with a valid building plan approval, and
 - (ii) in conjunction with a yard or garage sale with a duration of not more than two consecutive days.

12.2.2 Mobile homes

The following land use provisions shall apply with regard to mobile homes:

- (a) Mobile homes which are to be situated in a mobile home park are subject to any municipality by-law relating to mobile homes;
- (b) The municipality may specify categories of mobile homes that may be placed on a land unit zoned for community purposes;
- (c) Mobile homes complying with specifications approved by the municipality in terms of (b) above, shall be subject to the following requirements:
 - (i) The mobile home shall be sited on a foundation slab and anchored to the municipality's satisfaction;
 - (ii) Solid perimeter skirting, of material and colour complementary to the mobile home, shall be provided from the bottom of the mobile home to the ground surface;
 - (iii) The roof and exterior siding of the mobile home shall be of a non-reflective material, and

- (ii) die dak van die motorafdak deur yster- of houtstutte of steen-, konkreet of sementpilare ondersteun word;
- (iii) die motorafdak nie op enige kant toegemaak mag word nie, behalwe met:
 - 'n grensmuur of grensheining;
 - 'n muur wat 'n buitemuur van 'n gebou uitmaak, of
 - 'n ander muur of heining wat nie 1,25m in hoogte oorskry nie;
- (iv) die hoogte van sodanige motorafdak van die vloer tot die hoogste punt van die afdak se dak, nie 3m sal oorskry nie, en
- (v) die rande van die dakplate netjies afgerond moet word met fassiebord wat nie minder as 150mm in diepte is nie.

12.1.3 Terugsetlyne

Die gedeeltes van 'n grondeenheid wat binne die terugsetgebied val, moet uitgesluit word vir die doeleindes van bepaling van dekking en die maksimum vloerruimte op die grondeenheid.

12.2 BUITENSHUISE STOOR EN MOBIELE WONINGS

12.2.1 Buitenshuise stoor en plasing van voertuie

Die volgende grondgebruikbepalings is in alle sones van toepassing met betrekking tot buitenshuise stoor en plasing van voertuie in die residensiële sones:

- (a) Motorvoertuie wat deur die okkupeerders van 'n wooneenheid besit word en vir besigheidsaktiwiteite wat weg van die wooneenheid beoefen word, gebruik word, mag op die betrokke grondeenheid geparkeer word, met dien verstande dat:
 - (i) nie meer as een besigheidsvoertuig per wooneenheid op daardie grondeenheid geparkeer mag word nie, en
 - (ii) die bruto gewig van enige sodanige besigheidsvoertuig nie 10 000 kg sal oorskry nie;
- (b) 'n Ontspanningsvoertuig soos 'n karavaan, mag nie vir meer as 60 dae in 'n 12-maande periode vir bewoning deur die okkupeerder of gaste, wat die okkupeerder van die grondeenheid besoek, gebruik word nie;
- (c) Geen gebied sigbaar vanaf 'n openbare straat mag vir die buitenshuise stoor van onpadwaardige voertuie, gebruik word nie;
- (d) Geen gebied sigbaar vanaf 'n openbare straat mag vir die buitenshuise stoor van boumateriaal, toerusting of soortgelyke items gebruik word nie, behalwe:
 - (i) wanneer dit tydelik gestoor vir die doeleindes van konstruksie in ooreenstemming met 'n goedgekeurde bouplan, of
 - (ii) waar dit in verband staan met 'n werf- of garage-verkoping met 'n tydsduur van nie meer as twee opeenvolgende dae nie.

12.2.2 Mobiele wonings

Die volgende grondgebruikbepalings sal van toepassing wees ten opsigte van mobiele wonings:

- (a) Mobiele wonings wat in 'n park vir mobiele wonings geplaas word, is onderworpe aan enige munisipale verordening insake mobiele wonings;
- (b) Die munisipaliteit mag kategorieë van mobiele wonings wat op 'n grondeenheid gesoneer vir gemeenskapdoeleindes, geplaas mag word, spesifiseer;
- (c) Mobiele wonings wat aan die spesifikasies, soos deur die munisipaliteit goedgekeur in terme van (b) hierbo, voldoen, sal onderworpe wees aan die volgende vereistes:
 - (i) die mobiele woning moet op 'n fondasieplatform geplaas en geanker word, tot bevestiging van die munisipaliteit;
 - (ii) soliede omranding van materiaal in 'n kleur wat die mobiele woning komplementeer, moet reg rondom, van die onderkant van die mobiele woning tot die grondvlak, aangebring word;
 - (iii) die dak en buitensy van die mobiele woning moet van 'n nie-reflekterende materiaal wees, en

- (iv) Any structural additions shall be of materials which, in the opinion of the municipality, are compatible with the mobile home.

12.3 SIGNS AND OUTDOOR ADVERTISEMENTS

General Policy Statement:

The following general policies and principles shall apply with regard to signage and outdoor advertising unless these policies and principles are superseded by by-laws or policies approved by the municipality:

- (i) The environmental impact of outdoor advertising may be controlled and managed in order to preserve the visual quality of the landscape and townscape, and for considerations of road safety;
- (ii) The visual impact of outdoor advertising varies according to the type of environment, and the type of advertisement. Some areas are highly sensitive while others are not particularly sensitive and may accommodate outdoor advertising with limited negative effects;
- (iii) In general natural and rural areas are highly sensitive to negative visual impacts from outdoor advertising. Urban areas may include places of high sensitivity such as heritage areas and scenic routes, places of some sensitivity such as most residential neighbourhoods, and places of lesser sensitivity such as business districts and industrial areas;
- (iv) The municipality may regulate outdoor advertising in a manner that differentiates between environmental quality and the sensitivity of different parts of the municipal area. The general approach should be to regulate the most sensitive areas more strictly, and less sensitive areas less strictly. The potential for outdoor advertising should be determined by linking the area of control with the landscape type and the sign type.

12.3.1 Objective:

The objective is to provide minimum provisions for the regulation of large advertisements and signs that are visible from any public street in natural, rural and urban areas, and include all types of billboards and tower structures intended predominantly for advertising purposes. In addition, provision is made for the municipality to designate different control areas where the degree of control is matched with the sensitivity of the environment.

12.3.2 Application to display a new sign or alter an existing sign

The following provisions shall apply:

- (a) Notwithstanding the provisions of the Advertising on Roads and Ribbon Development Act, no person may display a new sign or alter an existing sign which is visible from a public street, and which is equal to or greater than 4,5m² in area, without prior written approval from the municipality;
- (b) In granting its approval, the municipality may impose conditions relating to, but not limited to, the following:
 - (i) the shape, size and height of the sign;
 - (ii) colour and texture of the sign;
 - (iii) the location and orientation of the sign in relation to the road;
 - (iv) illumination and animation of the sign;
 - (v) road safety considerations;
 - (vi) the design and construction of the sign, and
 - (vii) general maintenance of the sign;
- (c) The municipality may require that an impact assessment (as prescribed by NEMA legislation) be conducted by the applicant for any outdoor advertising sign and shall require such impact assessment with regard to an application to display any billboard

- (iv) enige strukturele byvoegings moet van materiale wees wat, na die mening van die munisipaliteit, met die mobiele woning versoenbaar is.

12.3 TEKENS EN BUITENSHUISE DVERTENSIES

Algemene beleidstelling:

Die volgende algemene beleid en beginsels sal van toepassing wees met betrekking tot tekens en buitenshuise advertering, tensy die beleid en beginsels vervang word of teenstrydig is met verordeninge of beleid wat in dié verband deur die munisipaliteit aanvaar is:

- (i) Die omgewingsimpak van buitenshuise advertering kan beheer en bestuur word om die visuele kwaliteit van die landskap en dorpskap te bewaar, en vir padveiligheidsoorwegings;
- (ii) Die visuele impak van buitenshuise advertering verskil na gelang van die tipe omgewing en die tipe advertering. Sommige gebiede is hoogs sensitief terwyl ander nie juis besonder sensitief is nie en buitenshuise advertering met beperkte negatiewe effekte kan akkommodeer;
- (iii) In die algemeen is natuurlike en landelike gebiede hoogs sensitief vir negatiewe visuele impakte van buitenshuise advertering. Stedelike gebiede, wat hoofsaaklik uit die beboude omgewing bestaan, mag gebiede van hoë sensitiwiteit, soos stedelike bewaringsgebiede en uitsigroetes, gebiede met 'n mate van sensitiwiteit, soos die meeste residensiële woonbuurte, en gebiede van minder sensitiwiteit, soos sakekerne en nywerheidsgebiede, insluit;
- (iv) Die munisipaliteit kan buitenshuise advertering, op 'n manier wat onderskei tussen omgewingskwaliteit en die sensitiwiteit van verskillende dele van die munisipale gebied, reguleer. Die algemene benadering behoort te wees om die mees sensitiewe gebiede die strengste te reguleer en minder sensitiewe gebiede minder streng. Die potensiaal vir buitenshuise advertering behoort bepaal te word deur die gebied van beheer te koppel met die landskapstipe en die tipe advertensieteken.

12.3.1 Doel:

Die doel is om minimum bepalings vir die regulering van groot advertensies en tekens, wat van enige openbare straat in natuurlike, landelike en stedelike gebiede, sigbaar is, daar te stel en sluit alle tipes van advertensieborde en toringstrukture, wat hoofsaaklik vir adverteringsdoeleindes bedoel is, in. Daarby word voorsiening vir die munisipaliteit gemaak om verskillende beheergebiede waar die gmunisipaliteit van beheer deur die sensitiwiteit van die omgewing, bepaal word, in te stel.

12.3.2 Aansoek om 'n nuwe teken te vertoon of 'n bestaande teken te verander

Die volgende bepalings sal van toepassing wees:

- (a) Nieteenstaande die bepalings van die Vervoerwet en die Wet op Adverteer langs en Toebehou van Paaie, mag geen persoon 'n nuwe teken vertoon of 'n bestaande teken verander, wat van 'n openbare straat sigbaar is en wat gelyk is aan of groter is as 4,5m² in oppervlakte, sonder die vooraf skriftelike goedkeuring van die munisipaliteit nie;
- (b) Met die toestaan van sy goedkeuring mag die munisipaliteit voorwaardes op lê wat verband hou met die volgende, maar nie daartoe beperk is nie:
 - (i) die vorm, grootte en hoogte van die teken;
 - (ii) kleur en tekstuur van die teken;
 - (iii) die ligging en oriëntasie van die teken in verhouding tot die pad;
 - (iv) beligting en animasie van die teken;
 - (v) padveiligheidsoorwegings;
 - (vi) die ontwerp en konstruksie van die teken, en
 - (vii) algemene instandhouding van die teken;
- (c) Die munisipaliteit mag versoek dat 'n omgewingsimpakanalise (soos voorgeskryf deur die NEMA wetgewing) deur die aansoeker uitgevoer word en moet so 'n impakanalise vereis met betrekking tot 'n aansoek om 'n groot advertensiebord of enige teken met 'n

or sign with an area in excess of 36m². The impact assessment shall include but is not limited to:

- (i) a visual impact assessment, and
 - (ii) a traffic safety assessment;
- (d) In granting its approval, the municipality shall limit the period for display of the sign to no longer than 5 years, after which a new application must be submitted.

12.3.3 Declaration of areas of control

The municipality may declare areas of control for signs and outdoor advertisements, and should be guided by the principles and guidelines contained in the South African Manual for Outdoor Advertising Control with regard to the delimitation and management of such areas.

(a) Areas of maximum control

- (i) In areas of maximum control the municipality shall strictly regulate all outdoor advertising so that such advertising does not intrude upon, dominate or derogate in any way the character or quality of the environment;
- (ii) The municipality may indicate the type of signage that is permitted, is excluded or requires further approval in areas of maximum control;
- (iii) All natural and rural areas shall be deemed to be areas of maximum control;
- (iv) The following urban areas are deemed to be areas of maximum control:
 - public open spaces;
 - urban conservation areas;
 - scenic drives and vistas from important view points, and
 - areas of historic or architectural significance,
 provided that the responsible roads authority may, after an impact assessment, identify areas along main roads where a relaxation may be allowed, in which case these areas will be indicated as areas of partial control.

(b) Areas of partial control

- (i) In areas of partial control the municipality shall regulate signage to achieve integration between signage and surrounding land uses, while recognising greater freedom with regard to the size, number and position of such signs;
- (ii) The municipality may indicate the type of signage which is permitted, is excluded or requires further approval in areas of partial control;
- (iii) The following areas are deemed to be areas of partial control:
 - high density mixed use areas, including high density residential areas;
 - medium density residential areas in transition to become office and commercial uses;
 - local neighbourhood centres, suburban shopping centres and office parks;
 - ribbon development along main streets;
 - educational institutions, sports fields and commercialized squares, and
 - government usage and civic amenities.

(c) Areas of minimum control

- (i) In areas of minimum control the municipality shall regulate signage to generally permit signs except for high impact signage;
- (ii) The municipality may lay down conditions relating to high impact signage including, but not limited to, the shape, size and height of the sign, colour and texture, the location and orientation of the sign in relation to the road, illumination and animation, road safety considerations, the design and construction of the sign, and general maintenance of the sign;

oppervlakte groter as 36m², te vertoon, wat die volgende kan insluit, maar nie daartoe beperk is nie:

- (i) 'n visuele impakanalise, en
 - (ii) 'n verkeersveiligheidsanalise;
- (d) Met die toestaan van sy goedkeuring mag die munisipaliteit die tydperk vir vertoon van die teken, beperk tot nie langer nie as 5 jaar, waarna 'n nuwe aansoek ingedien moet word.

12.3.3 Verklaring van gebiede van beheer

Die munisipaliteit mag die gebiede van beheer van tekens en buitenshuise advertering, verklaar en behoort gelei te word deur die beginsels en riglyne vervat in die Suid-Afrikaanse Handboek vir Buitenshuise Adverteringsbeheer met betrekking tot die afbakening en bestuur van sulke gebiede.

(a) Gebiede van maksimum beheer

- (i) In gebiede van maksimum beheer moet die munisipaliteit alle buitenshuise advertering streng beheer sodat sodanige advertering nie inbreuk maak op, oorheersend is oor of op enige manier afbreuk doen aan die karakter of kwaliteit van die omgewing nie;
- (ii) Die munisipaliteit mag die tipe tekens aandui wat toegelaat word, wat uitgesluit word of wat verdere goedkeuring in gebiede van maksimum beheer vereis;
- (iii) Alle natuur- en landelike areas sal beskou word as gebiede van maksimum beheer te wees;
- (iv) Die volgende stedelike gebiede word beskou om gebiede van maksimum beheer te wees:
 - openbare oopruimtes;
 - stedelike bewaringsgebiede;
 - uitsigroetes en uitsigte vanaf belangrike uitkykpunte, en
 - gebiede van historiese of argitektoniese belang,

met dien verstande dat die verantwoordelike padowerheid, ná 'n impakanalise, gebiede langs hoofpaaie mag identifiseer waar 'n verslapping toegelaat mag word, in welke geval hierdie gebiede aangedui behoort te word as gebiede van gedeeltelike beheer.

(b) Gebiede van gedeeltelike beheer

- (i) In gebiede van gedeeltelike beheer sal die munisipaliteit advertensietekens reguleer om integrasie tussen advertensietekens en omliggende grondgebruik te bewerkstellig, terwyl erkenning verleen word vir groter vryheid met betrekking tot die grootte, getal en posisie van sulke tekens;
- (ii) Die munisipaliteit mag die tipe tekens aandui wat toegelaat word, uitgesluit word of verdere goedkeuring in gebiede van gedeeltelike beheer vereis;
- (iii) Die volgende gebiede word geag gebiede van gedeeltelike beheer te wees:
 - hoëdigtheid gemengde-gebruik gebiede, insluitend hoëdigtheid residensiële gebiede;
 - mediumdigtheid residensiële gebiede in oorgang tot kantoor- en kommersiële gebruike;
 - plaaslike woonbuurtsentrums, voorstedelike winkel-sentrums en kantoorparke;
 - lintontwikkeling langs hoofstrate;
 - opvoedkundige inrigtings, sportvelde en gekommersialiseerde pleine, en
 - owerheidsgebruike en gemeenskapsgeriewe.

(c) Gebiede van minimum beheer

- (i) In gebiede van minimum beheer sal die munisipaliteit advertensietekens op 'n wyse reguleer wat in die algemeen tekens sal toelaat behalwe vir hoë-impak advertensietekens;
- (ii) Die munisipaliteit mag voorwaardes, wat verband hou met hoë-impak advertensietekens, op, insluitend, sonder om daartoe beperk te wees, die vorm, grootte en hoogte van die teken, kleur en tekstuur, die ligging en oriëntasie van die teken in verhouding tot die pad, beligting en animasie,

- (iii) The following areas are deemed to be areas of minimum control:
- business districts, commercial shopping centres and office precincts;
 - industrial areas and industrial parks, and
 - prominent public transport nodes such as railway stations, large bus stations and taxi ranks, airports and harbours,
- provided that areas of historical, cultural and architectural value shall be excluded from areas of minimum control.
- (iv) Areas of control shall be indicated in the appropriate by-law.

12.4 PUBLIC NUISANCE AND NOISE

Subject to the municipality's by-law relating to Public Nuisances, no person may cause a public nuisance in the municipal area.

The municipal manager may cause a noise impact assessment to be undertaken by a suitably qualified person and if the results of such assessment show that the Noise Control Regulations promulgated in terms of NEMA are being contravened, the expenses incurred in respect thereof shall be recoverable as specified above.

Any person who fails to comply with any order served on such person in terms of this section or with any condition imposed by the municipal manager in the exercise of his or her powers or the performance of his or her duties there under, shall be guilty of an offence.

12.5 ANIMALS

Besides the provisions of any by-laws or policy decisions of the municipality which may exist with regard to keeping animals, including poultry, the following additional provisions shall apply in the residential zones, and in the case that any provision contained herein contradicts the provisions of the preceding by-laws or policy decisions, the provisions of such by-laws or decisions shall apply.

- (a) No animals may be kept for business purposes on a land unit in residential zones;
- (b) Horses and donkeys may be kept for the personal use of the owner or occupier of a land unit and his dependants provided that:
 - (i) no horses or donkeys shall be kept on a land unit which is less than 8 000m² in extent, unless the municipality is satisfied that special factors exist, such as the availability of suitable land in the vicinity for grazing and exercising, or poverty on the part of the person concerned;
 - (ii) an application for a permit to keep horses or donkeys shall be submitted by the applicant and may be approved or refused by the municipality, and such permit shall not be renewed if the applicant has given cause for justifiable and substantial complaint relating to the keeping of horses or donkeys, from neighbours or residents living in the area;
 - (iii) the applicant shall submit plans to the municipality concerning stables and shall construct the stables in accordance with the municipality's requirements, and
 - (iv) stables must be properly maintained, and manure must be handled, to the municipality's satisfaction so as not to cause any public nuisance.
- (c) Poultry, rabbits and other small animals may be raised for domestic, non-commercial use in residential areas.
- (d) No person may keep on any land unit in the residential zones, cattle, sheep, goats, pigs, birds, indigenous mammals or wild animals, without the permission of the municipality,

padveiligheidsoorwegings, die ontwerp en konstruksie van die teken en algemene onderhoud van die teken;

- (iii) Die volgende word as gebiede van minimum beheer geag:
- sakekerne, kommersiële winkelsentrums en kantoorbuurte;
 - nywerheidsgebiede en nywerheidsparke, en
 - prominente openbare vervoernodusse soos spoorwegstasies, groot busstasies en taxi staanplekke, lughawens en hawens,
- met dien verstande dat gebiede van historiese, kulturele en argitektoniese waarde, uitgesluit sal word van gebiede van minimum beheer.
- (iv) Gebiede van beheer moet in die toepaslike verordening aangedui word.

12.4 OPENBARE STEURNIS EN GERAAS

Onderhewig aan die Verordening insake Openbare Oorlaste mag niemand mag 'n openbare steurnis in die munisipale gebied veroorsaak nie.

Die munisipale bestuurder mag versoek dat 'n geraasimpakmeting deur 'n toepaslik gekwalifiseerde persoon uitgevoer word en indien die resultate van sodanige impakmeting daarop dui dat die Geraasbeheer Regulasies, afgekondig onder NEMA, oortree word, sal die uitgawe aangegaan in verband daarmee, verhaalbaar wees soos hierbo aangedui.

Enige persoon wat versuim om aan 'n bevel wat op so 'n persoon in terme van hierdie paragraaf gedien is of aan enige voorwaarde deur die munisipale bestuurder opgelê in die uitvoering van sy of haar bevoegdheid of die nakoming van sy of haar pligte daaronder, te voldoen, sal skuldig wees aan 'n misdryf.

12.5 DIERE

Benewens die bepalings van enige verordeninge of beleidsbesluite van die munisipaliteit met betrekking tot die aanhou van diere, insluitend pluimvee, wat mag bestaan, sal die volgende addisionele bepalings in die residensiële sones van toepassing wees, en ingeval enige bepaling hierin vervat teenstrydig is met die bepalings van voormelde verordeninge of beleidsbesluite, sal die bepalings van sodanige verordeninge of besluite geld:

- (a) Geen diere mag vir sakedoeleindes op 'n grondeenheid in die residensiële sones aangehou word nie;
- (b) Perde en donkies mag met die toestemming van die munisipaliteit, vir die persoonlike gebruik van die eienaar of bewoner van 'n eiendom en sy afhanklikes, aangehou word, met dien verstande dat:
 - (i) geen perde of donkies op 'n grondeenheid kleiner as 8 000m² in omvang, aangehou mag word nie, tensy die munisipaliteit tevrede is dat spesiale faktore soos die beskikbaarheid van geskikte grond in die omgewing vir weiding en oefening, of armoede van die betrokke persoon, bestaan;
 - (ii) 'n aansoek vir 'n jaarlikse permit om perde of donkies aan te hou, deur die aansoeker ingedien moet word en deur die munisipaliteit goedgekeur of geweier mag word, en sodanige permit nie hernu sal word as die aansoeker aanleiding gegee het tot regverdigbare en substansiële klagtes van bure of inwoners wat in die gebied woon en wat in verband staan met die aanhou van perde of donkies, nie;
 - (iii) die aansoeker planne van stalle vir die vooraf-goedkeuring van die munisipaliteit moet indien en die stalle ooreenkomstig die vereistes van die munisipaliteit moet oprig, en
 - (iv) stalle behoorlik in stand gehou moet word en mis tot bevrediging van die munisipaliteit hanteer moet word, sodanig dat dit nie enige openbare oorlast veroorsaak nie.
- (c) Pluimvee, hase en ander klein diertjies mag vir huishoudelike, nie-sakegebruik in residensiële gebiede aangehou word, onderworpe aan enige munisipale verordening wat in verband staan met die aanhou van pluimvee en ander diere;
- (d) Geen persoon mag op enige grondeenheid in die residensiële sones, sonder die goedkeuring van die munisipaliteit, beeste, skape, bokke, varke, voëls, inheemse soogdiere of wilde diere

notwithstanding whether such animals are kept for commercial or domestic purposes.

12.6 SITE DEVELOPMENT PLANS

The following provisions shall apply with regard to site development plans:

- A site development plan shall contain the information specified in the definition of "site development plan" unless the municipality agrees to waive certain requirements;
- If considered necessary by the municipality, or required by a competent provincial authority, the submission of a site development plan shall be accompanied by a traffic impact assessment or a traffic impact statement or other additional information considered necessary;
- The municipality may approve a site development plan which is submitted for its approval, or may require amendments, or may refuse to approve the site development plan;
- In circumstances where a site development plan is required in terms of this Zoning Scheme, no application for subdivision of land, or for building plan permission in terms of the National Building Act, shall be approved by the municipality, unless a site development plan has first been approved;
- The land shall be developed in accordance with the site development plan as approved by the municipality, and at the satisfaction of the municipality;
- Application may be submitted to the municipality for amendment of an approved site development plan;
- The municipality shall process an application to approve or amend an approved site development plan in accordance with its policy for transparency, public participation and administration of such applications;
- When approving a site development plan or an amendment to a site development plan, the municipality may impose conditions of approval.

12.7 PROPOSED NEW STREETS, STREET WIDENING AND STREET CLOSURE

The municipality may indicate on its zoning map:

- new public streets which it proposes to establish;
- public streets which it proposes to widen, and
- public streets which it proposes to close.

Such indications are intended for the information of the public, and to assist the municipality in achieving its general planning and development principles. The zoning of the land in question does not change until the new public street, street widening or street closure has been approved in terms of the relevant legislation as well as any additional legislative procedures concerning the rezoning.

CHAPTER 13: Parking, loading and infrastructure

General Policy Statement:

The approach adopted is that off-street parking is preferred in order to maximize operational and safety efficiencies on arterials. In addition, off-street parking should be provided and laid out in a manner that facilitates easy access and avoids back-up into the street system. It is, however, recognized that on-street parking is desired in many cases although this has been shown to reduce road capacity and road safety and poses a risk to pedestrians, in particular children, emerging between parked vehicles.

13.1 PARKING, LOADING AND ACCESS

The following parking requirements shall apply to all zones except residential zone 4 (incremental housing):

13.1.1 Off-street parking requirements

In cases where parking requirements are not stipulated for a particular use or in terms of a specific condition imposed by the municipality, parking shall be provided in accordance with the attached Table B

aanhou nie, niteenstaande of sodanige diere vir sake- of huishoudelike doeleindes aangehou word.

12.6 TERREINONTWIKKELINGSPLANNE

Die volgende bepalings sal ten opsigte van terreinontwikkelingsplanne van toepassing wees:

- 'n Terreinontwikkelingsplan moet die inligting gespesifiseer in die definisie van "terreinontwikkelingsplan" bevat, tensy die munisipaliteit toestem om sekere vereistes te laat vaar;
- Indien dit deur die munisipaliteit nodig geag word of deur 'n bevoegde provinsiale owerheid verlang word, moet die voorlê van 'n terreinontwikkelingsplan deur 'n verkeersimpakbepaling of 'n verkeersimpakstelling, of ander addisionele inligting wat nodig beskou word, vergesel word;
- Die munisipaliteit mag 'n terreinontwikkelingsplan wat vir goedkeuring aan hom voorgelê is, goedkeur of wysigings daarvan vereis voordat dit goedgekeur word, of mag dit weier;
- In omstandighede waar 'n terreinontwikkelingsplan in terme van hierdie soneringskema verlang word, sal geen aansoek vir die onderverdeling van grond, of vir bouplan-goedkeuring in terme van die Nasionale Bouwet, deur die munisipaliteit goedgekeur word nie, tensy 'n terreinontwikkelingsplan eers goedgekeur is;
- Die grond moet in ooreenstemming met die terreinontwikkelingsplan, soos deur die munisipaliteit goedgekeur en tot bevrediging van die munisipaliteit, ontwikkel word;
- Aansoek mag by die munisipaliteit gedoen word vir wysiging van 'n goedgekeurde terreinontwikkelingsplan;
The provisions of this overlay zone are in addition to those provisions which apply to the base zone of the relevant land, and

- (a) may be more or less restrictive than the provisions applying to the base zone of the land, and
- (b) if the provisions of a special management area overlay zone are in conflict with the provisions of the base zone, the more restrictive conditions apply.

3.1 Designation

Special management areas may include important landscapes, environmental areas or cultural areas, such as the following but are not limited to:

- (a) agricultural areas showing certain patterns of development and landscapes, such as wine farms with traditional vineyard nodes;
- (b) scenic areas which have a special value as tourist attractions due to the pattern of the landscape or the character of settlements in that landscape, and
- (c) farming areas containing considerable flora and fauna.

3.2 Land use provisions

3.2.1 The land use provisions contained in the special management area overlay zone may vary between areas and may include, but are not limited to, the following matters:

- (c) Waar die munisipaliteit sy goedkeuring verleen in terme van (b) hierbo, mag hy voorwaardes oplaë ten opsigte van ligging, afbakening en konstruksie-materiale vir sulke voetpaaie of toegange, asook voorwaardes wat verband hou met die bewaring van plantegroei en die stabilisering van sandduine;
- (d) 'n Voetpad of toegang wat nie deur die munisipaliteit goedgekeur is nie, moet gesluit word en die plantegroei op skriftelike aanmaning, deur die eienaar herstel word tot bevrediging van die munisipaliteit, by gebreke waarvan die munisipaliteit die nodige werk mag uitvoer en die kostes redelikerwys aangegaan, van die eienaar verhaal;
- (e) Die eienaar of okkupeerder van 'n grondeenheid mag nie die sensitiewe natuurlike kenmerke van die kussone op daardie grondeenheid, soos primêre duine, strande, primêre plantegroei, vleilande, riviermondings of stroombanke, sonder die vooraf skriftelike goedkeuring van die munisipaliteit, destabiliseer, vernietig of beskadig nie. Indien die munisipaliteit toestemming verleen, moet die munisipaliteit vereistes neerlaë om skade aan die omgewing tot die minimum te beperk;
- (f) Indien, volgens die mening van die munisipaliteit, 'n duin of gedeelte van 'n duin op 'n grondeenheid 'n gevaar inhou as gevolg van die onstabielheid of waarskynlike onstabielheid daarvan, mag die munisipaliteit die eienaar van daardie grondeenheid versoek om stabiliseringsmaatreëls, tot bevrediging van die munisipaliteit, te onderneem.

2.4 Brandbestuursgebiedbepalings

Die munisipaliteit mag spesiale brandbestuursbepalings vir 'n gebied aangewys as 'n brandbestuursgebied, in terme van die oorlegsone, oplaë.

2.5 Ander unieke omgewingskenmerke

Die munisipaliteit mag addisionele bepalinge oplaë as riglyn vir ontwikkeling in 'n gebied wat aan die bepalinge van 'n omgewingsbewaringsone onderworpe is, en wat spesiale omgewings-kenmerke wat nie deur die voorafgaande paragrawe gedek word nie, bevat.

Bylae A.3: Spesiale Bestuursgebied Oorlegsone (SBgOS)

Doel:

Die doel met die spesiale bestuursgebied oorlegsone is om 'n geleentheid vir spesiale bestuursbepalings te skep, in besonder in landbou- en landelike gebiede, en om goeie ontwerp of innoverende idees onder beheerde omstandighede te akkommodeer ten einde nie skadelike presedente te skep nie. Die sonering word ondersteun deur die plasing van 'n kontraktuele verpligting op grondeienaars aan wie addisionele grondgebruikregte verleen is.

3. Oorlegsone

Die bepalinge van hierdie oorlegsone is bykomend tot daardie bepalinge wat op die onderliggende sone van die betrokke grond van toepassing is, en

- (a) mag meer of minder beperkend wees as die bepalinge wat op die onderliggende sone van die grond van toepassing is, en
- (b) indien die bepalinge van 'n spesiale bestuursgebied oorlegsone in konflik is met die bepalinge van die basisone, sal die meer beperkende bepalinge geld.

3.1 Aanwysing

Spesiale bestuursgebiede mag aansienlike landskappe, omgewingsgebiede of kulturele gebiede omvat, wat die volgende insluit maar nie daartoe beperk is nie:

- (a) boerderygebiede wat sekere patrone van ontwikkeling en landskappe, soos wynplase met tradisionele wingerdnodusse, vertoon;
- (b) natuurskoongebiede wat 'n besondere waarde as toeriste-atraksies het as gevolg van die patroon van die landskap of die karakter van nedersettings binne daardie landskap, en
- (c) boerderygebiede wat aansienlike flora en fauna bevat.

3.2 Grondgebruikbepalings

3.2.1 Die grondgebruikbepalings vervat in die spesiale bestuursgebied oorlegsone mag tussen gebiede varieer en mag die volgende aanleentheid insluit maar is nie beperk daartoe nie:

- (a) provisions to encourage required types of land use and levels of conservation, including the following:
 - (i) voluntary reserves, where land contains or is suitable for, important eco-systems and habitats, and where owners co-operate to retain the natural character of such reserves;
 - (ii) management agreement reserves, where land contains areas of rare and threatened habitat and where development rights are restricted, and
 - (iii) contractual reserves, where land units are sufficiently large to be self-contained ecosystems, and development rights are restricted but conservation and appropriate tourist related uses are encouraged;
- (b) provisions to protect and encourage a certain pattern and type of agriculture, and
- (c) provisions to protect and encourage a certain pattern and type of settlement.

3.2.2 The municipality may place a contractual obligation on a land owner, to whom additional land use rights have been granted, to deal with the following matters:

- (a) implementation of an environmental management system to ensure that land use and resources are managed in a manner that promote environmental sustainability and biodiversity;
- (b) implementation of a trust fund to ensure that the necessary financial resources are available for effective long term management of the area;
- (c) protection or improvement of the aesthetic quality of the area, and
- (d) provisions for environmental auditing, monitoring and corrective action.

Annexure A. 4: Bioregional Planning Overlay Zone (BRPO)

General Policy Statement:

The planning and environmental management approach known as bioregional planning incorporates a process and set of principles to promote biodiversity and sustainable development. The aim of this approach is to facilitate a balanced integration of conservation and development interests, and in particular to support a programme of biosphere reserves throughout the Cape Floral Kingdom, which is internationally recognised and is the smallest of the six floral kingdoms of the world. The Cape Floral Kingdom is characterised by its exceptional richness and diversity, and requires special treatment because of its relatively small geographic area and the development pressures being exerted in this area.

The Provincial Government of the Western Cape is actively promoting the biosphere reserve programme and the bioregional planning process. Various mechanisms are available to support this process, such as integrated development plans and this Zoning Scheme which include a range of base zones to help manage sustainable development and conservation. An additional mechanism is the overlay zone which is an enabling mechanism that permits the municipality to implement area specific requirements in support of the bioregional planning approach.

Objective:

The objective of the bioregional planning overlay zone is to provide a mechanism to support bioregional planning, biodiversity and sustainable development. The overlay zone provides the municipality with the opportunity to determine land use provisions that respond to specific issues and characteristics of different bioregions, including core, buffer and transition areas.

4. Overlay zone

The provisions of this overlay zone are additional to those provisions which apply to the base zone of the relevant land, and

- (a) may be more restrictive or less restrictive than the provisions applying to the base zone of the land, and

- (a) bepalings om verlangde tipes van grondgebruik en vlakke van bewaring, insluitend die volgende, aan te moedig:
 - (i) vrywillige reservate, waar grond beskik oor, of geskik is vir, belangrike ekosisteme en habitate en waar eienaars saamwerk om die natuurlike karakter van sulke reservate te behou;
 - (ii) bestuursoreenkomsreservate, waar grondgebiede skaars en bedreigde habitat bevat en waar ontwikkelingsregte gedeeltelik beperk is, en
 - (iii) kontraktuele reservate, waar grondeenhede van genoegsame grootte is om selfonderhoudende ekosisteme te wees, en ontwikkelingsregte beperk is maar bewaring en toepaslike toerisme-verwante gebruike aangemoedig word;
- (b) bepalings om 'n sekere patroon en tipe van landbou te beskerm en aan te moedig, en
- (c) bepalings om 'n sekere patroon en tipe van nedersetting te beskerm en aan te moedig.

3.2.2 Die munisipaliteit mag 'n kontraktuele verpligting op 'n grondeenaar aan wie addisionele grondgebruikregte toegestaan is, plaas, om die volgende aangeleenthede te dek:

- (a) implementering van 'n omgewingsbestuurstelsel om te verseker dat grondgebruik en hulpbronne op so 'n wyse bestuur word dat omgewingsvolhoubaarheid en biodiversiteit bevorder word;
- (b) implementering van 'n trustfonds om te verseker dat die nodige finansiële bronne vir effektiewe langtermyn bestuur van die gebied beskikbaar is;
- (c) beskerming of verbetering van die estetiese kwaliteit van die gebied, en
- (d) bepalings vir omgewingsoudit, monitering en regstellende aksie.

Bylae A.4: biostreekbeplanning Oorlegsone (BOS)

Algemene beleidstelling:

Die beplanning- en omgewingsbestuursbenadering bekend as biostreekbeplanning, sluit 'n proses en 'n stel beginsels om biodiversiteit en volhoubare ontwikkeling te bevorder, in. Die doel met hierdie benadering is om 'n gebalanseerde integrasie van bewarings- en ontwikkelingsbelange te fasiliteer en in besonder om 'n program van biosfeerreservate regdeur die Kaapse Plantkoninkryk, wat internasionaal erken word en die kleinste van die ses plantkoninkryke van die wêreld is, te ondersteun. Die Kaapse Plantkoninkryk word gekenmerk deur sy besondere rykdom en verskeidenheid, en vereis spesiale behandeling as gevolg van die relatiewe klein geografiese omvang daarvan en die ontwikkelingsdruk wat op hierdie gebied uitgeoefen word.

Die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap bevorder die biosfeerprogram en die biostreekbeplanningsproses aktief. Verskeie meganismes om die proses te ondersteun is beskikbaar, insluitend geïntegreerde ontwikkelingsplanne asook hierdie soneringskema met 'n verskeidenheid van onderliggende sones om volhoubare ontwikkeling en bewaring te bestuur. 'n Addisionele meganisme is die oorlegsone wat 'n meganisme is wat die munisipaliteit in staat stel om gebiedspesifieke vereistes ter ondersteuning van die biostreek-benadering, te implementeer.

Doel:

Die doel met die biostreek oorlegsone is om 'n meganisme te verskaf om biostreek-beplanning, biodiversiteit en volhoubare ontwikkeling, te ondersteun. Die oorlegsone besorg aan die munisipaliteit die geleentheid om grondgebruikbepalings, wat verband hou met spesifieke vraagpunte en karaktertrekke van verskillende biostreekgebiede, insluitend kern-, buffer- en oorgangsgebiede, op te lê.

4. Oorlegsone

Die bepalings van hierdie oorlegsone is bykomend tot daardie bepalings wat op die onderliggende sone van die betrokke grond, van toepassing is, en

- (a) mag meer of minder beperkend wees as die bepalings wat op die onderliggende sone van die grond van toepassing is;

- (b) if the provisions of a bioregional planning overlay zone are in conflict with the provisions of the base zone, the more restrictive conditions apply.

4.1 Land use provisions

4.1.1 The bioregional planning overlay zone may be further divided into sub-zones in accordance with established bioregional planning principles, including:

- (a) core areas;
- (b) buffer areas, and
- (c) transition areas.

4.1.2 The land use provisions contained in the bioregional planning overlay zone may vary between different bioregions and different sub-zones and may include, but are not limited to, provisions to:

- (a) conserve viable natural ecosystems and biodiversity;
- (b) promote good environmental management and sustainable land use;
- (c) ensure that ecological corridors remain open to support and enhance biodiversity;
- (d) promote outdoor recreation and environmental education;
- (e) encourage sustainable harvesting of natural resources;
- (f) encourage conservation and nature-related economic development;
- (g) create effective buffers between core and transition areas;
- (h) provide minimum subdivision sizes to maintain ecosystems of sufficient size;
- (i) restrict inappropriate consent or secondary uses;
- (j) promote appropriate architectural, urban design and place-making principles, and
- (k) promote other bioregional planning principles.

Annexure A. 5: Urban Edge Overlay Zone (UEO)

General Policy Statement:

The following general policies and principles shall apply in the urban edge overlay zone, unless the policy and principles are subject to an approved spatial development framework or spatial development plan:

- (i) The urban edge overlay zone is designed to assist the municipality to manage development along the urban edge. The urban edge refers to the transition in land use and socio-economic characteristics, which distinguish between urban and rural areas.
- (ii) The urban edge is significant for the following reasons:
 - it serves as a gateway to urban areas, and accentuates the quality of rural landscapes;
 - it integrates urban open space systems with the rural hinterland;
 - it serves as an interface between multiple use urban areas and ecologically sensitive natural areas, whether these are conservation or agricultural areas;
 - it provides for the protection of resources vital to the functioning of urban areas, such as recreational, agricultural, infrastructural and mineral resources;
 - it provides amenity spaces around urban areas, and
 - it provides landscapes for the conservation of certain historical precincts and serves as a significant visual resource;

- (b) indien die bepalings van 'n biostreekbeplanning-oorlegsone in konflik is met die bepalings van die onderliggende sone, sal die meer beperkende bepalings geld.

4.1 Grondgebruikbepalings

4.1.1 Die biostreekbeplanning-oorlegsone mag verder in subsones onderverdeel word, in ooreenstemming met gevestigde biostreekbeplanningsbeginsels, naamlik:

- (a) kerngebiede;
- (b) buffergebiede, en
- (c) oorgangsgebiede.

4.1.2 Die grondgebruikbepalings vervat in die biostreekbeplanning-oorlegsone mag tussen verskillende biostreke en verskillende subsones verskil en mag bepalings vir die volgende insluit, maar is nie beperk daartoe nie:

- (a) bewaring van haalbare natuurlike ekosisteme en biodiversiteit;
- (b) bevordering van goeie omgewingsbestuur en volhoubare grondgebruik;
- (c) versekering dat ekologiese korridors oopgelaat word om biodiversiteit te ondersteun en uit te bou;
- (d) bevordering van buitlugontspanning en omgewingsopvoeding;
- (e) aanmoediging van volhoubare benutting van natuurlike hulpbronne;
- (f) aanmoediging van bewaring en natuurverwante ekonomiese ontwikkeling;
- (g) die skep van effektiewe buffers tussen kern- en oorgangsgebiede;
- (h) die neerlê van minimum onderverdelingsgroottes om ekosisteme van voldoende grootte te in stand te hou;
- (i) beperking van onvanpaste vergunnings- of sekondêre gebruike;
- (j) bevordering van toepaslike argitektoniese, stedelike-ontwerp en plekmakende beginsels, en
- (k) bevordering van ander biostreekbeplanningsbeginsels.

Bylae A.5: Stedelike rand Oorlegsone (SROS)

Algemene beleidstelling:

Die volgende algemene beleid en beginsels sal in die stedelike rand oorlegsone van toepassing wees tensy die beleid en beginsels ondergeskik is aan 'n goedgekeurde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of 'n ruimtelike ontwikkelingsplan:

- (i) Die stedelike rand oorlegsone is ontwerp om die munisipaliteit te help om ontwikkeling langs die stedelike rand te bestuur. Die stedelike rand verwys na daardie gebied van oorgang in grondgebruik en sosio-ekonomiese karaktereenskappe wat tussen die stedelike en landelike landskappe geleë is;
- (ii) Die stedelike rand is vir die volgende redes belangrik:
 - dit dien as 'n toegangspoort na stedelike gebiede, en beklemtoon die kwaliteit van landelike landskappe;
 - dit integreer stedelike oopruimte stelsels met die landelike hinterland;
 - dit dien as interaksie tussen meervoudige-gebruik stedelike gebiede en ekologies sensitiewe natuurlike gebiede, hetsy dit bewarings- of landbou-gebiede is;
 - dit voorsien beskerming aan hulpbronne wat onontbeerlik is ten opsigte van die funksionering van stedelike gebiede, soos byvoorbeeld ontspannings-, landbou-, infrastruktuur- en minerale hulpbronne;
 - dit voorsien aantreklikheidsruimtes rondom stedelike gebiede, en
 - dit voorsien landskappe vir die bewaring van sekere historiese buurte en dien as 'n aansienlike visuele bron;

- (iii) In pursuit of sustainable development, the establishment of an urban edge overlay zone provides the municipality with an opportunity to:

- contain urban sprawl;
- protect significant and sensitive environments and resources;
- re-orientate growth expectations;
- densify built environments in pursuit of efficiency;
- restructure growth patterns, and
- rationalise service delivery areas;

- (iv) The establishment of the urban edge overlay zone provides the municipality with additional land use provisions to pursue the abovementioned principles.

Objective:

The objective of the urban edge overlay zone is to guide development along the urban edge area in order to achieve a sensitive transition between urban and rural environments, to contain urban sprawl and to protect vulnerable rural areas adjacent to urban development.

5. Overlay zone

The provisions of this overlay zone are additional to the provisions applying to the base zone or zones of the relevant land.

5.1 Designation of the urban edge overlay zone

The urban edge overlay zone shall comprise the following components:

- (a) a demarcated line, being the urban edge, that defines the outer limits of urban development over a period of time, and
- (b) management zones, on either one or both sides of the urban edge, for which land use provisions are stipulated to direct and control the use of land.

5.2 Determination of the urban edge

The municipality shall consider, but is not limited to, the following factors, when demarcating the urban edge:

- the physical environment;
- the biophysical and ecological environment;
- river and wetland systems;
- infrastructure location and capacity;
- land use and related patterns;
- demographic and socio-economic profiles and trends;
- the legal, land use planning and land ownership situation;
- the cultural and historic environment, and
- visual resource analysis.

5.3 Determination of management zones

The municipality shall, without being limited to, determine the following management zones:

(a) Urban transfer zone

- (i) The urban transfer zone must demarcate an area within the urban edge adjacent to existing or planned urban development and associated facilities;
- (ii) The municipality may, when an urban transfer zone is demarcated, determine the land use provisions applicable to an urban transfer zone so that it may be more restrictive or less restrictive than the provisions of the base zone;
- (iii) The land use provisions applicable to an urban transfer zone may, without being limited to, include measures to:

- (iii) Ter nastrewing van volhoubare ontwikkeling, besorg die vestiging van 'n stedelike rand oorlegsone aan die munisipaliteit 'n geleentheid om:

- stadskruip te beperk;
- betekenisvolle en sensitiewe omgewings en hulpbronne te beskerm;
- groeiverwagtinge te heroriënteer;
- beboude omgewings te verdig in navolging van effektiwiteit;
- groeipatrone te herstruktureer, en
- diensleweringegebiede te rasionaliseer.

- (iv) Die vestiging van die stadsrand-oorlegsone besorg aan die munisipaliteit addisionele grondgebruikbepalings om die bostaande beginsels na te volg.

Doel:

Die doel met die stedelike rand oorlegsone is om ontwikkeling in die stedelike randgebied te rig om 'n sensitiewe oorgang tussen stedelike en landelike ontwikkelings moontlik te maak, stadskruip te beperk en sensitiewe landelike gebiede naasliggend tot stedelike ontwikkeling te beskerm.

5. Oorlegsone

Die bepaling van hierdie oorlegsone is bykomend tot daardie bepalinge wat op die onderliggende sone van die betrokke eiendom, van toepassing is.

5.1 Aanwysing van die stedelike rand oorlegsone

Die stedelike rand oorlegsone moet uit die volgende komponente bestaan:

- (a) 'n afgemerkte lyn, wat die stedelike rand is, wat die buitengrense van stedelike ontwikkeling definieer oor 'n tydsebestek soos deur die munisipaliteit vasgestel, en
- (b) bestuursone, op een of beide kante van die stedelike rand, waarbinne grondgebruikbepalings die gebruik van grond rig en beheer.

5.2 Bepaling van die stedelike rand

Die munisipaliteit moet, sonder om daartoe beperk te wees, die volgende riglyne oorweeg wanneer die stedelike rand afgebaken word:

- die geofisiese omgewing;
- die biofisiese en ekologiese omgewing;
- rivier- en vleilandstelsels;
- infrastruktuur-plasing en -kapasiteit;
- grondgebruik- en verwante patrone;
- demografiese en sosio-ekonomiese profile en neigings;
- die wetlike, grondgebruikbeplanning- en grondeienaarskap-situasie;
- die kulturele en historiese omgewing, en
- visuele bronanalise.

5.3 Bepaling van bestuursone

Die munisipaliteit moet, sonder om daartoe beperk te wees, die volgende bestuursone bepaal:

(a) Stedelike oorgangsone

- (i) Die stedelike oorgangsone moet 'n gebied binne die stedelike rand wat naasliggend tot bestaande of beplande stedelike ontwikkeling en geassosieerde fasiliteite geleë is, afbaken;
- (ii) Die munisipaliteit mag, wanneer 'n stedelike oorgangsone afgebaken word, die grondgebruikbepalings wat op 'n stedelike oorgangsone van toepassing is, bepaal sodat dit meer of minder beperkend kan wees as die bepalinge vir die onderliggende sone;
- (iii) Die grondgebruikbepalings van toepassing op 'n stedelike oorgangsone mag, sonder om daartoe beperk te wees, maatreëls insluit om:

- reduce density, fire risk and the visual impact of development, and
- protect natural vegetation, areas of cultural or environmental interest and ecological corridors.

(b) **Non-urban zone**

- The non-urban zone must demarcate an area outside of the urban edge;
- The municipality may, when a non-urban zone being demarcated, determine the land use provisions applicable to the non-urban zone that can be more or less restrictive than the provisions of the base zone;
- The land use provisions applicable to a non-urban zone may, without being limited to, include measure to:
 - reduce density, fire risk and the visual impact of development, and
 - protect natural vegetation, areas of cultural or environmental interest and ecological corridors.

(c) **Separate management provisions may be determined for:**

- an urban transition sector;
- a non-urban sector, and
- different areas along the urban edge in either the urban transition sector or non-urban sector.

5.4 Land use provisions

The municipality may request an applicant to submit a site development plan, to its satisfaction, in terms of paragraph p12.6 for all new development within the urban edge overlay zone.

Annexure A.6: Scenic Route Overlay Zone (SDO)

General Policy Statement:

The visual amenity of the Western Cape is a significant resource that should be protected in order to ensure the quality of the environment as a whole, as well as promote the tourism and the recreational potential of the province. It is therefore important that development, in particular along tourist routes and main transport routes, be managed to prevent development that may detract from the natural beauty of the landscape or from the cultural significance of the built environment. This zone is therefore directed at protecting and maintaining our heritage, while at the same time allowing reasonable development to occur. The scenic route overlay zone should therefore ensure that new development is developed in a sensitive manner so that important views from scenic routes are not impaired.

Objective:

The objective of the scenic route overlay zone is to conserve the scenic resources adjacent to important tourist and transport routes and to establish a sustainable balance between protection and development.

6. Overlay zone

The provisions of this overlay zone are in addition to the provisions applying to the base zone of the relevant land.

6.1 Designation of a scenic route

The municipality may designate a public street or road or portion of a public street or road as a scenic route and:

- shall designate the scenic route corridor associated with the scenic drive;
- may amend the borders of the scenic route corridor after a scenic route corridor study has been done to incorporate other areas with an important visual quality or omit areas that are not important for the visual quality of the scenic route.

- digtheid, brandrisiko en die visuele impak van ontwikkeling te verminder, en
- natuurlike plantegroei, gebiede van kulturele of omgewingsbelang en ekologiese korridors te beskerm.

(b) **Nie-stedelike sone**

- Die nie-stedelike sone moet 'n gebied wat buite die stadsrand val, afbaken;
- Die munisipaliteit mag, wanneer 'n nie-stedelike sone afgebaken word, die grondgebruikbepalings wat op 'n nie-stedelike sone van toepassing is, bepaal, wat meer of minder beperkend kan wees as die bepaling vir die onderliggende sone;
- Die grondgebruikbepalings van toepassing op 'n nie-stedelike sone mag, sonder om daartoe beperk te wees, maatreëls insluit om:
 - brandrisiko en die visuele impak van ontwikkeling te verminder, en
 - landbougebiede, natuurgebiede, besondere landelike landskappe, natuurlike plantegroei, gebiede van kulturele of omgewingsbelang en ekologiese korridors te beskerm.

(c) **Aparte bestuursbepalings mag bepaal word vir:**

- 'n stedelike oorgangsone;
- 'n nie-stedelike sone, en
- Verskillende areas langs die stedelike rand in of die stedelike oorgangsone of nie-stedelike sone.

5.4 Grondgebruikbepalings

Die munisipaliteit mag 'n aansoeker versoek om 'n terreinontwikkelingsplan, tot bevrediging van die munisipaliteit, in terme van paragraaf 12.6, vir alle nuwe ontwikkeling binne die stedelike rand oorlegsone in te dien.

Bylae A.6: Uitsigroete Oorlegsone (NOS)

Algemene beleidstelling:

Die visuele aantreklikheid van die Wes-Kaap is 'n besondere hulpbron wat bewaar moet word ten einde die kwaliteit van die omgewing in geheel te verseker, asook die toerisme- en die ontspanningspotensiaal van die provinsie te bevorder. Dit is daarom belangrik dat ontwikkeling, in besonder langs belangrike toeriste- en hoofvervoerroetes, bestuur word om ontwikkeling wat afbreuk kan doen aan die natuurlike skoonheid van die landskap of aan die kulturele belangrikheid van die beboude omgewing, te verhoed. Die doel van die sone is daarom toegespits op die bewaring en voortbestaan van ons erfenis, terwyl redelike ontwikkeling tegelykertyd toegelaat word. Die uitsigroete-oorlegsone moet daarom verseker dat nuwe ontwikkeling wat goedgekeur mag word, op 'n sensitiewe wyse ontwikkel word sodat belangrike uitsigte van uitsigroetes nie belemmer word nie.

Doel:

Die doel met die uitsigroete-oorlegsone is om die uitsigbronne aanliggend tot belangrike toeriste- en vervoerroetes te bewaar en om 'n volhoubare balans tussen bewaring en ontwikkeling te vestig.

6. Oorlegsone

Die bepaling van hierdie oorlegsone is bykomend tot daardie bepaling wat op die onderliggende sone van die betrokke grond, van toepassing is.

6.1 Aanwysing van 'n uitsigroete

Die munisipaliteit mag 'n openbare straat of pad of gedeelte van 'n openbare straat of pad aanwys as 'n uitsigroete en:

- moet die uitsigroete-korridor wat met die uitsigroete geassosieer word, bepaal;
- mag die grense van die uitsigroete-korridor wysig nadat 'n uitsigroete-korridor studie gedoen is ten einde ander gebiede met 'n belangrike visuele kwaliteit, te inkorporeer, of gebiede weg te laat wat nie belangrik vir die visuele kwaliteit van die uitsigroete is nie.

6.2 Land use provisions

The municipality may apply the following land use provisions on land in the scenic route corridor:

(a) Site development plan

- (i) The municipality may require that a site development plan be submitted to its satisfaction in terms of paragraph 12.6 for consideration and approval;
- (ii) In addition to the standard requirements, the site development plan should identify the following on the site development plan without being limited thereto:
 - the nature of the scenic amenity of the land;
 - the particular views that need to be preserved and enhanced, and
 - the location, nature and form of the development, and
 - indicate compliance with the provisions of (b) and (g) hereunder.

(b) Building placement

The following principles apply to the placement of buildings:

- (i) Buildings and structures shall be sited so as to limit tree removal, earthworks and alteration of the natural topography and land forms;
- (ii) Buildings shall be designed to blend in with the natural setting, or if applicable, the cultural setting;
- (iii) Buildings shall be located to retain existing panoramic and scenic views as seen from the scenic route.

(c) Building height

- (i) On the down-slope side of a scenic route, no portion of a building or structure shall project to a height above the level of the footway in the public street, unless the municipality grants its approval on the basis that:
 - exceptional circumstances exist which directly affect the land, building or use concerned,
 - the building design is of a unique character or landmark as seen from the scenic route, or
 - circumstances exist which make it impossible to erect a building on the land unit;
- (ii) On the up-slope side of a scenic route, no portion of a building shall project so as to impair the view of the top of a ridge, hill or mountain, identified as significant by the municipality, when viewed from a point 1m above the centre-line of the scenic route at a position or positions determined by the municipality;
- (iii) Building heights must, in the municipality's opinion, be compatible with existing development, and must avoid creating sharp contrasts with neighbouring structures or with the landscape;
- (iv) All plumbing, rooftop equipment, air conditioning units, elevator shafts, and other mechanical equipment shall be screened from view from a scenic route.

(d) Buffer areas

- (i) Buffer areas shall be provided along any street boundary which abuts a scenic route and the width of the buffer areas shall not be less than:
 - 5m in urban areas;
 - 10m in suburban areas, and
 - 30m in rural areas, and
 the municipality shall determine which is an urban, a suburban or a rural area;
- (ii) Buildings and parking shall not be permitted within the buffer area;

6.2 Grondgebruikbepalings

Die munisipaliteit mag die volgende grondgebruikbepalings op grond in die uitsigroete-korridor van toepassing maak:

(a) Terreinontwikkelingsplan

- (i) Die munisipaliteit mag vereis dat 'n terreinontwikkelingsplan, tot bevrediging van die munisipaliteit, in terme van 12.6 vir oorweging en goedkeuring, voorgelê word;
- (ii) Addisioneel tot die standaardvereistes, moet, sonder om daartoe beperk te wees, die volgende op die terreinontwikkelingsplan geïdentifiseer te kan word:
 - die aard van die uitsig-aantreklikheid van die grond;
 - die spesifieke uitsigte wat bewaar en verbeter moet word;
 - die ligging, aard en vorm van die ontwikkeling, en
 - 'n aanduiding van nakoming van die bepalinge van (b) en (g) hieronder.

(b) Gebou-plasing

- (i) Geboue en strukture moet sodanig geplaas word om boomverwydering, grondwerke en die verandering van die natuurlike topografie en landvorme, te beperk;
- (ii) Geboue moet ontwerp word om met die natuurlike opset, of indien van toepassing, die kulturele opset in te skakel;
- (iii) Geboue moet geplaas word om bestaande panoramiese en aantreklike uitsigte soos gesien van die uitsigroete, te behou.

(c) Hoogte van geboue

- (i) Aan die onderkant van die helling van 'n uitsigroete mag geen gedeelte van 'n gebou of struktuur tot 'n hoogte bokant die voetweg in die openbare straat strek nie, tensy die munisipaliteit sy goedkeuring verleen op grond van:
 - buitengewone omstandighede wat bestaan wat die grond, geboue of gebruik ter sake, regstreeks beïnvloed;
 - die gebou-ontwerp van 'n unieke karakter of landmerk soos van die uitsigroete gesien, is, of
 - omstandighede bestaan wat dit onmoontlik maak om 'n gebou op die grondeenheid op te rig;
- (ii) Aan die bokant van die helling van 'n uitsigroete mag geen gedeelte van 'n gebou sodanig projekteer dat dit die uitsig op die hoogste punt van 'n rant, heuwel of berg, wat as besonder deur die munisipaliteit geïdentifiseer is, sal belemmer wanneer dit bekyk word van 'n punt 1m bokant die middellyn van die uitsigroete by 'n ligging of liggings soos deur die munisipaliteit bepaal, nie;
- (iii) Gebouhoogtes moet na die mening van die munisipaliteit, versoenbaar wees met bestaande ontwikkeling, en die skep van skerp kontraste met aanliggende strukture of met die landskap, moet vermy word;
- (iv) Alle loodgieterswerk, daktoerusting, lugversoringseenhede, hysbakskagte en ander meganiese elemente moet uit die sig, soos van 'n uitsigroete gesien, afgeskerm word.

(d) Buffergebiede

- (i) Buffergebiede moet langs enige straatgrens wat aan 'n uitsigroete front, voorsien word en die wydte van die buffergebiede moet nie minder wees nie as:
 - 5m in stedelike gebiede;
 - 10m in voorstedelike gebiede, en
 - 30m in landelike gebiede, en
 die munisipaliteit moet bepaal watter gebied 'n stedelike, voorstedelike of landelike gebied is;
- (ii) Geboue en parkering sal nie binne die buffergebied toegelaat word nie;

- (iii) Any portion of fence or wall which exceeds 1,2m in height shall be constructed in conjunction with the principle of open work which allows visual permeability to the municipality's satisfaction;
- (iv) Berms and soft landscaping may be used to provide privacy and screening without adverse affect on views and scenic amenity of the scenic route.
- (e) **Parking and loading**
 - (i) For land uses requiring large amounts of parking, the municipality may require that parking areas are broken up into smaller units not exceeding 50 parking bays per area, resulting in a series of smaller parking areas;
 - (ii) Loading bays, refuse rooms and unsightly accessory equipment shall be located in such a manner as to be screened from view from a scenic route;
 - (iii) All surface parking areas visible from a scenic route shall include at least one tree for every six parking bays, and such trees shall be located so as to help screen parked vehicles.
- (f) **Landscaping**
 - (i) Plants, shrubs and trees shall be selected to fit in with the predominant landscape character of the area, with the emphasis on indigenous, low maintenance species or locally appropriate species;
 - (ii) Significant natural features shall be preserved and the development on a land unit shall respect ridgelines, gullies, streams, wetlands, rock outcrops, endangered species and trees worthy of conservation;
 - (iii) Where existing trees or shrubs have to be removed, an equivalent number of trees or shrubs shall be replanted on the land unit and the type of plants to be replanted shall be compatible with the surrounding vegetation and micro-climatic conditions to the municipality's satisfaction.
- (g) **Exterior lighting**
 - (i) All exterior lighting shall be located and controlled so as to avoid direct illumination, glare or reflection onto any adjoining land unit or scenic route;
 - (ii) All non-residential exterior lighting shall be turned off during non business hours, except lighting deemed necessary for public safety or for security on the land unit as approved by the municipality.
- (h) **Earthworks and grading**
 - (i) Grading shall be permitted only to the extent necessary to construct buildings and access roads, and shall not adversely affect views from a scenic route;
 - (ii) Grading slopes shall be rounded to blend in with the existing topography, to fit in with the natural contours of the land, and to establish a transition between constructed and existing slopes;
 - (iii) The natural surface drainage system shall be maintained;
 - (iv) Cut and fill surfaces shall be stabilised by the planting of low maintenance indigenous or locally appropriate ground cover and shrubs.

6.3 Alternative land use provisions

As an alternative for paragraph 6.2, the municipality may formulate and apply special land use provisions for specific scenic route corridors or portions of the corridors.

Annexure A. 7: Local Area Overlay Zone (LAO)

General Policy Statement:

- (a) Although it is one of the purposes of the zoning scheme to introduce equity into the system of land use control, it is also necessary to recognize the diversity which characterizes our society, as well as the diversity of areas and communities it has to accommodate. It should therefore also be recognized that different communities may have different needs, and that local area identities add to the diversity and richness of the urban and social

- (iii) Binne die buffergebied, moet enige gedeelte van 'n munisipaliteit of muur wat 1,2m in hoogte oorskry, van sodanige konstruksie wees dat dit visuele deursigtigheid, tot bevrediging van die munisipaliteit, sal toelaat;
- (iv) Grondwalle en sagte landskapering mag gebruik word om privaatheid en afskerming te verskaf.
- (e) **Parkering en laai**
 - (i) Vir grondgebruik wat baie parkering benodig, mag die munisipaliteit vereis dat parkeergebiede opgebreek word in kleiner eenhede wat nie 50 parkeerplekke per gebied sal oorskry nie, wat 'n reeks van kleiner parkeergebiede tot gevolg sal hê;
 - (ii) Laaisones, kamers vir vullis en onooglike toebehore moet op so 'n wyse geplaas word dat dit uit die sig van 'n uitsigroete afgeskort sal wees;
 - (iii) Alle oppervlakte-parkering wat van 'n uitsigroete sigbaar is, moet ten minste een boom vir elke ses parkeerplekke, insluit, en sulke bome moet sodanig geplaas word dat dit sal meehelp om die geparkeerde voertuie af te skerm.
- (f) **Landskapering**
 - (i) Plante, struik en bome moet gekies word om in te pas by die oorheersende landskapkarakter van die gebied, met die klem op inheemse, lae-instandhouding spesies of plaaslike toepaslike spesies;
 - (ii) Besondere natuurlike eienskappe moet bewaar word en die ontwikkeling op 'n grondeenheid moet rantlyne, klofies, stroompies, vleilande, rotsdagsome, bedreigde spesies en bewaringswaardige bome, in ag neem;
 - (iii) Waar bestaande bome of struik verwyder moet word, moet 'n gelyke getal bome of struik op die grondeenheid herplant word en die soort plante wat herplant word, moet tot bevrediging van die munisipaliteit versoenbaar wees met die omliggende plantegroei en mikroklimaat- toestande.
- (g) **Buitenshuise beligting**
 - (i) Alle buitenshuise beligting moet sodanig geplaas en beheer word dat direkte beligting, gloede of weerkaatsing op enige aanliggende grondeenheid of uitsigroete, vermy sal word;
 - (ii) Alle nie-residensiële buitenshuise beligting moet gedurende nie-besigheidsure afgeskakel word, behalwe beligting soos deur die munisipaliteit goedgekeur wat nodig geag word vir openbare veiligheid of vir sekuriteit op die grondeenheid.
- (h) **Grondwerke en gelykmaking**
 - (i) Gelykmaking mag toegelaat word slegs tot die mate wat nodig is vir die konstruksie van geboue en toegangspaaie en mag nie die sig van 'n uitsigroete negatief beïnvloed nie;
 - (ii) Gelykmaak van hellings moet afgerond word om saam te smelt met die bestaande topografie, om in te pas met die natuurlike kontoere van die grond en om 'n oorgang tussen geboue en bestaande hellings te bewerkstellig;
 - (iii) Die natuurlike-oppervlakte dreineringsstelsel moet in stand gehou word;
 - (iv) Sneding-en-opvul oppervlakte moet gestabiliseer word met die aanplant van lae-instandhouding inheemse of geskikte plaaslike grondbedekking en struik.

6.3 Alternatiewe grondgebruikbepalings

As 'n alternatief vir paragraaf 6.2, mag die munisipaliteit spesiale grondgebruikbepalings formuleer en toepas vir spesifieke uitsigroete-korridors of gedeeltes van die korridors.

Bylae A.7: Plaaslike gebied Oorlegsone (PgOS)

Algemene beleidstelling:

- (a) Alhoewel dit een van die doelwitte van die Soneringskema is om eenvormigheid in grondgebruikbeheer na te streef, gee die Soneringskema ook erkenning aan die verskeidenheid wat ons samelewing karakteriseer, sowel as die verskeidenheid van gebiede en gemeenskappe wat dit moet akkommodeer. Dit moet dus ook voorsien daarvoor dat verskillende gemeenskappe verskillende behoeftes mag hê en dat plaaslike gebiedseienskappe

fabric. The local area overlay zone is provided as a mechanism to determine specific local land use provisions to reflect local circumstances;

- (b) It is important to note that this zone does not only serve to provide a mechanism whereby more restrictive development control may be exercised. It also creates the opportunity whereby development management parameters may be relaxed in order to promote development and to address socio-economic needs. It may be utilized as a tool to facilitate the implementation of local economic development and urban renewal;
- (c) Public participation and consultation is an important component in establishing a local area overlay zone, whether the initiative to establish the local area overlay zone comes from the community or the municipality.

Objective:

The objective of the local area overlay zone is to provide the opportunity for communities to determine specific local land use provisions to reflect local circumstances. It is recognised that different communities may have different requirements, and that local area identities add to the diversity and richness of the urban and social fabric. The local area overlay zone also provides the municipality with the opportunity to determine specific local land use provisions to encourage development in support of the local economy.

7. Overlay zone

The provisions of this overlay zone are in addition to those provisions which apply to the base zone of the relevant land, and

- (a) may be more or less restrictive than the provisions applying to the base zone of the land, and
- (b) if the provisions of a local area overlay zone are in conflict with the provisions of the base zone, the more restrictive conditions apply.

7.2 Land Use provisions

The land use provisions contained in the local area overlay zone may vary between local areas and may include, but are not limited to, the following issues:

- (a) requirements for the minimum size of new subdivisions in order to preserve the character of an area;
- (b) limitations on the maximum permissible density or maximum permissible floor space of new development in order to preserve the character of an area or to optimise the capacity of utility services;
- (c) requirements for a minimum density or minimum permissible floor space of new development in order to promote efficiency or higher density development;
- (d) specifications for boundary walls and fences in order to preserve the character of an area, and to maintain a visual relationship between the street and adjacent development;
- (e) limitations on the maximum height of buildings in order to preserve the character of an area, protect important views or maintain an appropriate scale of development;
- (f) architectural design guidelines required for new development in order to promote good design, to harmonise new development with existing development and to promote the special architectural character of an area;
- (g) limitations on the municipality's discretion to grant specified consent applications within the local area to ensure that such consent uses do not occur within the local area concerned;
- (h) policy guidelines and requirements for the approval of consent uses and conditions to be imposed by the municipality, and
- (i) limitations and design guidelines for outdoor advertisements within a local area.

bydra tot die verskeidenheid en rykdom van die stedelike en sosiale samestelling. Die plaaslike gebied oorlegsone word as 'n meganisme voorgestel om plaaslike gemeenskappe die geleentheid te bied om spesifieke plaaslike ontwikkelingsbestuur-bepalings te neer te lê om plaaslike omstandighede te weerspieël;

- (b) Daar moet op gelet word dat die bedoeling met hierdie sone nie slegs is om 'n meganisme te voorsien waarvolgens meer beperkende ontwikkelingsbeheer uitgeoefen mag word nie. Dit skep ook die geleentheid waarvolgens grondgebruikriglyne verslap mag word om ontwikkeling te bevorder en om sosio-ekonomiese behoeftes aan te spreek. Dit mag as 'n instrument gebruik word om die implementering van plaaslike ekonomiese ontwikkeling en stedelike hernuwing, te fasiliteer;
- (c) Publieke deelname en veral gemeenskapkonsultasie is 'n belangrike komponent in die vestiging van 'n plaaslike gebied oorlegsone, hetsy die inisiatief om die plaaslike gebied oorlegsone te vestig van die gemeenskap of die munisipaliteit kom.

Doel:

Die doel met die plaaslike gebied oorlegsone is om gemeenskappe die geleentheid te bied om spesifieke plaaslike ontwikkelingsbestuur-bepalings te bepaal om die plaaslike omstandighede te weerspieël. Dit word erken dat verskillende gemeenskappe verskillende behoeftes mag hê en dat plaaslike gebiedseenskappe tot die verskeidenheid en welstand van die stedelike en sosiale samestelling bydra. Die plaaslike gebied oorlegsone bied ook aan die munisipaliteit die geleentheid om spesifieke plaaslike ontwikkelingsbestuur-bepalings neer te lê om ontwikkeling, ter ondersteuning van die plaaslike ekonomie, aan te moedig.

7. Oorlegsone

Die bepaling van hierdie oorlegsone is bykomend tot daardie bepaling wat op die onderliggende sone van die betrokke grond van toepassing is, en

- (a) mag meer of minder beperkend wees as die bepaling wat op die onderliggende sone van die grond van toepassing is, en
- (b) indien die bepaling van 'n plaaslike gebied oorlegsone in konflik is met die bepaling van die onderliggende sone, sal die meer beperkende bepaling geld.

7.2 Grondgebruikbepalings

Die grondgebruikbepalings vervat in die plaaslike gebied oorlegsone mag tussen gebiede varieer en mag die volgende aangeleenthede insluit, maar is nie beperk daartoe nie:

- (a) vereistes vir die minimum-grootte van nuwe onderverdelings om sodoende die karakter van 'n gebied te bewaar;
- (b) beperkings op die maksimum toelaatbare digtheid of maksimum toelaatbare vloerruimte van nuwe ontwikkeling ten einde die karakter van 'n gebied te bewaar of die kapasiteit van nutsdienste te optimaliseer;
- (c) vereistes vir 'n minimum digtheid of minimum toelaatbare vloerruimte van nuwe ontwikkeling ten einde effektiwiteit en hoëdigtheid-ontwikkeling te bevorder;
- (d) spesifikasies vir grensmure en grensheinings om sodoende die karakter van 'n gebied te bewaar en om 'n visuele verhouding tussen die strate en aanliggende ontwikkeling te behou;
- (e) beperkings op die maksimum hoogte van geboue ten einde die karakter van 'n gebied te bewaar, belangrike sig te beskerm of 'n geskikte skaal van ontwikkeling te behou;
- (f) riglyne vir argitektoniese ontwerp, wat vir nuwe ontwikkeling benodig word ten einde goeie ontwerp te bevorder, om nuwe ontwikkeling met bestaande ontwikkeling te harmoniseer en om die spesiale argitektoniese karakter van 'n gebied te bevorder;
- (g) beperkings op die munisipaliteit se diskresie om gespesifiseerde vergunningsaansoeke binne die plaaslike gebied toe te staan om te verseker dat sulke vergunningsgebruike nie binne die betrokke plaaslike gebied ontwikkel word nie;
- (h) beleidsriglyne en vereistes vir die goedkeuring van vergunningsgebruike en voorwaardes om deur die munisipaliteit opgelê te word, en
- (i) beperkings, en riglyne vir ontwerp, vir buitenshuise advertering in 'n plaaslike gebied.

Annexure A. 8: Special Planning Area Overlay Zone (SPA0)**Objective:**

The objective of this zone is to provide a mechanism to manage large or strategic projects, and to facilitate agreement about future development, floor space and land use without detailed planning required at the outset. A phased process of planning and approval is instituted, whereby appropriate levels of detail are approved subject to conditions, and through which the project may be managed until there is confirmation of formal land use provisions applicable to particular land units, in terms of the this by-law. The special planning area overlay zone creates a framework for planning and development that is action-oriented, strategic and capable of being updated periodically as circumstances warrant. It does not aim to create a blueprint plan, but to provide a flexible plan, which within prescribed limits, can accommodate emerging needs, respond to market demand, provide the basis for delegation of decisions, and provide the basis for approval of detailed development plans.

8. Designation of a special planning area overlay zone

Subject to the provisions of Annexure A, the municipality may designate an area to be a special planning area overlay zone and shall record the designation in an annexure.

8.1 Land use provisions

Land zoned as a special planning area shall be subject to the package of plans approach for the purpose of development management. The municipality may require any or all of the following six components of the package of plans approach to be submitted, for its approval, by an owner or developer of land within the special planning area, and may refuse clearance for transfer of land or building plan approval until the required package of plans has been approved.

8.2 Package of plans

The package of plans consists of the following six components that are listed in a hierarchy from higher order to lower order plans.

(a) A contextual framework

The contextual framework lays down broad policy for the special planning area and the surrounding area. It may include principles or heads of agreement summarising the general obligations of the municipality and the developer in relation to the special planning area. The contextual framework may be prepared by the municipality, or by a land owner or development agency under the supervision of the municipality;

(b) A development framework

The development framework shall identify overall policy, broad goals and principles for development within the special planning area as a whole. The development framework shall identify the range of uses, the general spatial distribution of uses and the densities proposed. Major linkages and any limits to development within the special planning area, including but not limited to density and maximum floor space, should be specified;

(c) Precinct plans

Precinct plans apply to areas within the development framework that have common features or functional relationships. There may be several precinct plans that make up the area of the special planning area. While still providing a measure of flexibility, a precinct plan describes in more detail the objectives for a particular precinct, as well as principles for urban design, land use, movement and strategic implementation;

(d) Site development plans

Site development plans depict more detailed design and development parameters for individual land units or groups of land units. These parameters may include, but are not limited to, details relating to land use, floor factor, building lines, height and parking requirements as well as details relating to the position and appearance of buildings, open spaces and movement systems;

Bylae A.8: Spesiale Beplanningsgebied Oorlegsone (SBOS)**Doel:**

Die doel met hierdie sone is om 'n meganisme te voorsien om groot of strategiese projekte te bestuur, en om instemming oor toekomstige ontwikkeling, vloerruimte en grondgebruik te fasiliteer, sonder dat daar vereis word dat gedetailleerde beplanning met die aanvang daarvan in plek moet wees. 'n Gefaseerde proses van beplanning en goedkeuring word ingestel waarvolgens geskikte vlakke van detail, onderworpe aan voorwaardes, goedgekeur word en waardeur die projek bestuur kan word totdat bevestiging van formele grondgebruikbepalings van toepassing op sekere grondgedeeltes, in terme van die verordening, bevestig is. Die spesiale beplanningsgebied oorlegsone skep 'n raamwerk vir beplanning en ontwikkeling wat aksie-geïntendeerd is, strategies is en opdatering moontlik maak van tyd tot tyd soos omstandighede vereis. Dit is nie 'n poging om 'n bloudruk-plan te skep nie, maar om 'n buigsame plan te voorsien wat binne voorgeskrewe perke, ontluikende behoeftes kan akkommodeer, op vraag in die mark kan reageer, die basis vir delegasie van besluite kan vorm en die basis vir goedkeuring van gedetailleerde ontwikkelingsplanne kan verskaf.

8. Aanwys van 'n spesiale beplanningsgebied oorlegsone

Onderworpe aan die bepalings van Bylae A mag die munisipaliteit 'n gebied as 'n spesiale beplanningsgebied oorlegsone aanwys en die aanwysing moet dan in 'n bylae aangeteken word.

8.1 Grondgebruikbepalings

Grond gesoneer as 'n spesiale beplanningsgebied sal vir die doel van ontwikkelingsbestuur onderworpe wees aan die plannepakket-benadering. Die munisipaliteit mag vereis dat enige of almal van die volgende ses komponente van die plannepakket-benadering deur 'n eienaar of ontwikkelaar van grond in die spesiale beplanningsgebied, vir sy goedkeuring voorgelê word, en mag uitklaring vir oordrag van grond of bouplangoedkeuring weier totdat die plannepakket goedgekeur is.

8.2 Pakket van planne

Die pakket van planne bestaan uit die volgende ses komponente wat in 'n hiërargie van hoërorde- tot laerorde-planne gerangskik is.

(a) 'n Verwysingsraamwerk

Die verwysingsraamwerk lê breë beleid vir die spesiale beplanningsgebied en omliggende gebiede neer. Dit mag beginsels of breë trekke van 'n ooreenkoms insluit, wat die algemene verpligtinge van die munisipaliteit en die ontwikkelaar met betrekking tot die spesiale beplanningsgebied, opsom. Die verwysingsraamwerk mag deur die munisipaliteit of onder toesig van die munisipaliteit, deur 'n grondeienaar of ontwikkelings-instelling voorberei word.

(b) 'n Ontwikkelingsraamwerk

Die ontwikkelingsraamwerk moet oorhoofse beleid, breë doelwitte en beginsels vir ontwikkeling in die spesiale beplanningsgebied as geheel, identifiseer. Die ontwikkelingsraamwerk moet die reeks van gebruike, die algemene ruimtelike verspreiding van gebruike en die digtheid soos voorgestel, neerlê. Grootsekaalse verbindings en enige beperkings met betrekking tot ontwikkeling in die spesiale beplanningsgebied moet gespesifiseer word, insluitend digtheid en maksimum vloerruimte sonder om daartoe beperk te wees.

(c) Buurtplanne

Buurtplanne is van toepassing op gebiede binne die ontwikkelingsraamwerk wat gemeenskaplike kenmerke of funksionele verhoudings het. Daar mag verskeie buurtplanne wees wat die totaliteit van die spesiale beplanningsgebied uitmaak. Terwyl dit steeds 'n mate van buigsamheid verskaf, beskryf 'n buurtplan die doelwitte vir 'n spesifieke buurt in meer detail en ook die beginsels vir stedelike ontwerp, grondgebruik, beweging en strategiese implementering.

(d) Terreinontwikkelingsplanne

Terreinontwikkelingsplanne beskryf meer gedetailleerde ontwerp- en ontwikkelingsriglyne vir individuele grondeenhede of groepe van grondeenhede. Hierdie riglyne mag detail wat verband hou met grondgebruik, vloerfaktor, boulyne, hoogte en parkeer-vereistes insluit, sowel as detail wat verband hou met die posisie en voorkoms van geboue, oopruimtes en bewegingstelsels, sonder om daartoe beperk te wees.

(e) Subdivision plans

Subdivision plans, if required, shall be processed in terms of this by-law to establish new cadastral boundaries and facilitate the transfer of land units. Subdivision plans may be approved at any stage after the development framework has been approved. Apart from establishing cadastral boundaries, subdivision approvals may include conditions imposed by the municipality relating to development and zoning restrictions applicable to the particular land unit. At the confirmation of the subdivision plan for land zoned as subdivision area, any zoning parameters approved by the municipality as part of the subdivision approval shall be deemed to be a substitution scheme;

(f) Building plans

Building plans contain the detailed specifications in accordance with which building work may be performed, once approved by the municipality in terms of the National Building Act.

8.3 Approval and amendment of plans

The following provisions shall apply to the approval and amendment of plans with the package of plans:

- (a) Approval of the development framework shall be the responsibility of the municipality. Applications for approval of precinct plans, site development plans, subdivision plans and building plans shall be directed to the municipality, the municipal manager or other delegated officials to the municipality's satisfaction;
- (b) All plans within the package of plans may be amended from time to time to reflect changing circumstances. Lower order plans should be consistent with the principles established by higher order plans;
- (c) Where lower order plans are consistent with the principles established by higher order plans, the municipality may use its discretion to minimise advertisement and procedural delays in processing such lower order plans;
- (d) Where a lower order plan differs materially from the principles established in the higher order plans, then the appropriate amendments of the plans are required before development may proceed. To the extent that there is a material conflict, the higher order plans shall prevail over the lower order plans, unless the higher order plans are amended.

8.4 Conditions

In approving the development framework, precinct plans, site development plans and subdivision plans, the municipality may impose conditions as contemplated in this by-law, which may include a requirement that a services agreement be concluded between the two parties concerned.

8.5 Services agreement

The municipality may require as a condition of approval of a development framework, precinct plan or site development plan, a binding agreement known as a services agreement, which:

- (a) shall identify commitments and obligations that the parties agree to uphold;
- (b) may include commitments relating to the provision, phasing and financing of services, and
- (c) may include agreements relating to the process of planning, implementation and review and the exercise of management functions.

8.6 Allocation of floor space

In approving a development framework plan, the municipality may determine the entire development rights or floor space which is permitted within the special planning area, provided that:

- (a) the allocation of floor space should take into account the carrying capacity of internal and external infrastructure including roads and utility services, and any urban design principles approved by the municipality as part of a rezoning or contextual framework; and

(e) Onderverdelingsplanne

Indien nodig moet onderverdelingsplanne geprosesseer word in terme van die verordening om nuwe kadastrale grense te vestig en die oordrag van grondeenhede te fasiliteer. Onderverdelingsplanne mag op enige stadium goedgekeur word nadat die ontwikkelingsraamwerk goedgekeur is. Bo en behalwe die skep van kadastrale grense, mag onderverdelingsgoedkeuring-voorwaardes, soos deur die munisipaliteit opgelê, met betrekking tot ontwikkeling- en soneringsbeperkings soos op die spesifieke grondeenheid van toepassing is, insluit. By die bevestiging van die onderverdelingsplan vir grond gesoneer as onderverdelingsgebied, moet alle soneringsriglyne wat deur die munisipaliteit goedgekeur is as deel van die onderverdelingsgoedkeuring, as 'n vervangingskema geag te wees.

(f) Bouplanne

Bouplanne bevat die gedetailleerde spesifikasies in ooreenstemming waarmee bouwerk, sodra dit deur die munisipaliteit in terme van die Nasionale Bouwet goedgekeur is, uitgevoer mag word.

8.3 Goedkeuring en wysiging van planne

Die volgende bepalings sal op die goedkeuring en wysiging van planne met betrekking tot die plannepakket, van toepassing wees:

- (a) Goedkeuring van die ontwikkelingsraamwerk sal die verantwoordelikheid van die munisipaliteit wees. Aansoek vir goedkeuring van buurtplanne, terreinontwikkelingsplanne, onderverdelingsplanne en bouplanne moet tot bevrediging van die munisipaliteit, aan die munisipaliteit, die munisipale bestuurder of ander gedelegeerde amptenare, gerig word;
- (b) Alle planne in die plannepakket mag van tyd tot tyd aangepas word om veranderende omstandighede te reflekteer. Laerordeplanne moet voldoen aan die beginsels soos deur hoërordeplanne gevestig;
- (c) Waar laerordeplanne in ooreenstemming is met die beginsels wat deur hoërordeplanne gevestig is, mag die munisipaliteit sy oordeel gebruik om advertering en proseduriële vertraging in die prosessering van sulke laer ordeplanne, te minimaliseer;
- (d) Waar 'n laerordeplan wesentlik van die beginsels wat in 'n hoërordeplanne gevestig is, verskil, moet die toepaslike veranderinge wat nodig is, aan die planne gemaak word voordat ontwikkeling mag voortgaan. Tot die mate wat daar wel 'n wesentlike verskil is, sal die hoërordeplanne die laerordeplanne oorheers, tensy die hoërordeplanne gewysig word.

8.4 Voorwaardes

Met goedkeuring van die ontwikkelingsraamwerk, buurtplanne, terreinontwikkelingsplanne en onderverdelingsplanne, mag die munisipaliteit voorwaardes soos wat in hierdie verordening beoog word, opelê, wat 'n voorwaarde mag insluit dat 'n dienste-ooreenkoms tussen die betrokke twee partye, gesluit word.

8.5 Dienste-ooreenkoms

Die munisipaliteit mag, as 'n voorwaarde van goedkeuring van 'n ontwikkelingsraamwerk, buurtplan of terreinontwikkelingsplan, 'n bindende ooreenkoms bekend as 'n diensteooreenkoms, vereis, wat:

- (a) verbintenisse en verpligtinge wat die partye ooreenkom om na te kom, moet identifiseer;
- (b) verbintenisse met betrekking tot die voorsiening, fasering en finansiering van dienste kan insluit, en
- (c) bepalings met betrekking tot die proses van beplanning, implementering en hersiening en die uitoefen van bestuursfunksies kan insluit.

8.6 Toewysing van vloerruimte

Met die goedkeuring van 'n ontwikkelingsraamwerkplan mag die munisipaliteit die totale ontwikkelingsregte of vloerruimte wat in 'n spesiale beplanningsgebied toegelaat sal word, neerlê, met dien verstande dat:

- (a) die toewysing van vloerruimte, die drapasiteit van interne en eksterne infrastruktuur insluitend paaie en nutsdienste, en enige stedelike-ontwerp beginsels deur die munisipaliteit goedgekeur as deel van 'n herosenering of verwysingsraamwerk, in ag moet neem, en

- (b) the floor space within the development framework may be allocated to particular precincts, or may be regarded as floating floor space to be allocated to individual land units or buildings at a later stage, as the development moves from general stages of planning to detailed stages of planning.

Annexure A. 9: Activity Spine Overlay Zone (ASO)

General Policy Statement:

Development frameworks frequently promote concepts such as activity corridors or spines as part of the spatial planning for an area. The activity spine overlay zone provides the municipality with a technique whereby the principles of an activity spine can be promoted and supported through these Zoning Scheme Regulations. These principles include a mix of land uses with a continuity of built form and emphasis on the pedestrian environment.

Objective:

The objective of this overlay zone is to strengthen and enhance an activity spine which has been designated by the municipality in order to:

- (a) create an attractive, enabling environment which is characterized by mixed use activity;
- (b) encourage pedestrian activity by creating a positive pedestrian experience, and encourage the use of public transport;
- (c) generate pride and confidence through design quality, and
- (d) enhance the value and amenity of land through quality control.

9. Overlay zone

- (a) The provisions of this overlay zone are additional to those provisions applying to the base zone of the relevant land;
- (b) The provisions of this overlay zone are general in nature and may be interpreted by the municipality with some flexibility in the application thereof to specific sites, provided that the objectives of this zone are respected.

9.1 Land use provisions

The municipality may apply the following land use provisions to land in the activity spine overlay zone:

(a) Building lines and setback

The municipality may require that the first 2 storey's of any building shall be built directly adjacent to the street boundary, unless:

- (i) a hard landscaped plaza (for up to 50% of the building face), is provided between the building face and the street boundary;
- (ii) it can be demonstrated that the above configuration causes undue hardship, in which case the municipality may require that only 50% of the building face shall be located directly adjacent to the street boundary, or
- (iii) The municipality agrees to a negotiated design solution with variable setbacks, pedestrian sidewalks and canopies which require space between the building and the street boundary.

(b) Street corner obligations

Any building located at a corner intersection shall incorporate architectural features at the ground floor which emphasizes the importance of pedestrian movement. These features may include building cut-offs, walk-through covered arcades and other elements that focus visual interest on the corners. Corner intersections include the corner adjacent to a public street, private road, driveway or pedestrian walkway intersection.

(c) Canopies and awnings

- (i) Canopies, awnings, trellises and other accessory building structures which are relatively open and do not restrict pedestrian or vehicular movement, may project over the street boundary after the prior written consent of the municipality has been obtained, subject to an encroachment

- (b) die vloerruimte in die ontwikkelingsraamwerk aan sekere buurte toegewys mag word, of as vlottende vloerruimte beskou mag word wat op 'n later stadium aan grondeen-hede of geboue toegewys kan word soos wat die ontwikkeling van algemene fases van beplanning na gedetailleerde fases van beplanning, beweeg.

Bylae A.9: Aktiwiteitsas Oorlegsone (AAOS)

Algemene beleidstelling:

Ontwikkelingsraamwerke bevorder dikwels konsepte soos aktiwiteitskorridors of -asse as deel van die ruimtelike beplanning van 'n gebied. Die aktiwiteitsas-oorlegsone besorg aan die munisipaliteit 'n tegniek waarvolgens die beginsels van 'n aktiwiteitsas bevorder en ondersteun kan word deur middel van die Soneringskema. Hierdie beginsels sluit 'n mengsel van grondgebruik met 'n deurlopende bouvorm en klem op die voetgangeromgewing in.

Doel:

Die doel met hierdie oorlegsone is om 'n aktiwiteitsas wat deur die munisipaliteit aangewys is, te versterk en te beklemtoon ten einde:

- (a) 'n aantreklike, selfonderhoudende omgewing wat deur gemengdegebruik aktiwiteite gekenmerk word, te skep;
- (b) voetgangeraktiwiteit aan te moedig deur 'n positiewe voetganger-ondervinding te skep en die gebruik van openbare vervoer aan te moedig;
- (c) trots en vertroue deur middel van ontwerp kwaliteit te wek, en
- (d) die waarde en aantreklikheid van eiendom deur middel van kwaliteitbeheer te verbeter.

9. Oorlegsone

- (a) Die bepalinge van hierdie oorlegsone is bykomend tot daardie bepalinge wat op die onderliggende sone van die betrokke grond van toepassing is;
- (b) Die bepalinge van hierdie oorlegsone is algemeen van aard en mag met 'n mate van buigsaamheid deur die munisipaliteit beoordeel word in die toepassing daarvan op spesifieke terreine, met dien verstande dat die doelwitte van hierdie sone in ag geneem sal word.

9.1 Grondgebruikbepalinge

Die munisipaliteit mag die volgende grondgebruikbepalinge op grond in die aktiwiteitsas oorlegsone van toepassing maak:

(a) Boulyne en terugsetlyne

Die munisipaliteit mag vereis dat die eerste twee verdiepings van enige gebou regstreeks langs die straatgrens gebou word, tensy:

- (i) 'n harde gelandskapeerde plein (vir tot en met 50% van die aansig van die gebou) tussen die aansig van die gebou en die straatgrens voorsien word;
- (ii) daar bewys kan word dat die bogenoemde verhouding onredelike ongerief veroorsaak, in welke geval die munisipaliteit mag vereis dat slegs 50% van die gebou se aansig regstreeks langs die straatgrens geplaas moet word, of
- (iii) die munisipaliteit toestem tot 'n onderhandelde ontwerplossing met verskillende terugsette, voetgangerspaadjies en afdakke, wat ruimte tussen die gebou en straatgrens benodig.

(b) Straathoekverpligtinge

Enige gebou wat op 'n hoekinterseksie geleë is, moet argitektoniese kenmerke wat die belangrikheid van voetgangerbeweging beklemtoon, op die grondvloer inkorporeer. Hierdie kenmerke mag gebou-afskuinsing, bedekte deurlooparkades en ander elemente wat visuele aandag op die hoeke fokus, insluit. Hoekinterseksies sluit die hoek aanliggend tot 'n openbare straat, 'n privaatstraat, 'n oprit of voetgangerstaproeite-interseksies in.

(c) Afdakke en sonskerms

- (i) Afdakke, sonskerms, traliewerke en ander bykomende gebou-strukture wat relatief oop is en nie voetganger- of voertuigbeweging beperk nie, mag met die vooraf verkreeë toestemming van die munisipaliteit oor die straatgrens uitsteek onderworpe daaraan dat 'n oorskrydingsooreenkoms

agreement to be concluded between the municipality and the parties concerned;

- (ii) Canopies should shelter all openings of each building at the ground floor from sun and rain.

(d) Parking orientation

- (i) The municipality may prohibit large parking areas between the street boundary and the main face of the building. Parking should primarily be located to the rear of buildings;
- (ii) Vehicular entry points to parking areas shall receive special attention (for example paving thereof) where the carriageway crosses the sidewalk;
- (iii) Where parking is permitted between the street boundary and the main face of the building, the municipality may require owners and developers to plant trees and provide hard landscaping elements.

(e) Streetscape improvements

Owners or developers are encouraged to improve the streetscape in front of their buildings with paving, planters, benches, lighting and landscaping.

(f) Plaza provisions

The building may be set back from the street boundary at ground level if the area is designated as a pedestrian plaza. For land to qualify as a pedestrian plaza, the following specifications shall be incorporated into the design:

- (i) the minimum size of the plaza shall be 4m deep for the length of the entire building face which is set back from the street boundary;
- (ii) a minimum of 80% of the plaza shall be paved with a decorative paver of textured coloured concrete or brick or as the municipality may approve. Asphalt or plain concrete are considered not acceptable as plaza paving material, and
- (iii) landscaping is required in accordance with a landscape plan to be approved by the municipality.

(g) Architectural design

- (i) The building face along a public street shall have at least 50% of its ground floor surface area made from a transparent material, such as non-tinted glass, in order to allow pedestrians visual contact with the building;
- (ii) Blank solid walls or sidewalls visible from the public street should be avoided. If such walls are necessary for interior reasons, the exterior structure of the wall shall receive some form of articulation such as awnings or cornice bands;
- (iii) The facades of adjacent structures shall be considered in the design of new development to avoid clashes in architectural style and materials.

(h) Lighting

- (i) The owner or developer is encouraged to install lighting as an element in creating a safe and vibrant night-time environment;
- (ii) Exterior lighting shall be designed as part of the overall architectural theme of a building or development. Fixtures, standards and exposed accessories shall be harmonious with the building design, lighting design and characteristics of the adjacent public spaces;
- (iii) For safety, identification and convenience, all entrances of buildings, parking areas and plazas shall be well illuminated.

tussen die munisipaliteit en die betrokke partye gesluit word;

- (ii) Afdakke behoort alle openinge op die grondvloer van elke gebou van son en reën af te skerm.

(d) Parkering-oriëntasie

- (i) Die munisipaliteit mag groot parkeergebiede tussen die straatgrens en die hoofaansig van die gebou verbied. Parkering behoort primêr aan die agterkant van die gebou geplaas te word;
- (ii) Voertuigtoegangspunte tot parkeergebiede moet spesiale aandag kry (byvoorbeeld die plavei daarvan) waar die inrit die sygaardjie kruis;
- (iii) Waar parkering tussen die straatgrens en die hoofaansig van 'n gebou toegelaat word, mag die munisipaliteit van die eienaars en ontwikkelaars vereis om bome te plant en harde landskaperingselemente aan te bring.

(e) Straataansigverbeterings

Eienaars of ontwikkelaars word aangemoedig om die straataansig aan die voorkant van hul geboue met plaveisel, plantbakke, banke, beligting en landskapering, te verbeter.

(f) Pleinbepalings

'n Gebou mag op grondvlak teruggeplaas word van die straatgrens indien die gebied aangewys is as 'n voetgangerplein. Vir grond om as 'n voetgangerplein te kwalifiseer, moet die volgende spesifikasies in die ontwerp geïnkorporeer word:

- (i) die minimum-grootte van die plein moet 4m diep wees vir die volle lengte van die hele gebou-aansig wat van die straatgrens teruggeplaas is;
- (ii) 'n minimum van 80% van die plein moet geplavei word met 'n dekoratiewe plaveisteen van gekleurde beton of steentekstuur of stene soos deur die munisipaliteit goedgekeur. Asfalt of gewone beton is nie as plavei- materiaal vir 'n plein aanvaarbaar nie, en
- (iii) landskapering in ooreenstemming met 'n landskaperingsplan wat deur die munisipaliteit goedgekeur moet word, word vereis.

(g) Argitektoniese ontwerp

- (i) Ten minste 50% van die oppervlakgebied van die aansig van die grondvloer van 'n gebou langs 'n openbare straat moet van 'n deursigtige materiaal, soos ongetinte glas, wees om voetgangers toe te laat om die binnekant van die gebou te kan sien;
- (ii) Skoon soliede mure of kantmure wat van 'n openbare straat sigbaar is, behoort vermy te word. Indien sulke mure wel nodig is vir binnehuise redes, moet die buitestruktuur van die muur 'n vorm van artikulasie ontvang, soos sonskerms of kroonlidsbande;
- (iii) Die fasades van aangrensende strukture moet in die ontwerp van nuwe ontwikkeling in ag geneem word ten einde botsings in argitektoniese styl en materiale te voorkom.

(h) Beligting

- (i) Die eienaar of ontwikkelaar word aangemoedig om beligting aan te bring as 'n element om 'n veilige en aantreklike aandaggewing te skep;
- (ii) Buitenshuise beligting moet as deel van die oorhoofse argitektoniese tema van 'n gebou of ontwikkeling, ontwerp word. Vaste elemente, standaarde en blootgestelde bybehore moet in harmonie met die ontwerp van die gebou, die ontwerp van beligting en kenmerke van die naasliggende openbare ruimtes, wees;
- (iii) Vir veiligheid, identifikasie en gemak, moet alle ingange van geboue, parkeergebiede en pleine deeglik belig word.

Annexure A. 10: Airport Overlay Zone (AO)**General Policy Statement:**

Airports are an important part of the modern economy and transport system, and require large amounts of capital expenditure to construct and maintain. It is important to manage development around airports to ensure that their operations are not compromised by inappropriate development. At the same time, airports can have significant impacts on surrounding areas, and pose potential risk for development within the flight paths of aircraft. Development around airports should be compatible with airport operations, while the airport operators need to recognize and mitigate the potential impacts of their operations.

Objective:

The objective of this overlay zone is to promote the safety and general welfare of people living in the vicinity of airports by firstly, reducing human exposure to potential aircraft accidents and high noise levels generated by airport operations, and secondly, by ensuring that development and land uses are compatible with the operation of airports. Land use management in the vicinity of an existing airport should take into account future airport development so that when such development does take place, potential conflicts are minimized. This overlay zone also serves to inform potential residents that they are situated within or in the vicinity of an airport and indicates the area of potential impact and conflict.

10. Application of this Zoning Scheme

- (a) The provisions of this overlay zone are in addition to those provisions applying to the base zone of the relevant land;
- (b) These provisions do not prejudice any obligations or requirements in terms of national and provincial legislation regarding airports.

10.1 Designation of aircraft noise contours

For the purpose of land use management, the municipality may designate noise contours within the airport overlay zone:

- (a) Where noise contours have been designated by the municipality for the existing activities and projected operations for the next 15 years, it shall be depicted on a map;
- (b) Noise contours shall be supplied to the municipality by the airport owner or airport operator in accordance with national policy on aircraft noise and engine emissions;
- (c) The municipality may adjust the limits of noise contours from time to time after the airport owner or airport operator has been requested to recalculate the noise contours.

10.2 Land use provisions

The municipality may apply the following land use provisions to land in an airport overlay zone:

(a) Use of land

According to municipality opinion, uses that display the following characteristics shall not be permitted:

- (i) concentrated residential uses, work-related uses or concentration of other categories of people for long-term periods;
- (ii) uses that concentrate people who are unable to respond to emergency situations, such as children, the elderly, or ill or handicapped persons;
- (iii) uses that involve explosives, fire, toxic material, corrosive material or other material that may be hazardous to airport operations, and
- (iv) uses that pose significant hazards to aircraft, aircraft communication systems or pilot vision such as those which release emissions, direct light or indirect reflection or that create electronic interference with airport operations.

Bylae A.10: Lughawe Oorlegsone (LHOS)**Algemene beleidstelling:**

Lughawens is 'n belangrike deel van die moderne ekonomie en vervoerstelsel en vereis groot bedrae aan kapitaal-uitgawe om te bou en in stand te hou. Dit is belangrik om ontwikkeling rondom lughawens te bestuur om te verseker dat hul bedrywighede nie deur onvanpaste ontwikkeling benadeel word nie. Terselfdertyd kan lughawens 'n aansienlike impak op omliggende gebiede hê en hou dit ook potensieel gevaar in vir ontwikkeling binne die vlugstrokke van vliegtuie. Ontwikkeling rondom lughawens behoort versoekenbaar te wees met lughawebedrywighede, terwyl die lughawe-operateurs kennis moet dra van die potensieële impak van hul operasies en dit moet temper.

Doel:

Die doel met hierdie oorlegsone is om die veiligheid en algemene welstand van mense wat in die omgewing van lughawens woon, te bevorder deur eerstens, menslike blootstelling aan potensieële vliegtuigongelukke en hoë geraasvlakke veroorsaak deur lughawebedrywighede, te verminder en tweedens, deur te verseker dat ontwikkeling en grondgebruik versoekenbaar is met die bedryf van lughawens. Grondgebruikbestuur in die omgewing van 'n bestaande lughawe moet toekomstige lughawe-ontwikkeling in ag neem sodat wanneer sulke ontwikkeling wel plaasvind, potensieële konflikte beperk kan word. Hierdie oorlegsone dien ook om voornemende inwoners in te lig dat hulle binne of in die nabyheid van 'n lughawe woon en dien ook om die gebied van potensieële impak en konflik aan te dui.

10.1 Toepassing van hierdie soneringskema

- (a) Die bepalings van hierdie oorlegsone is bykomend tot die bepalings wat op die onderliggende sone van die betrokke grond van toepassing is;
- (b) Hierdie bepalings doen op geen manier afbreuk aan enige verpligtinge of vereistes in terme van nasionale en provinsiale wetgewing rakende lughawens nie.

10.2 Aanwys van vliegtuig-geraaskontoere

Vir doeleindes van grondgebruikbestuur, mag die munisipaliteit geraaskontoere binne die lughawe-oorlegsone aanwys.

- (a) Waar geraaskontoere deur die munisipaliteit aangewys is vir die bestaande bedrywighede en geprojekeerde bedrywighede oor die volgende 15 jaar, moet dit op 'n soneringskaart aangedui word;
- (b) Geraaskontoere moet deur die lughawe-eienaar of lughawe-operateur ingevolge nasionale beleid vir vliegtuiggeraas en -enjinuitlating, aan die munisipaliteit voorsien word;
- (c) Die munisipaliteit mag die perke van geraaskontoere van tyd tot tyd aanpas nadat die lughawe-eienaar of lughawe-operateur versoek is om die geraaskontoere te herbereken.

10.3 Grondgebruikbepalings

Die munisipaliteit mag die volgende grondgebruikbepalings op grond in 'n lughawe-oorlegsone toepas:

(a) Gebruik van grond

Gebruik wat volgens die mening van die munisipaliteit die volgende karaktereienskappe het, kan nie toegelaat word nie:

- (i) gekonsentreerde residensiële gebruike, arbeidsverwante gebruike of konsentrasie van ander kategorieë van mense vir langdurige tydperke;
- (ii) gebruike wat die konsentrasie van mense wat nie in staat is om op noodsituasies te reageer nie, soos kinders, bejaardes en siek of gestremde persone, tot gevolg het;
- (iii) gebruike wat verband hou met plofstowwe, brand, giftige materiaal, materiaal wat roes of ander materiaal wat gevaarlik vir lughawebedrywighede kan wees, en
- (iv) gebruike wat noemenswaardige gevaar vir vliegtuie, vliegtuigkommunikasiesistelsels of sig van die loods inhou, soos bedrywe wat gasse afgee of direkte lig, indirekte weerkaatsing of elektroniese sturing van lughawebedrywighede veroorsaak.

(b) Bird hazard considerations

In order to discourage large numbers of birds from locating in the vicinity of an airport, the municipality may require that no activities such as piggeries and fruit farming take place within a radius of 3km from an airport and no bird sanctuaries shall be established within a radius of 8km from an airport. Where these operations are permitted within these areas, the municipality may require that the airport owner implement reasonable and practical measures to ensure that the runway and flight paths are kept clear of birds.

(c) Height

In addition to the provisions of this scheme, no structure within an airport overlay zone shall be erected to a height in excess of the applicable height limit set by the South African Civil Aviation Authority.

(d) Noise mitigation

Noise control regulations for the determination of noise levels around airports are regulated in terms of the Noise Control Regulations in the Provincial Government of the Western Cape P.N. 627/1998 Noise Control Regulations, as amended, promulgated in terms of ECA. The noise control regulations refer, *inter alia*, to the standards set out in the SANS publication (10117— 1974) titled “Code of Practice for the determination and limitation of disturbances around an aerodrome due to noise from aeroplanes”. The following table identifies categories of land use that are suitable within different noise contours, and serves as a guide for land use in relation to aircraft noise in the vicinity of airports.

Noise index	Acceptable land use
“65dBA	Residential uses
“75dBA	Residential uses with acoustically insulated buildings providing at least a 20dBA reduction of noise between the inside and outside of the building
“85dBA	Industrial and associated uses
>85dBA	No development should be permitted

Where buildings can be insulated in a satisfactory manner, with a difference of at least 20dBA between the inside and the outside of the building, they may be permitted within a higher noise contour.

The noise control regulations place a general prohibition on the erection of educational, residential, hospital, church or office buildings within the “controlled area”, unless acoustic screening measures have been provided to ensure acceptable interior noise levels measured inside the building, to 40dBA. A “controlled area” is defined as an area of land designated by the local authority, in the case of aircraft noise in the vicinity of an airport, projected for a 15-year period, and exceeds 65dBA.

(e) Establishment of an airport environmental committee

- The municipality may establish an airport environmental committee in order to advise on development around the airport and to promote public awareness;
- The terms of reference for the airport environmental committee shall be determined by the municipality.

(b) Voëlgevaaroorwegings

Om die vestiging van groot getalle voëls in die omgewing van ’n lughawe te ontmoedig, mag die munisipaliteit vereis dat geen aktiwiteite soos varkboerdery en vrugteboerdery binne ’n radius van 3km van ’n lughawe plaasvind nie en dat geen voëltoevlugsoorde binne ’n radius van 8km van ’n lughawe gevestig word nie. Waar hierdie aktiwiteite wel binne hierdie gebiede toegelaat word, mag die munisipaliteit vereis dat die lughawe-eienaar redelike en praktiese maatreëls implementeer om te verseker dat die aanloopbaan en vlugroetes skoongehou word van voëls.

(c) Hoogte

Addisioneel tot die bepalings van hierdie soneringskema, mag geen struktuur in ’n lughawe-oorlegsone op ’n hoogte hoër as die toepaslike hoogtebeperking soos deur die Suid-Afrikaanse Burgerlugvaart Owerheid bepaal, opgerig word nie.

(d) Temper van geraas

Geraasbeheerregulasies vir die vasstelling van geraasvlakke rondom lughawens word in terme van die Geraasbeheerregulasies, afgekondig ingevolge NEMA, gereël. Die geraasbeheerregulasies verwys, *inter alia*, na die standaarde uiteengesit in die SANS publikasie 10117 getiteld: “Gebruikskode vir die bepaling en beperking van steurnis om ’n vliegveld as gevolg van vliegtuiggeeraas”. Die volgende tabel identifiseer kategorieë van grondgebruik wat binne verskillende geraaskontoere geskik is en dien as ’n gids vir grondgebruik in verhouding tot vliegtuiggeeraas in die nabyheid van lughawens.

Geraasindeks	Aanvaarbare grondgebruik
” 65dBA	Residensiële gebruike
” 75dBA	Residensiële gebruike met akoestiese geïsoleerde geboue wat ’n afname van ten minste 20dBA van geraas tussen die buitekant en die binnekant van die gebou tot gevolg het
” 85dBA	Industriële en geassosieerde gebruike
> 85dBA	Geen ontwikkeling behoort toegelaat te word nie

Waar geboue op ’n bevredigende wyse geïsoleer kan word met ’n verskil van ten minste 20 dBA tussen die binnekant en die buitekant van die gebou, mag dit in ’n hoër geraaskontoer toegelaat word. Die geraasbeheerregulasies plaas ’n algemene verbod op die oprigting van opvoedkundige, residensiële, hospitaal-, kerk- of kantoorgeboue binne die “beheerde gebied”, tensy akoestiese afskermingsmaatreëls getref is om aanvaarbare binneshuise geraasvlakke tot 40 dBA binne die gebou gemeet, te verseker. ’n “Beheerde gebied” word gedefinieer as ’n grondgebied toegewys deur die plaaslike owerheid, in die geval van vliegtuiggeeraas in die nabyheid van ’n lughawe, geprojekeer vir ’n 15-jaar periode, en oorskry 65 dBA.

(e) Daarstel van ’n lughawe omgewingskomitee

- Die munisipaliteit mag ’n lughawe omgewingskomitee stig ten einde die munisipaliteit te adviseer met betrekking tot ontwikkeling rondom die lughawe en om openbare bewusmaking te bevorder;
- Die verwysingsraamwerk vir die lughawe omgewingskomitee moet deur die munisipaliteit bepaal word.

SCHEDULE 2:
Map of area for the Swartland Zoning Scheme

SKEDULE 2:
Kaart van die gebied vir die Swartland Soneringskema

